



ADVANCE

GROEPMENTORSKAPGIDS

INHOUDSOPGAWE

WELKOM BY ADVANCE 5

SESSIEHANDLEIDING 11

1. WELKOM BY ADVANCE	12
2. DIE EVANGELIS SE IDENTITEIT	17
3. DIE EVANGELIS SE BOODSKAP	21
4. DIE EVANGELIS SE TAAK	26
5. DIE EVANGELIS SE KRAG	31
6. DIE EVANGELIS SE TOEWYDING	36
7. DIE EVANGELIS SE ONDERWERPING	40
8. DIE EVANGELIS SE KARAKTER	45
9. DIE EVANGELIS SE GELEENTHEID	50
10. DIE EVANGELIS SE VERBINTENIS	55
11. DIE EVANGELIS SE INSPIRASIE	61
12. WEGBREEK	66

Skrifgedeeltes uit die Holy Bible, New International Version®, NIV®, Copyright © 1973, 1978, 1984, 2011 by Biblica, Inc.™ Used by permission of Zondervan. All rights reserved worldwide. www.zondervan.com The “NIV” and “New International Version” are trademarks registered in the United States Patent and Trademark Office by Biblica, Inc.™

Geskryf deur Ben Jack

© 2019 The Message Trust

BONUSSESSIES EN HULPBRONNE **71**

BONUSSESSIE: GESPREKSEVANGELISASIE **72**

BONUSSESSIE: APOLOGETIEK **76**

BYLAE: GELOOFSLEER **79**

DIE EVANGELIE- VERHAAL **80**

**BYLAE: VOORBEELD VAN TIENMINUUT LANGE
EVANGELISASIE-PRAATJIE VIR DIE JEUG** **81**

BYLAE: EVANGELISASIE-METODES **83**

AANBEVOLE LEESWERK **84**

VERANTWOORDBAARHEIDSVRAE **86**

**WELKOM
BY ADVANCE**

ADVANCE-GROEPE BEVORDER EN ONTWIKKEL EVANGELISTE SE ROEPING DEUR HULLE TE ONDERSTEUN IN HULLE VERBINTENIS DAARTOE OM DIE EVANGELIE TE VERSPREI.

Advance het ontstaan vanuit 'n visie van evangelis Andy Hawthorne (The Message Trust, VK) om twaalf evangeliste in die bediening byeen te bring om hulle te ontwikkel en te slyp en om ander ervare evangeliste aan te moedig om dieselfde te doen – sodat diegene wat gementor word uiteindelik hulle eie groepe kan begin.

Deur die maandelikse byeenkomste ontvang diegene in 'n groep lering, slyp hulle mekaar deur besprekings en deel hulle openlik oor hulle persoonlike en geestelike lewe. Daar word gereeld tussen groepsessies nuus aan die groepslede gestuur (deur van Whatsapp of iets

soortgelyk gebruik te maak) oor geleentheid en afspraak waar hulle die evangelie kan deel en om mekaar aan te moedig met die vrugte van daardie geleentheid.

Na een jaar in 'n Advance-groep vind elke evangelis nog twaalf mense wat hulle op dieselfde wyse kan mentor. Advance sien hoe evangeliste ander evangeliste ontwikkel, wat regoor die wêreld lei tot 'n groot toename in Christene wat onbeskaamd die evangelie sal deel – hetsy vanaf 'n verhoog of deur daaglikse ontmoetings met familie, vriende en vreemdelinge.

Namate dit regoor die wêreld groei, is Advance 'n direkte reaksie op 'n behoefte aan passievolle, onbeskaamde kommunikeerders van die evangelie van Jesus Christus om toegeerus, bemoedig en ondersteun te word.

VYF BEGINSELS VAN DIE BEWEGING

Wanneer jy jou Advance-groep vorm, is daar vyf ononderhandelbare beginsels wat ter sake is.

1. GEREELDE BYEENKOMS

Maandelikse byeenkomste moet 'n dagboekprioriteit vir groeplede wees. Dit is noodsaaklik dat wanneer mense by 'n groep aansluit, hulle hul tot die byeenkomste verbind. Groepe moet aangemoedig word om hierdie sessies as onmisbaar te beskou – lede moenie toelaat dat 'n spreekbeurt of byeenkoms wat “belangriker” lyk hulle weghou nie. Niks kan belangriker wees as om seker te maak dat hulle daartoe verbind is om voorbereid te wees vir die werk wat die Here hulle geroep het om te doen nie.

2. SLYPING

'n Verbintenis om die Bybel te bestudeer vir 'n dieper kennis van die evangelie neem 'n betekenisvolle deel van elke maand se sessie in beslag, en sluit ook geleentheid in vir gesonde kritiek van mekaar se verstaan en toepassing van evangelisasie en die evangelie, hoofsaaklik deur bespreking.

3. VERANTWOORDBAARHEID

Eerlike self-evaluering via terugvoervraelyste en deling tydens groeptyd is ontwerp om te verseker dat ons verantwoordbare en heilige lewens lei terwyl ons poog om getrou te leef en die evangelie te deel. Weerbaarheid en eerlikheid in jou groep kan 'n ruk neem om te ontwikkel, maar dit moet aangemoedig word en deur die groepleier se voorbeeld gelei word.

4. KOMMUNIKASIE

Om mekaar op hoogte te hou van preekafsprake, gebedsversoeke en stories oor verlossing via e-pos en/of groep-SMS'e verseker dat groepe mekaar ondersteun as 'n gemeenskap van evangeliste. Om tussen sessies in kontak te bly, skep ook 'n groter familie dinamika in die groep.

5. VERMENIGVULDIGING

'n Verbintenis daartoe om die idee van vermenigvuldiging te ondersoek met die doel dat groeplede hulle eie groepe begin (terwyl hulle met die oorspronklike groep voortgaan) binne 12-18 maande nadat hulle aangesluit het. Nie almal wat in jou groep is, sal hulle eie groep begin nie, maar deur hierdie hulpbron te gebruik en doelbewus daarvoor te wees, sal baie van hulle dit kan en wil doen – en so verseker dat die toerus, bemagtiging en bemoediging van Christene wat tot evangelisasie verbind is, voortgaan om regoor die wêreld te groei en te versprei.

IS DIT VIR MY?

Hetsy jy geleentheid het om vanaf 'n verhoog te preek of passievol daarvoor is om diegene wat jy daaglik teëkom op interpersoonlike wyse te bereik, sal hierdie drie eenvoudige vrae jou help besluit of om by 'n Advance-groep aan te sluit (of een te begin) die ding vir jou is ...

GELOOF

Glo jy dat die evangelie niks van sy krag verloor het nie en dat dit die enigste manier is waarop 'n mens ware lewe en verlossing kan ken?

DUIDELIKHEID

Begeer jy om die evangelie met duidelikheid te kommunikeer, hetsy deur persoonlike gesprekke of deur van 'n verhoog af te preek?

UITNODIGING

Smag jy na geleentheid om 'n uitnodiging te rig om die hoop van die evangelie te ontvang en te sien hoe mense 'n ewige verhouding met Jesus betree?

As jy op hierdie vrae “Ja” kan antwoord, kan jy ander nader wat ook daarop ja antwoord en hierdie Advance-groepmentorskaphandleiding gebruik om saam die reis te begin.

DIE SESSIEHANDLEIDING

Hierdie handleiding sluit twaalf sessies in wat jou deur jou eerste jaar sal neem van saamreis as 'n Advance-groep. As jy 'n ervare evangelis is en/of hierdie tipe ding met vertroue kan lei, sal jy dalk hierdie sessies as wegspringpunt wil gebruik en by die inhoud voeg en dit aanpas om aan die behoeftes van jou groep te voldoen en jou eie ervaring in te span. As dit alles vir jou nuut is, is jy welkom om die sessies woord vir woord en instruksie vir instruksie te gebruik – julle het alles wat julle nodig het om saam as 'n groep te groei.

Die twaalf sessies is ontwerp om 'n begrip te gee van die evangelie, evangelisasie en die karakter van 'n evangelis. Die sessies is in dele verdeel wat hierdie vyf eienskappe van 'n evangelis dek, wat na die inleidende sessie (Sessie Een) begin.

KERNEIENSKAPPE VAN 'N EVANGELIS

EVANGELISTE WAT DIE BYBEL VERKONDIG: KEN DIE EVANGELIE IN DIEPTE (SESSIE TWEE, DRIE EN VIER)

Ons moet die boodskap wat ons verkondig in soveel diepte moontlik ken. Om dit te kan doen, moet ons daartoe verbind wees om God se Woord te lees en te bestudeer sodat ons verkondiging nie op ons eie idees en aannames oor die evangelie gebaseer is nie, maar op dit wat die Woord van God ons leer. Die woorde van Jesus se groot opdrag in Matteus 28 roep ons om dissipels te maak van al die nasies en die mense te leer wat Jesus ons beveel het. Ons is nie bloot geroep om evangeliste te wees nie, maar om evangeliste te wees wat die Bybel verkondig, om die waarheid te deel, eerder as opinies. Hierdie drie sessies sal kyk na die evangelie en evangelisasie in die lig van wat die Bybel ons leer oor die Vader, die Seun en die Heilige Gees..

EVANGELISTE WAT BID: HANDEL IN DIE KRAG VAN DIE GEES (SESSIE VYF EN SES)

Ons moet ons onderwerp aan die krag van die Heilige Gees vir die evangelisasietak, want dit is nie ons krag nie, maar die krag van God wat verlossing bring. Daarom verbind ons ons daartoe om biddend te leef, om die Here te vra om geleenthede te verskaf vir ons om ons geloof te deel en te sien hoe lewens as gevolg daarvan verander word. Hierdie sessies ondersoek die geestelike lewe van 'n evangelis en verskaf geleenthede om ons godsdienstige lewens te bestudeer, sowel as die direkte impak wat dit op ons evangelisasie het.

VERANTWOORDBARE CHRISTENE: LEI 'N HEILIGE LEWE (SESSIE SEWE EN AGT)

Heiligheid vorm deel van die kern van die evangelie. Om die herskeppende krag van die evangelie op 'n geloofwaardige wyse te deel, beteken om verantwoordbare lewens te lei waar ons “op die verhoog” pas by ons “van die

verhoog af”. Om mekaar aan te moedig in tye van sukses en mekaar tydens terugslae by te staan, is noodsaaklik as ons wil groei as heilige mense wat 'n heilige boodskap deel. Hierdie sessies fokus op die heiligheid van die evangelis om die behoefte aan verantwoordbaarheid en die posisie van ootmoed te bekragtig as die hoofeenskap van diegene wat Jesus dien.

TOEGEWYDE EVANGELISTE: WEES DOELBEWUS IN DIE TAAK (SESSIE NEGE EN TIEN)

Doelbewustheid is die sleutel tot evangelisasie. Ons moet bewus wees van alledaagse geleenthede om God se liefde te deel – en dit aangryp – nie net om Jesus se verhaal te deel nie, maar om ook diegene wat dit aanhoor uit te nooi na die nuwe lewe wat dit bied en hulle te help om op die pad van dissipelskap te begin. Hierdie sessies ondersoek twee hoofkriteria wat kenmerkend kan wees in die evangelistiese gawe: meer geleenthede om die evangelie daagliks met vrymoedigheid te deel en 'n bereidheid om mense na die koninkryk te nooi tydens die hoogtepunt van enige evangelisasie-geleentheid.

INSPIRERENDE EVANGELISTE: POR DIE KERK AAN OM TE GETUIG (SESSIE ELF)

Terwyl ons die evangelieboodskap deel met 'n wêreld wat dit nodig het, moet ons ook die kerk aanspoor om dieselfde te doen. Evangelisasie is elke Christen se taak, en om dus die kerk aan te moedig en aan te por om die taak te verrig, moet dus ook deel vorm van elke evangelis se taak. Hierdie sessie ondersoek die evangelis se rol as 'n bemoediger vir die kerk om Christelike getuienis sentraal te hou tot wie ons as volgelinge van Jesus is.

Die Advance-jaar sluit af met Sessie 12, wat die beste werk as 'n wegbreekgeleentheid van die een of ander aard, om jou groep ruimte te gee om na te dink oor alles wat hulle geleer het, alles wat deur God in en deur julle gedoen is en om saam vorentoe te kyk na wat voorlê.

LEI 'N GROEP

Moedig 'n groep van tot twaalf mense aan (enkelgeslaggroepe werk gewoonlik die beste vir verantwoordbaarheid) om een keer per maand bymekaar te kom vir ongeveer 2 uur. Gedurende hierdie tyd sal die groepleier die sessie fasiliteer – insluitend gebed, lering, bespreking en verantwoordbaarheid. Hierdie handleiding gee aan jou alles wat jy nodig het om vir die eerste jaar maandeliks 'n groep te lei.

UITEENSETTING VAN SESSIE

Elke sessie begin met 'n baie kort inleiding en **Die sessie in een sin.**

Die gedeelte oor die **Sessie-agtergrond** verskaf lering waarop die sessie gebou is. Jy kan dit lees voor jy 'n sessie lei, want dit sal help om jou 'n beter verstaan van die hele sessie te gee. Jy is welkom om enige van hierdie materiaal in die sessie te inkorporeer as jy daarvoor tyd het en dink dit gaan nuttig wees, maar dit is hoofsaaklik daar om jou voor te berei om die daaropvolgende lering te kan aanbied.

Van hier af kan jy elke **Sessiehandleiding** volg, van die inhoud tot die tydsberekening (in hakies aangedui langs elke deel van die sessie) so noukeurig of losweg soos jy dink nuttig is, solank die sessie se hoofpunt duidelik en akkuraat aangebied word en daar tyd gemaak word vir gebed en verantwoordbaarheid. Maar dit is 'n goeie idee om so na moontlik aan die sessiehandleiding te hou om sodoende die meeste uit die materiaal te kan put.

Elke sessie begin met tyd vir **Stories**. In die eerste paar sessies gaan die eerste paar storiesessies daaroor om mekaar te leer ken en uit te vind hoe die groep sal werk. Namate die sessies verder gaan, word meer tyd daaraan gewy om stories en terugvoer oor die vorige sessie se Toepassing met mekaar te deel.

Dan is dit tyd vir **Gebed**. Daar is geen riglyn oor hoe lank dit moet neem nie en geen regte of verkeerde manier om dit te doen nie. Julle kan as 'n groep bid of twee-twee bid vir 'n kort of 'n lang tyd.

Die hoofgedeelte, **Lering**, volg hierna en sluit Skrifverwysings, aanhalings en **Vrae** in om te bespreek. Dit is hier waar jy die

horlosie die meeste gaan moet dophou. Daar is nog besprekingstyd later aan, en dit is noodsaaklik dat jy ruimte laat vir die verantwoordbaarheidgedeelte aan die einde van die sessie. Moenie dat julle dit later moet indruk omdat julle te lank by 'n punt in die lering vasgehaak het nie! (Let ook daarop dat die tyd vir hierdie gedeelte van sessie tot sessie verskil, so maak seker jy let op die voorgestelde tydsberekening en pas daarby aan.)

Na die Lering-gedeelte is die **Bespreek-gedeelte** wat 'n paar vrae en 'n aanhaling insluit wat met die onderwerp van die sessie verband hou. Jy sal waarskynlik nie tyd hê om alles wat hier is te bespreek nie, maar ons het meer inhoud ingesluit as wat jy nodig het sodat jy kan kies en besluit wat vir jou die nuttigste is. Moenie voel asof jy deur hierdie gedeelte moet jaag om dit alles gedoen te kry nie – fokus eerder net op 'n paar elemente.

In elke sessie is daar 'n **Toepassing-gedeelte** naby die einde wat iets is wat tussen nou en die volgende sessie gedoen moet word en by die lering inpas. Jy is welkom om jou eie uit te dink – solank dit by die lering aansluit en jou groep sal help om op hierdie gebied te groei.

Hierna volg nog tyd vir **Gebed** met riglyne oor wat om na aanleiding van die sessie te bid, maar hoe jy hiermee te werk gaan en vir hoe lank, is jou keuse.

Uiteindelik eindig elke sessie met 'n tyd vir **Verantwoordbaarheid** waar self-evalueringsblaaie voltooi, gedeel en oor gebid kan word. Jy kan fotostate maak van die bladsye vanaf bladsy 69 of 'n PDF-weergawe aflaai by advancegroups.org.

As jy nog nie reeds 'n datum gereël het vir die volgende byeenkoms nie, maak seker jy doen dit voor die einde van hierdie byeenkoms. Dit sal baie makliker wees om dit persoonlik te kommunikeer as per e-pos 'n paar dae later!

OPSIONELE SESSIE-ELEMENTE

SPESIFIEKE GEBEDSFOKUS

Laat die hele groep gedurende elke sessie vir 'n paar individue bid – bid vir hulle lewens, familie, bediening en enigiets anders wat jy voorstel. Probeer om binne ongeveer elke drie

vergaderings deur die hele groep te werk, en begin van weer van voor af.

PRAKTIESE OEFENINGE

Julle wil dalk vir 'n uur uitgaan op straat en van die bespreking en gebed gebruik in persoonlike getuïenisse of die een of ander praktiese uitdrukking van evangelisasie. Die groepe is ontwerp om ons te help om vir evangelisasie voor te bereik, maar daar kan ook tyd daaraan gewy word om evangelisasie te beoefen indien julle wil. Maak seker dat julle tyd afstaan aan bespreking en terugvoer na die ervaring.

GASTE

As jy toegang het tot 'n spreker of gas wat tot die lering en besprekingstyd kan bydra en ander ervarings of iets nuut na die groep kan bring, kan jy hulle nooi om dit met jou groep te kom deel.

NUTTIGE WENKE VIR DIE LEI VAN 'N GROEP

Reël groepbyeenkomste so ver vooruit moontlik en beskou daardie datums as vas (ses maande of meer vooruit indien moontlik). Gebruik iets soos **doodle.com** as 'n nuttige middel hiervoor.

WhatsApp of 'n soortgelyke boodskaptoeepassing is perfek vir groepkommunikasie, gebedsversoeke en verlossingstories tussen die byeenkomste. As groepleier moet jy dit aan die gang probeer hou deur self soveel moontlik by te dra. Deel jou stories, vrae mense vir hulle gebedsversoeke, verskaf skakels na hulpbronne, podgooie en YouTube-video's. As jy hiermee leiding neem, sal ander jou voorbeeld volg.

Kos kan 'n wonderlike manier wees om mense bymekaar te bring en saam te bind, so jy sal dalk hierdie sessies met 'n aandete wil kombineer.

Laat jou groep reeds van vroeg af daarvoor begin dink **om hulle eie groepe te begin**, en wanneer ander moontlike groeplede te laat is om by jou groep aan te sluit, kan jy hulle in kontak plaas met die nuwe groepe wat vanuit joune ontstaan..

Ontmoet op 'n plek waar mense gemaklik sal voel om aan die bespreking deel te neem, te bid en tydens verantwoordbaarheid-tyd te deel. 'n Openbare ruimte soos 'n koffiewinkel werk fantasties vir sommige groepe, maar ander benodig meer privaatheid tydens hulle reis en daarom moet jou vergaderruimte noukeurig oorweeg word.

Boeke soos **John Stott se Basic Christianity**, **Rico Tice se Honest Evangelism** en **Ben Jack se The Simple Gospel** is kort, relevante boeke oor die onderwerp wat kan dien as "huiswerk"-leeswerk – dit kan hetsy hoofstuk vir hoofstuk elke maand gelees word of dit kan gebruik word vir groepinhoud en -besprekings nadat die sessies in hierdie handleiding afgehandel is.

SESSIE-HANDLEIDINGE

SESSIE EEN: WELKOM BY ADVANCE

Hierdie eerste groepbyeenkoms moet gebruik word as 'n geleentheid om mekaar te leer ken, die raamwerk vir die byeenkomste te bevestig en 'n dialoog te begin oor wat evangelisasie is, sowel as die vyf eienskappe van 'n evangelis.

DIE SESSIE IN EEN SIN

Deur die loop van Advance sal ons saamgroei in vyf eienskappe van evangelisasie en mekaar bemoedig en toerus terwyl ons staatmaak op die Here om ons te bemagtig vir ons taak.

SESSIE-AGTERGROND

Dit is 'n goeie plek om mense by die Advance-reeks te verwelkom en 'n bespreking oor evangelisasie te begin, maar onthou dat die roeping tot evangelisasie persoonlik is. Kyk na hoe Jesus vir Andreas en Petrus roep om Hom te volg aan die begin van die boek Markus (Markus 1:16-18). Hy roep ook die jong vissers van die strand af en vra hulle om hulle nette (hulle ambag) te los en Hom te volg, want Hy sal hulle wys hoe om vissers van mense te word. Roep die Here jou vandag met daardie selfde woorde? Tensy jy dieselfde beroep het as wat die broers gehad het wat Jesus geroep het, is dit onwaarskynlik. Jesus het Andreas en Petrus persoonlik geroep en die visvangmetafoer as aansluitingspunt gebruik.

Die Here roep elkeen van ons persoonlik om 'n evangelis te wees, deur ons passies by geleentheid te pas om sin te maak van wie die Here is. Hetsy jy 'n musikant, kunstenaar, wetenskaplike, verpleegster of eienaar van 'n sakeonderneming is ... wat ook al jou roeping of gawe is, die Here kan dit gebruik om geleentheid te skep om sy goeie nuus te verkondig.

Die doel van evangelisasie is om mense in kontak te bring met God se goeie nuus. Daarbenewens is die boodskap van evangelisasie 'n uitnodiging tot geloof in Jesus Christus – om Hom te vertrou en aan Hom gehoorsaam te wees, dat ons ons verwerping van God kan verander in 'n aanvaarding van sy Heerskappy. Wanneer ons erken dat ons vir Hom geskep is, verstaan ons wat aanbidding is en beleef ons die herskeppende krag van die Here Gees in ons lewe. Mense ontdek heelheid wanneer ons ons lewens verander in lewende uitdrukkings van aanbidding deur gehoorsaamheid, opoffering, geloof en liefde (Galasiërs 5:13-26).

In Eksodus 8:1 gee die Here vir Moses opdrag om na Farao toe te gaan en vir hom te sê: “Laat my volk trek ...” Vandag wil die Here hê dat gevangenes vrygemaak word van sonde. Nes Moses word ons gevra om uit te gaan in die wêreld in en 'n boodskap van vryheid te gaan verkondig – dat dit nie nodig is om meer slawe te wees nie, want die Here het dit vir ons moontlik gemaak om in vryheid te leef deur die krag van sy Gees (Romeine 8:2). Die doel van evangelisasie is dieselfde as wat dit vir Moses en die volk van Israel was – aanbidding.

“Laat my volk trek sodat hulle My kan gaan aanbid.”

Ons moet aanbidders wees wat getuig sodat ander ook kan begin aanbid en getuig.

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (20–30 MINUTE)

Bestee tyd daaraan om almal in die groep voor te stel en mekaar te begin leer ken. Jy kan dalk besluit om die een of ander ysbrekeraktiwiteit te doen of laat almal in die groep net basiese inligting oor hulself deel. Hierna kan jy in jou eie

styl die inleidende gedeelte op bladsy 6 aanbied of deurlees as 'n manier om te verduidelik wat die groep sal wees en hoe dit in die komende maande sal verloop. themselves.

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies – hetsy positief of uitdagend – wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (20–30 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

- Al is my lewe kosbaar, ag ek dit van geen waarde as ek nie my lewenstaak en my bediening wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaarmaak nie: Om die Goeie Nuus te verkondig dat God mense liefhet sonder dat hulle iets hoef te doen om dit te verdien.

HANDELINGE 20:24 (NLV)

Eenvoudig gestel, om “te evangeliseer” beteken om “die Goeie Nuus te verkondig”. Die goeie nuus waarna verwys word, is die evangelie van Jesus Christus: dat sondige (rebelse) menslikheid met God versoen is deur die reddende werk van Jesus. Ons kan die ewige lewe ken en 'n volmaakte verhouding met God geniet omdat Jesus die dood wat ons verdien het op Hom geneem het.

Kyk na die volgende twee definisies van evangelisasie:

- ‘Om te evangeliseer is om Jesus Christus vir sondige mense aan te bied sodat, deur die krag van die Heilige Gees, hulle hul vertroue in Hom kan begin stel.’

J. I. PACKER

- ‘Die verkondiging van die historiese, Bybelse Christus as Verlosser en Heer, met die doel om mense te oorreed om persoonlik na Hom toe te kom sodat hulle met God versoen kan word.’

BILLY GRAHAM

Vraag: Wat kan ons uit hierdie kort opsommings leer oor die taak van evangelisasie (sommige woorde is in vetdruk gedruk vir spesifieke bespreking)?

Evangelisasie behels 'n boodskap wat aangekondig word, 'n aanbieding van die verrese Jesus en 'n poging om die luisteraar te oorreed om die goeie nuus te ontvang en te aanvaar. Maar so nodig soos woorde in evangelisasie is, moet ons verder gaan as net verbale kommunikasie.

David Watson het gesê dat: “Tensy daar 'n demonstrasie van die krag van die Gees is, sal die verkondiging van die evangelie verniet wees. Dit sal nie evangelisasie wees nie.” Evangelisasie is 'n geestelike aktiwiteit wat slegs effektief is wanneer die Here in krag beweeg. As evangelisasie net daarvoor gegaan het om mense se gedagtes te verander, kon ons maar net op oorreding staatgemaak het. Maar evangelisasie gaan oor verlossing: deur ons boodskap oortuig die Gees van God, gee Hy geloof en begin Hy die verandering van harte. Evangelisasie sonder die krag van die Gees is bloot net bemarking. Daarenteen, soos Leonard Ravenhill gesê het, kan ons vol vertroue wees dat “enige metode van evangelisasie sal werk as die Here daarin is.”

Die doel van evangelisasie is om dissipels te maak – aanbidders wat in gees en waarheid aanbid (Johannes 4:23). Evangeliste moet dus ook ware aanbidders wees. Daar word gesê dat aanbidding en evangelisasie een en dieselfde ding is, en dit is waar dat ons getuienis aan die wêreld 'n daad van aanbidding is – 'n daad van gehoorsaamheid en toewyding aan die Koning.

Hierdie Advance-sessies sal jou help om as ware aanbieder te ontwikkel en in die vyf kerneienskappe van 'n evangelis te groei.

EVANGELISTE WAT DIE BYBEL VERKONDIG

Ons moet die boodskap wat ons verkondig in soveel diepte moontlik ken. Om dit te kan doen, moet ons daartoe verbind wees om God se Woord te lees en te bestudeer sodat ons verkondiging nie op ons eie idees en aannames oor die evangelie gebaseer sal wees nie, maar op dit wat die Woord van God ons leer.

EVANGELISTE WAT BID

Ons moet ons aan die krag van die Heilige Gees onderwerp vir die taak van evangelisasie, want dit is nie ons krag nie, maar die krag van God wat verlossing bring. Daarom verbind ons ons daartoe om biddend te leef, om die Here te vra om geleenthede te verskaf om ons geloof te deel en te sien hoe ons lewens gevolglik verander word.

VERANTWOORDBARE CHRISTENE

Heiligheid vorm die kern van die evangelie. Om die herskeppende krag van die evangelie op 'n egte wyse te deel, beteken om verantwoordbare lewens te lei waar ons lewens “op die verhoog” pas by ons lewens “van die verhoog af”. Om mekaar aan te moedig in tye van sukses en mekaar tydens terugslae by te staan, is noodsaaklik as ons wil groei as heilige mense wat 'n heilige boodskap dee.

TOEGEWYDE EVANGELISTE

Doelbewustheid is die sleutel tot evangelisasie. Ons moet bewus wees van alledaagse geleenthede om God se liefde te deel – en dit aangryp – nie net om Jesus se verhaal te deel nie, maar om ook diegene wat dit aanhoor uit te nooi na die nuwe lewe wat dit bied en hulle te help om op die pad van dissipelskap te begin.

INSPIRERENDE EVANGELISTE

Terwyl ons die evangeliebodskap deel met 'n wêreld wat dit nodig het, moet ons ook die kerk aanspoor om dieselfde te doen. Evangelisasie is elke Christen se taak, en om dus die kerk aan te moedig en aan te por om die taak te verrig, moet dus ook deel vorm van elke evangelis se taak.

Vraag: Dink oor hierdie vyf eienskappe na. Wat beskou jy as jou eie sterk en swak punte in elke gebied?

BESPREKING (15 MINUTE)

Ondersoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Wat is ons rol in evangelisasie en wat is God se rol in evangelisasie?

- Hoe verseker ons dat ons egte evangeliste en ware aanbidders is?
- Hoe hoop jy om in die komende maande deur hierdie Advance-groep te groei?

• 'As sondaars veroordeel is, laat hulle ten minste oor ons liggame spring tot in die hel. En as hulle sou omkom, laat hulle omkom met ons arms om hulle knieë om hulle aan te moedig om te bly. Indien die hel gevul moet word, laat dit gevul word in die aangesig van ons inspannings, en laat nie een persoon gaan wat nie gewaarsku en voor gebid is nie'

• CHARLES SPURGEON

TOEPASSING (5 MINUTE)

Kom vorendag met 'n Bybelsgesonde definisie van evangelisasie (verkieslik met verwysing na die Skrif) om volgende keer saam te bring na die groep toe vir bespreking en evaluering. Die aanbevole leesstof oor evangelisasie kan dalk help!

GEBED

Dank die Here vir sy ongelooflike evangelie. Dankie Hom daarvoor dat Hy kies om jou deel te maak van sy reddende werk in die wêreld. Bid dat Hy julle sal bemagtig om sy boodskappers te wees in gees en in waarheid. Vra Hom om julle te help om te groei in die vyf eienskappe van 'n evangelis namate julle vorder en saamgroei in hierdie Advance-groep.

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorme, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

BOODSKAPPE EN DATUMS (10 MINUTE)

Sluit hierdie eerste sessie af deur almal te vra om 'n boodskapstelsel wat vir almal in die groep werk af te laai en daarop in te teken. WhatsApp en Facebook Messenger is albei gratis en werk goed. Skep 'n groep wat julle kan gebruik om tussen sessies met mekaar te kommunikeer met nuus, gebedsversoeke, getuïenisse, ensovoorts.

Finaliseer ook datums vir soveel moontlik van die komende sessies. Ses maande vooruit is ideaal sodat almal hulle vroegtydig tot die datums kan verbind en dit 'n prioriteit kan maak.

work well. Create a group that you will use to communicate between sessions, with updates, prayer requests, testimonies and so on.

Finally, set the dates for as many of the upcoming sessions as you can. Six months in advance is ideal so that everyone can commit to the dates early and make them a diary priority.

NOTES

SESSIE TWEE: DIE EVANGELIS SE IDENTITEIT

In hierdie tweede groepsbyeenkoms sal jy die identiteit van 'n evangelis ondersoek in hoe dit verband hou met die identiteit van God self en sy evangelie-verhaal.

aan missionele betrokkenheid en evangelisasie in die wêreld nie.

Om mense na 'n plek van ware aanbidding te bring, vereis van ons om die evangelisasie aan hulle te verduidelik, en met dit in gedagte moet nie een van ons wegstroom van ons verantwoordelikheid om die goeie nuus met die wêreld te deel deur met die krag van die Gees ons geloof in Christus aan alle mense te getuig nie (Handeling 1:8). Die Bybel leer ons dat alle gelowiges geroep is om die werk van 'n evangelis te doen (Matteus 28:19; 2 Timoteus 4:5) en tog is daar diegene wat spesifiek geroep is om evangeliste te wees (Efesiërs 4:11). Vir hierdie mense is die prediking van die evangelie nie net 'n daaglikse getuigenis nie, maar die primêre fokus van ons lewens.

DIE SESSIE IN EEN SIN

Die identiteit van 'n evangelis is gewortel in die identiteit van God die Vader: ons is sy boodskapper-kinders.

SESSIE-AGTERGROND

Op die hoogtepunt van Billy Graham se bediening is baie Christen-jongmense geïnspireer om sy voorbeeld te volg en verkondigers van die goeie nuus te word. Gedurende die laaste twintig jaar was daar 'n merkbare verandering in Christen-jongmense se aspirasies. Waar die rol van 'n evangelis eens gesien is as die hoogtepunt van Christelike diens, streef Christen-jongmense deesdae eerder daarna om 'n aanbiddingsleier, jeugwerker of pastoor in 'n kerk te word.

Die kerk het beslis baat gevind by talentvolle musikante, filmmakers en ander kreatiewe kunstenaars wat hulle gewes gebruik om ander in persoonlike en korporatiewe aanbidding te fasiliteer. En die Here is gevier en verheerlik deur die pogings van hierdie getroue mense. Maar voor iemand 'n ware aanbieder kan word - 'n aanbieder in waarheid en gees (Johannes 4:23) - moes hulle al die evangelie gehoor het en daarop gereageer het (Romeine 10:14-17).

Op soortgelyke wyse is die rol van 'n pastoor of leraar noodsaaklik vir dissipelskap en moet dit nie buite rekening gelaat word nie. Maar die pastoor sal geen gemeente hê om na om te sien indien die sitplekke leeg raak weens 'n gebrek

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (20-30 MINUTE)

Bestee tyd daaraan om almal se nuus te hoor, stories en bemoediging te deel, sowel as terugvoer oor geleenthede en enigiets anders wat die groep kan bemoedig. Vra die groep om hulle Bybelse definisies van evangelisasie te deel (Sessie Een: Toepassing) en bespreek dit met mekaar. Vir kleiner groepe kan dit as 'n oefening vir die hele groep gedoen word, maar vir groter groepe wil jy dalk die groep in kleiner groepies opdeel vir die bespreking. Dit kan ook goed wees om die basiese aspekte te dek van hoe die groep werk vir indien enigiemand die eerste sessie misgeloop het.

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies - hetsy positief of uitdagend - wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (20–30 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

• 'Ek wil jou dus ernstig aanspoor voor God en voor Christus Jesus, wat die lewendes en dooies gaan oordeel wanneer Hy verskyn om sy koningsheerskappy te vestig: Verkondig die woord van God. Hou daarmee vol, of die tyd daarvoor geleë is of nie. Jy moet jou mense met geduld reghelp, aanspreek en bemoedig terwyl jy hulle geduldig onderrig. Want daar kom 'n tyd wanneer mense nie meer na gesonde onderrig sal luister nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en leermeesters soek wat net verkondig wat hulle graag wil hoor. Hulle sal die waarheid verwerp en vreemde mites navolg. Maar jy moet in elke situasie jou teenwoordigheid van gees behou. Moenie bang wees om vir die Here te ly nie. Vervul jou taak as evangelis. Voltooi die bediening wat God jou gegee het.

2 TIMOTEUS 4:1-5 (NLV)

Wat beteken dit om geroep te wees om 'n evangelis te wees? Is alle gelowiges nie geroep om die goeie nuus van Jesus Christus met die wêreld te deel nie? Jesus se groot opdrag in Matteus 28 lyk klaarblyklik na 'n algemene beroep op al sy volgelinge om in die wêreld uit te gaan en dissipels te maak. Maar dan kom ons 'n kort gedeelte in Efesiërs 4 (v. 11-12) teë wat die spesifieke rol van die evangelis uitlig langs dié van herder, leraar, profeet en apostel wat elkeen gebruik moet word om die liggaam van Christus te bou. Ons kom ook in Handeling 1:8 teë wat die titel van evangelis ontvang (Handeling 1:8). So hoe moet ons die evangelis se roeping verstaan? Is dit vir almal of net vir 'n uitgesoekte groepie?

Jy ken dalk die woorde van 2 Korintiërs 5:17 waar Paulus daarvoor praat dat ons wat aan Christus verbind is, nuwe skeppings word. Jy het sekerlik al hierdie vers gebruik wanneer julle die evangelie verkondig het. Maar ons haal nie dikwels die res van die gedeelte aan nie:

• 'Daarom – iemand wat aan Christus verbind is, is 'n nuwe skepping. Die ou dinge is verby, kyk, die nuwe is hier! Hierdie hele nuwe werklikheid kom van God af, wat ons deur

• Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening gegee het. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en nie die mense se oortredings teen hulle hou nie. Hierdie boodskap van die versoening het Hy aan ons opgedra om te gaan verkondig. Ons tree op as ambassadeurs vir Christus terwyl God deur ons 'n appèl aan julle rig. Ons smeeke julle ter wille van Christus: Kom tot versoening met God.'

2 KORINTIËRS 5:17-20 (NLV)

Die Here wil die skepping weer met Hom versoen en wil hê dat ons, sy versoende volk, ambassadeurs vir sy herskeppende boodskap moet wees. Dit is nie net 'n beroep vir "professionele" evangeliste nie, maar dit is 'n beroep op alle gelowiges. Maar hierdie ambassadeurskap kan baie verskil van individu tot individu.

Dink so daaraan: In 'n sokkerspan speel elke speler met die doel om die wedstryd te wen. Maar die doelskoppers is diegene wat die spesifieke taak het om doele aan te teken. Dit beteken nie dat ander spelers nie van tyd tot tyd kan en sal doele aanteken nie, maar die primêre doel van die doelskopper in die span is om doele aan te teken. Net so het ons as die kerk ook die doel om die herstel van die Here se volmaakte koninkryk na te jaag. Om hierdie rede het ons almal 'n rol om te speel in getuienis en evangelisasie. Maar daar is diegene wat spesifiek geroep is om van die prediking van die evangelie 'n prioriteit te maak, moontlik ten koste van ander werksaamhede. Dit is die evangeliste, soos Filippus van wie ons in Handeling 21:8 lees.

Indien sommige van die volgende stellings vir jou waar klink, dan is dit baie moontlik dat jy die roeping het om 'n evangelis te wees:

- Jy smag daarna om te sien hoe die verloreneres gered word.
- Jy voel tydig en ontydig verplig om die evangelie te verkondig.
- Jy volhard in die taak, ongeag watter teëspoed jou tref.
- Jy sal nie die integriteit kompromitteer van die boodskap wat jy deel nie, ongeag wat

jou gehoor se kriegelende ore wil hê dat jy moet sê.

- Jy is doelgerig daarmee om die verloreneres met hierdie kragtige, herskeppende, reddende boodskap van die evangelie te bereik.
- Daar is profetiese woorde oor jou uitgespreek oor die feit dat jy 'n evangelis is.
- Jy is bereid om te gaan waar ook al die evangelie jou neem.

Vraag: Bestee tyd daaraan om deur hierdie stellings te praat oor of sommige of al hierdie dinge vir jou waar is. Deel (of vra een of twee in die groep) met mekaar oor hoe julle tot die besef gekom het dat die Here jou geroep het om 'n evangelis te wees.

Daar staan in die Bybel dat die Here nie wil hê dat enigiemand moet verlore gaan nie (2 Petrus 3:9). Die evangelis voel geroep om met dieselfde hart as die Vader in die wêreld in te gaan. Ons preek nie omdat ons moet nie (vanuit 'n posisie van plig of vrees nie), maar ons preek omdat ons harte in ooreenstemming is met ons Hemelse Vader s'n. Ons identiteit word nie gevind in die feit dat ons 'n evangelis is nie, maar in die feit dat ons 'n kind van God is, wat sy erfgename geword het deur die eerste evangelie wat ons nou verkondig (Johannes 1:12).

Ongeag van ons gawe of roeping, niemand het die krag om hulself of enigiemand anders te red nie. Ons kan net die boodskappers wees, want dit is net God wat kan red. Hy nooi ons om in sy hart vir verloreneres te deel, namate ons Hom beter leer ken as ons liefdevolle Hemelse Vader en sy reddende krag aan die wêreld openbaar.

BESPREKING (20 MINUTE)

Ondersoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Is daar 'n verskil tussen persoonlike getuienis en evangelisasie?
- As daar van almal verwag word om die werk van 'n evangelis te doen, waarom is daar

dan mense wat geroep is om evangeliste te wees?

- Hoe ontwikkel ons die Vader se hart vir die verloreneres in ons?
- "“Hy wat geroep is en afgesonder is vir die werk van 'n evangelis, moet sy tyd en moeite doelgerig wy aan hierdie Godgegewe taak. Hy moenie besig gehou word met enigiets wat hom hiervan kan weghou nie. Vervolging sal hom nie sy voorneme laat verflou nie. Vervolging deur ander sal op dowe ore val. Slegs die duidelike leiding deur die Here kan veroorsaak dat hy van bediening verander.”

BILLY GRAHAM

TOEPASSING (5 MINUTE)

Ons deel nie die evangelie omdat ons "evangeliste" is nie. Ons deel die evangelie omdat ons deur die Vader se liefde herskep is en ons saam met Hom begeer dat die wêreld Hom moet ken soos ons Hom ken.

Werk gedurende die volgende maand die evangelie van Markus by jou daaglikse stiltetyd in en let op een van Markus se hoofemas – dat Jesus die Seun van God is, 'n dienaar wat gekom het om die wil van God te doen. Wanneer jy die evangelie met hierdie perspektief lees en weer lees, vra die Here om jou identiteit te bevestig in die lig van wie Hy is.

GEBED

Dank die Here, ons Hemelse Vader, dat Hy nie wil hê dat enigiemand verlore moet gaan nie en die weg verskaf het waardeur ons almal gered kan word, deur vertrou in Jesus Christus. Bestee tyd daaraan om vir mekaar te bid dat die Here groter duidelikheid sal bring oor jou roeping as evangelis, dat Hy dalk meer geleenthede kan verskaf om die evangelie te deel en dat jy meer moed sal hê wanneer jy dit doen.

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorms, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

NOTES

SESSIE DRIE DIE EVANGELIS SE BOODSKAP

In hierdie sessie ondersoek ons die boodskap van die evangelie. Wat is die evangelie? Het ons 'n voldoende verstaan van die boodskap wat ons verkondig om dit duidelik te kan kommunikeer?

dat 'n mens verstaan wie God is, wat Hy gedoen het en wat dit vir die wêreld beteken. Dit is alles saam deel van die werklikheid van wie Jesus Christus is. Maar dit is nie los of abstrakte filosofie sonder enige betekenis buite die lesingsaal of debatlokaal nie. 'n Begrip van die evangelie help ons immers om basiese vrae te benader oor ons bestaan en die identiteit van die God wat ons geskep het. Vrae soos:

DIE SESSIE IN EEN SIN

Die evangelis se boodskap is Jesus Christus
- Christus het gekom, Christus is gekruisig,
Christus het opgestaan en Christus kom weer terug.

WIE IS EK?

EAlmal vra hierdie vraag op die een of ander manier. Wat is die betekenis van die lewe? Is daar 'n doel? Wat is my identiteit? Die antwoord is dat jy 'n kind van God is wat deur Hom geskep is en vir wie Hy lief is.

SESSIE-AGTERGROND

Sint Augustinus is daarvoor bekend dat hy verklaar het: "U het ons vir Uself gemaak, O Here, en ons harte is rusteloos totdat dit rus in U."

Die evangelie neem mense van moedeloosheid, duisternis, gebrokenheid en hopeloosheid na vreugde, lig, liefde en hoop. Die evangelie neem rustelose harte na vervulling in hulle Verlosser. Maar ongelukkig lyk dit asof baie volgelingen van Jesus vandag vertrouwe verloor het in die krag van die evangelie. Daar is baie redes waarom gelowiges nie die evangelie met ander deel nie - vrees, gevoelens van ontoereikendheid en die hoop dat iemand anders dit sal doen, speel alles 'n rol. Maar in wese is hierdie redes almal in dieselfde plek gewortel - 'n gebrek aan begrip oor wat die evangelie werklik is en 'n gebrek aan vertrouwe in die krag van die evangelie.

In Romeine 1 verklaar Paulus: "Vir hierdie Goeie Nuus is ek allesbehalwe skaam". Dan gaan hy onmiddellik verder en sê: "Dit is immers God se krag wat hier aan die werk is. Dit bring verlossing vir elkeen wat glo" (Romeine 1:16, NLV). Om te verstaan dat die evangelie die krag van God het om verlossing te bring, beteken

WIE IS GOD?

Daar is soveel godsdienste in die wêreld. Selfs as God bestaan, hoe kan ons moontlik weet wie Hy is en dat ons die regte een aanbid? Die Here het Homself bekend gemaak deur die skepping, deur die Bybel, deur ervarings van Christene regoor die wêreld, en deur die persoon van Jesus Christus. Hy is die Skepper en Handhawer van lewe, die Koning van die heelal, 'n volmaakte en liefdevolle hemelse Vader wat daarna smag om 'n gebroke en rebelse mensdom terug te bring na 'n verhouding met Hom.

WIE IS JESUS CHRISTUS?

Die mees gebiedende figuur in die hele menslike geskiedenis. Daar is min historiese geleerdes wat daaraan twyfel dat Hy bestaan het, maar wie was Hy? 'n Wyse leermeester? 'n Bedrieër? 'n Mal man? Om die waarheid te sê, Hy is wie Hy sê Hy is: die Verlosser van die wêreld wat, deur sy lewe, dood en opstanding, dit vir mense moontlik gemaak het om kinders van God te word.

Alhoewel hierdie tipe vrae kan dien as 'n beginpunt vir 'n gesprek oor die evangelie, lei dit ons nie noodwendig na 'n voldoende verstaan van wat die evangelie beteken nie. Dit is eerder

verbindingspunte waarop ons 'n verhouding kan begin bou. En daarom moet ons diep in die Skrif gaan delf om te verseker dat ons deur hierdie vraag kan wys na die volledige en kragtige evangelie van Jesus Christus.

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (15-25 MINUTE)

Bestee tyd daaraan om almal se nuus te hoor, stories en bemoediging te deel, sowel as terugvoer oor geleenthede en enigiets anders wat die groep kan bemoedig. Vra die groep om te deel oor hulle reis deur die evangelie van Markus gedurende die afgelope maand (Sessie Twee: Toepassing). Gebruik hierdie tyd om die identiteit van die evangelis te ontdek en te bevestig in die lig van Jesus as die dienaar van God.

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies – hetsy positief of uitdagend – wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (25–35 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

- 'Broers en susters, toe ek destyds vir die eerste keer na julle toe gekom het, het ek nie 'n stortvloed woorde of indrukwekkende wysheid gebruik om aan julle God se groot geheim, naamlik die Goeie Nuus, te verkondig nie. Want ek het besluit om as ek by julle is, net op Jesus Christus te konsentreer en veral op sy kruisdood.'

1 KORINTIËRS 2:1-2

Paulus wys sy verbintenis tot die waarheid en die krag van Jesus se verhaal deur te verklaar: "want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde" (1933-vertaling). Dit is die

kern van die evangelie: God self het die gemors op aarde as Jesus Christus betree, 'n volmaakte lewe gelei, aan die kruis gesterf om die dood op Hom te neem wat ons verdien het en drie dae later weer opgestaan en so die vloek van die sonde eens en vir altyd verbreek. Verlossing en ware lewe word slegs gevind deur geloof in Hom. Ons deel hierdie waarheid nie net om veranderde denke teweeg te bring nie, maar om nuwe lewe te bring – 'n herskepping wat net bereik kan word deur geloof in Jesus Christus.

Vraag: 'n Groot deel van hierdie sessie sal ondersoek wat die evangelie is. Gebruik die volgende afdeling (gevind in die bylaes) om die bespreking aan die gang te sit oor wat ons glo die evangelie is.

GELOOFSLEER (BLADSY 64)

'n Sistematiese uiteensetting van die evangelie.

DIE EVANGELIEVERHAAL (BLADSY 65)

In breë word dieselfde evangelie hier met 'n meer sistematiese benadering aangebied, maar hier word meer klem geplaas op 'n narratiewe verduideliking wat meer soos 'n storie lees.

VOORBEELD VAN TIENMINUUT LANGE EVANGELISASIEPRAATJIE VIR DIE JEUG, THE4POINTS-VOORBEELD, DIE DRIE SIRKELS-VOORBEELD (BLADSY 66-67)

Hierdie voorbeelde kan gebruik word om insette te verskaf oor 'n spesifieke metode van die aanbieding van die evangelie. Kies een metode (of meer as julle tyd het) en kyk na hoe die evangelie verduidelik word. Wat werk goed en wat skiet tekort?

Frank Turek het gesê: "Dit waarmee jy kinders wen, is dit waarvoor jy hulle wen. As jy hulle met emosie wen, dan wen jy hulle vir emosie ..." As ons evangelieboodskappe afgewaterde, een-dimensionele pogings is om ons op die luisteraar se hart te beroep, kan ons dalk baie hande in die lug sien wat op die boodskap "reageer", maar waarop het hulle werklik gereageer?

Die evangelieboodskap bring 'n paar baie uitdagende idees. Dit beskryf ons almal as "sondaars" en beweer dat ons gebroke wesens

is wat die dood verdien. Die goeie nuus van die evangelie is so goed, want dit in die lig van 'n menslike toestand wat so sleg is.

Ons konsep van hoe liefdevol en genadig God is, sal berus op hoe 'n groot probleem ons dink ons sonde is. Mense worstel met die idee van 'n God wat ons oordeel vir ons sonde en die gedagte aan 'n liefdevolle God wat mense hel toe kan stuur. Dit is maklik om in die versoeking te kom om hierdie aspekte van die evangelie as onbelangrik af te maak of dit heeltemal te ignoreer, maar dit sal nie deug nie. Die evangelis het 'n verantwoordelikheid om die probleem van sonde uiteen te sit sodat die krag van die kruis en die hoop van die opstanding verstaan word vir wat dit werklik is – die onverdiende genade van God wat Hy liefdevol vir sy kinders gee en die enigste hoop vir die mensdom is.

Sonde is 'n groot probleem wat opgelos word deur 'n groter God. Deur die een af te water, water dit ook ons persepsie van die ander, en daarom moet ons ons aan die waarheid verbind, ongeag hoe uitdagend dit mag wees.

Nog 'n area wat maklik misgekyk kan word, is die idee dat ons die eie ek moet prysgee, ons kruis op ons skouers moet neem, en agter Hom aan moet kom met alles wat ons het (Matteus 16:24). Hierdie uitnodiging na 'n lewe wat deur opoffering gekenmerk word, word dikwels geringgeag ten gunste van 'n "God wat jou sal bly maak"-boodskap. Matt Chandler stel dit soos volg:

- 'Die geestelike krag in die evangelie word ons geweier wanneer ons die evangelie vergroot of aanpas na hoegenaamd geen evangelie nie. Wanneer ons twyfel dat die boodskap alleen die krag van God vir is, begin ons daar byvoeg of wegneem en vertrou ons op ons eie krag van oorreding of aanbieding.'

Ons moet die volle evangelie duidelik aanbied, want 'n ontoereikende evangelie sal lei tot ontoereikende Christene.

Om daaglikse Bybelstudie 'n prioriteit te maak, is noodsaaklik vir elke gelowige, maar veral vir diegene wat op 'n gereelde basis die Bybel se waarheid verkondig. Hoe kan ons beweer dat die Skrif aan ons openbaar is as ons dit nie toelaat om ons lewens op 'n daaglikse basis te voed nie? Ons is nie net geroep om evangeliste

te wees nie, maar evangeliste wat die Bybel verkondig.

BESPREKING (20 MINUTE)

Ondersoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Hoe sal jy jou eie verstaan van die waarheid van die evangelie verstaan?
- Wat is die uitdagings daaraan om die evangelie vandag goed te kan verduidelik?
- Hoe kan ons aansluitingspunte met kontemporêre luisteraars skep?
- Wat beteken dit werklik om 'n evangelis te wees wat "die Bybel verkondig"?

- 'Die evangelie is die lewensbloed van Christenskap en dit verskaf die basis om die kultuur teen te werk. Want wanneer ons waarlik die evangelie glo, begin ons besef dat die evangelie nie net Christene noop om maatskaplike kwessies in die kultuur rondom ons te konfronteer nie. Die evangelie skep konfrontasie met die kultuur rondom ons – en in ons.'

DAVID PLATT

TOEPASSING (5 MINUTE)

Moedig elke lid van die groep aan om 'n daaglikse leesplan te begin of voort te sit deur die YouVersion-toepassing of ander Bybelleesnotas te gebruik. Ons verbintenis tot die Skrif is noodsaaklik as ons as volgelinge van Jesus wil groei en die evangelie te diepste wil verstaan sodat ons dit op eenvoudige wyse kan deel.

Gebruik die materiaal oor die evangelie in hierdie boekie en jou Bybel en skep 'n kortlikse verduideliking (3-5 punte) van die evangelie met ondersteunende Bybelverse wat jy met die groep kan deel. Dit sal volgende keer geëvalueer word gebaseer op die teologie en vir hulle effektiwiteit as 'n stuk kommunikasie.

GEBED

Dank die Here dat Hy gekom het en 'n volmaakte lewe gelei het, dat Hy ons plek op die kruis geneem het en dat, deur sy opstanding, ons elkeen in die nuwe lewe kan deel. Vra Hom om jou te help om op Hom te vertrou en in sy liefde te groei. Vra Hom om jou te help om sy Woord beter te verstaan, om sy evangelie op 'n dieper vlak te kan ken en om dit op eenvoudige en getroue wyse met diegene rondom jou kan deel. Dank Hom vir die geleenthede wat Hy jou gee, en bid dat jy toegerus sal word om getrou te wees aan daardie geleenthede terwyl jy tyd deurbring in sy Woord en in sy teenwoordigheid.

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorms, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

NOTES

SESSIE VIER

DIE EVANGELIS SE TAAK

Hoe belangrik is prediking vir 'n evangelis? Hierdie sessie is 'n geleentheid om die tema op Bybelse wyse te ontdek en mekaar aan te moedig om ons kommunikasie- en preekvaardighede te ontwikkel en te verskerp in algehele onderwerping aan die Heilige Gees se krag vir die taak.

DIE SESSIE IN EEN SIN

Die taak van die evangelis is om die evangelie bekend te maak soos openbaar deur God se heilige Woord deur die krag van die Gees.

SESSIE-AGTERGROND

Volgens oorlewering het Sint Francis van Assisi een keer gesê:

- 'Verkondig te alle tye die evangelie en, indien nodig, gebruik woorde.'

Dit is 'n gewilde aanhaling om te illustreer hoe belangrik dit is om 'n lewe te lei wat gekenmerk word deur die evangelie. Daar is egter twee probleme hier. Eerstens is daar geen ware getuïenis dat Sint Francis van Assisi dit enigsins gesê het nie – hy het dit altans nooit neergeskryf nie.

Tweedens, en belangriker nog, dra dit eenvoudig nie water as stelling nie. Alhoewel dit reg is dat ons lewens die goeie nuus oor God se koninkryk moet demonstreer op dieselfde manier as ons woorde, is die verkondiging van die evangelie per definisie 'n woordgebaseerde proses. Die sin kan soos volg beter verwoord word:

- 'Verkondig te alle tye die evangelie, en omdat dit nodig is, gebruik woorde.'

Voorwaar, die woorde “preek” en “verkondig” is onlosmaakbaar gekoppel aan die gesproke woord – dit is verbale verklarings. Alles in ag genome kan jy dalk 'n volmaakte “evangelie”-lewe lei, maar as jy nooit uitdrukking gee aan die hoop wat jy in Jesus het nie, hoe sal die wêreld dan weet wat die rede is dat jy jou lewe so leef?

- 'Om stil te bly en ander ons handeling te laat interpreteer, is verkeerd; die Here self het nie dit gedoen nie. Die draaipunte van God se verlossende optrede in die geskiedenis word vergesel van verbale openbaring.'

• WILL METZGER

Prediking was noodsaaklik vir die verkondiging van die evangelie soos opgeteken in die Nuwe Testament (Handelinge 2:14), tog is daar vandag sommige mense wat glo dat prediking oudmodies is en nie meer die beste manier is om die evangelie aan die wêreld te verkondig nie. Ons wil tog sekerlik kreatief wees in ons prediking en innemend in ons kommunikasie (dalk ander vorme van kommunikasie ondersoek, soos om films te maak of lirieke te skryf), maar die Bybel noop ons om prediking te beskou as 'n sentrale element in die taak om die evangelie te verkondig (1 Korintiërs 1:12; 2 Timoteus 4:1-2).

Vir 'n evangelis staan die verkondiging van die evangelie sentraal tot die taak waarvoor hulle geroep is. Hierdie prediking moet sowel die goeie nuus van Jesus Christus op so 'n wyse verkondig dat die luisteraars dit kan verstaan en ook aan hulle 'n uitnodiging rig om te reageer op wat hulle gehoor het deur te kies om Christus te volg (Markus 1:17; Lukas 9:23). Maar woorde alleen sal nie deug nie. Woorde wat geuiter word deur 'n lewe wat nie aan Christus onderwerp is nie, sal leeg en skynheilig klink, en woorde wat geskei is van die krag van God se Gees, sal nie enige krag hê om redding te bring nie.

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (10–20 MINUTE)

Bestee tyd daaraan om almal se nuus te hoor, stories en bemoediging te deel, sowel as terugvoer oor geleenthede en enigiets anders wat die groep kan bemoedig. Vra een of twee vrywilligers om hulle aanbieding van die evangelie te deel (Sessie Drie: Toepassing) en verskaf terugvoer. Moenie vergeet om positief te wees nie!

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies – hetsy positief of uitdagend – wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (20–30 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

- 'Want as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy verlos word ... Want “elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal verlos word”. Maar hoe sal hulle Hom aanroep as hulle nie in Hom glo nie? En hoe sal hulle in Hom glo as hulle nog nooit van Hom gehoor het nie? En hoe sal hulle van Hom hoor sonder dat daar iemand is wat die boodskap bring? En hoe sal hulle die boodskap bring as hulle nie gestuur word nie? Daarom sê die Skrif: “Hoe lieflik klink die voetstappe van hulle wat die Goeie Boodskap bring!”

• ROMEINE 10:9, 13-15 (NLV)

Daar word dikwels in die Bybel na verkondiging verwys – Tim Keller identifiseer ten minste 33 verskillende Griekse woorde wat ons gewoonlik vertaal as “preek” of “verkondig”. In hierdie gedeelte in Romeine sien ons dat Paulus die woord gebruik met verwysing na die deel van die goeie nuus. Vir Paulus is prediking geweldig belangrik en hy sê vir Timoteus dat prediking 'n prioriteit moet wees (2 Timoteus

4:1-2). Ons sien die Pinkster as 'n voorbeeld van hoe die Here kies om prediking te gebruik – duisende is gered, nie net deur die teëkom van bonatuurlike tekens en wonders (tonge van vuur, praat in ander tale) nie, maar deur Petrus se Geesvervulde prediking te hoor.

Maar prediking is vandag 'n uitdaging, en daar is baie mense wat nie glo dat die prediking van die evangelie die beste manier is waardeur die wêreld die goeie nuus kan ontvang nie. Persoonlike deling, vriendskapsevangelisasie en maatskaplike-aksieprojekte het gewilde maniere geword om geloof te deel op wat lyk na 'n minder konfronterende manier. Maar ons kan nie ontken dat daar krag in prediking is nie, en die Griekse woorde waarvan “evangelisasie” afgelei is, beteken om die goeie nuus te verkondig – 'n inherent verbale aktiwiteit. As ons nooit 'n verduideliking verskaf vir die manier waarop ons leef of die hoop wat ons het nie, hoe sal enigiemand ooit die waarheid oor Jesus ken (1 Petrus 3:15)?

Vraag: As ons weet dat prediking belangrik is vir die evangelis se taak, hoe verseker ons dat die boodskap van die evangelie duidelik genoeg gekommunikeer word vir luisteraars om dit te verstaan en 'n geleentheid te hê om betekenisvol te reageer op wat hulle gehoor het?

This is why an evangelist must spend time in preparation. If we only rely on the same old gospel talk every time we get up to preach we are likely to become stale and lazy preachers. First and foremost, we should approach our preparation prayerfully, asking God to speak through us by his Spirit and give us the words to say. We should also be preparing talks that take into consideration the audiences who will hear them.

Vraag: Kyk na die volgende ses wenke vir die verkondiging van die evangelie en dink aan voorbeelde in jou eie bediening wat kan help om hierdie idees in fokus te bring.

Ons moet soos volg preek:

- **Eenvoudig:** Duidelikheid is noodsaaklik in goeie kommunikasie. Om op eenvoudige wyse te verduidelik, moet ons eers ons boodskap in diepte verstaan.
- **Moedig:** Ons moet preek met oortuiging en met vertroue in die waarheid van ons boodskap.
- **Deur die Gees:** Vir dooie harte om ons boodskap te ontvang en lewe te kry, moet die Gees van God werk – daarom moet ons prediking onderwerp wees aan die Gees se krag vir die taak.
- **Op unieke wyse:** Christus moet aangebied word as uniek bo alle ander, en sentraal bly in ons prediking.
- **Liefdevol:** Ons wen nie mense vir ons eie idees en wysheid nie, maar vir die besondere werklikheid van Jesus Christus. Ons moet met nederigheid preek en respek betoon aan die Een oor wie ons deel (God) en met medelye vir dié met wie ons deel (sy kinders).
- **Persoonlik:** Ons demonstreer die waarheid van die evangelie deur te deel oor die impak daarvan in ons eie lewens, deur brûe te bou na die luisteraar en hulle omstandighede.

So nuttig soos hierdie praktiese wenke kan wees, is dit belangrik om te onthou dat geen hoeveelheid knap verwoording iemand na die koninkryk van God sal bring nie:

• ‘Dit is een ding om die tegniek en meganika van prediking te verstaan, maar dit iets anders om ’n preek te preek wat die sluier sal wegtrek en die versperrings sal wegneem wat die aangesig van God versteek.’

• **DAVID WATSON**

Ons prediking moet ’n plek maak vir die Heilige Gees om in krag te beweeg. Alhoewel dit belangrik is om noukeurig na te dink oor hoe ons die evangelie kommunikeer, soek ons uiteindelik na God om ons gesproke woorde te neem en die wonder van nuwe lewe voort te bring. In die vorige sessie het ons gekyk na Paulus se verbintenis daartoe in 1 Korintiërs 2 om die Jesus-verhaal te ken en te verkondig. In die volgende verse gaan Paulus voort om sy verbintenis te deel deur die Jesus-verhaal te

verkondig in die krag van die Gees sodat nuwe geloof op God kan berus, eerder as op menslike redenering:

• ‘Ek het na julle gekom in swakheid – angstig en vol huiwering. My boodskap en my prediking was bitter eenvoudig. Ek het julle nie probeer oorreed deur geleerde welsprekendheid nie, maar deur die Heilige Gees wat kragtig onder julle gewerk het. Dit het ek gedoen sodat julle geloof nie sou berus op menslike geleerdheid nie, maar op die krag van God.’

• **1 KORINTIËRS 2:3-5 (NLV)**

Ons smag daarna om die Here te aanbid in gees en in waarheid (Johannes 4:23) en ons evangelisasie moet ook so wees. Ons verklaar sy waarheid in die krag van die Gees as aanbidders wat getuig van die Een wat ons aanbid sodat ander Hom ook kan begin aanbid.

BESPREKING (20 MINUTE)

Ondersoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking.

- Is prediking vandag nog relevant?
- Hoe kan ons wakker bly as predikers van die evangelie aan ’n diverse wêreld in nood?
- Wat is jou sterk punte en swak punte as ’n prediker/kommunikeerder?
- Hoe berei jy voor om die evangelie aan te bied?

• ‘Die verskil tussen goeie prediking en uitstekende prediking lê hoofsaaklik in die werk van die Heilige Gees ... Ons moet die werk doen wat dit verg om ons kommunikasie goed te maak en dit aan die Here oorlaat hoe en hoe dikwels Hy dit uitstekend maak vir die luisteraar.’

• **TIM KELLER**

TOEPASSING (5 MINUTE)

Vind ’n geskikte YouTube-video van ’n evangelie-prediker wat julle kan evalueer, sowel ten opsigte van styl en inhoud. Vra die groep om

die video tussen sessies te kyk, aantekeninge te maak en gereed te wees om dit volgende keer te bespreek.

GEBED

Bid saam tot die Heilige Gees om deur julle nederige offer van kommunikasie te werk. Dank die Here dat Hy gekies het om julle ’n mondstuk te maak vir sy boodskap en vra Hom om julle te help om die evangelie op egte wyse uit te leef sodat die woorde uit julle monde nie los sal wees van die toestand van julle harte nie. Bid vir diegene wat julle prediking sal hoor – dat die Here hulle harte sal voorberei en hulle sal neem na ’n plek van openbaring vanwaar hulle kan kies om op Hom te vertrou.

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorme, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

NOTES

SESSIE VYF: DIE EVANGELIS SE KRAG

As evangeliste smag ons daarna om te sien hoe harte wat geestelik dood is nuwe lewe kry. Hierdie sessie ondersoek wat dit beteken om geestelik-bemagtig te wees deur gebed en ons te lei na 'n egte herlewing in ons eie harte wat ons weer aan die wêreld kan bied.

Op dieselfde wyse is die evangelie van Jesus 'n geleentheid om op nederige wyse heerskappy oor ons eie lewens op te gee, ons aan Christus te onderwerp en Hom toe te laat om genesing en nuwe lewe te bring. Ons beweeg van rebellie (ons sonde) na openbaring (van God se waarheid) na inkeer (geloof in God) na herlewing (herskepping wat vir ander herskepping bied).

DIE SESSIE IN EEN SIN

.....
Gebed is die kern van evangelisasie en dit plaas die krag waar die krag hoort – nie in menslike pogings nie, maar in die hande van God.

Die woord “terugdraai” wat in 2 Kronieke gebruik word, is dieselfde woord wat ons in die Nuwe Testament vertaal as “bely”. Jesus het sy preekbediening begin met 'n beroep om presies dit te doen (Markus 1:15). Die Israeliete se probleem in hierdie verhaal is dieselfde as ons eie probleme vandag – ons wend ons te dikwels tot ander gode (insluitend onself) in 'n poging om ons eie lot te beheer. Hierdie ongehoorsaamheid kan net lei tot die dood, tot gebrokenheid en tot chaos. Die Here het ons geroep om terug te draai na Hom vanaf die oomblik wat ons weggedraai het. Die evangelie wys dat ten spyte van ons rebellie, ons hoop gevind word in die genade van God en ons nederige reaksie op Hom.

SESSIE-AGTERGROND

.....
Die Presbiteriaanse predikant en sendeling Arthur Tappan Pierson het hierdie treffende stelling gemaak: “Daar was nog nooit 'n geestelike ontwaking in enige land of ligging wat nie met gebed in eensgesindheid begin het nie.”

Om by 'n regter te pleit, behels gewoonlik 'n pleidooi van onskuld in die hoop om vrygespreek te word, maar hier word daar vir ons gesê om neer te buig voor die ewige regter en ons skuld te erken – dit is eers dan wat ons vergewe kan word. Geregtheid vereis straf vir ons sonde in die lig van die skokkende realiteit van ons rebellie teen 'n heilige koning, maar in plaas daarvan vergewe die Here ons via die perfekte geregtigheid van die kruis. In plaas van dood, word daar vir ons genesing, herstel en lewe aangebied. Die Here gee nuwe lewe aan die nederiges.

Ons sal sukkel om 'n voorbeeld te vind wat hierdie stelling weerspreek. Dit beskryf God se mandaat aan sy volk deur die Skrif en die belofte van wat sal volg. Om net een voorbeeld te noem, tydens Salomo se heerskappy praat God met die rebelse Israeliete en gee aan hulle hoop in die aangesig van hulle chaotiese ongehoorsaamheid en die onvermydelike rampspoedige gevolge wat daarop volg:

.....
“... en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bese weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.”

.....
2 KRONIEKE 7:14 (1933-VERTALING)

Nog 'n voorbeeld van die krag van gebed en eenheid (met God en met mekaar) vir herlewing word aangetref in die verhaal van Job. Die keerpunt vir Job is nie wanneer hy 'n swaar perspektiefkontroliering van die Here kry nie, maar wanneer hy gehoorsaam bid vir die vriende wat deel was van die

probleem wat in die eerste plek sy perspektief deurmekaargekrap het. Op hierdie punt in die verhaal, kyk Job weg van sy eie omstandighede en bid hy goedgunstiglik vir ander (wat hom te na gekom het) en word hy herstel.

Herlewing begin met een persoon wat gehoorsaamheid aan hulle Hemelse Vader kies en hulle trou verklaar aan die koninkryk van vrede. Daar is net een persoon nodig om in woord en daad te verklaar dat Jesus die Here is en op die Heilige Gees staat te maak om hulle te bekragtig om wedergebore te word. Deur die genade van God begin herlewing by ons – en deur daardie selfde genade kan herlewing op enige plek te voorskyn kom waar 'n eens rebelse volk in nederigheid kan verenig om hulle op die krag van die Here te beroep om genesing vir die land te bring.

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (20–30 MINUTE)

TBestee tyd daaraan om almal se nuus te hoor, stories en bemoediging te deel, sowel as terugvoer oor geleenthede en enigiets anders wat die groep kan bemoedig. Gebruik hierdie tyd om te gesels oor die video met die preekvoorbeeld (Sessie Vier: Toepassing)? Wat het mense nuttig gevind of nie nuttig gevind nie? Wat het ons uit hierdie voorbeeld geleer wat ons sal help om te groei as verkondigers van die goeie nuus? Moenie te krities wees of net opmerkings maak oor of julle van die preekstyl hou of nie hou nie, maar delf dieper in die inhoud: was dit 'n suksesvolle verduideliking van die evangelie? Is die boodskap op gepaste wyse aan die vergaderde gehoor gekommunikeer?

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies – hetsy positief of uitdagend – wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (20–30 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir

woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

- Eerstens spoor ek jou aan om vir alle
- mense te bid met smeking, voorbidding
- en danksegging. Bid só vir konings en alle
- ander in gesagsposisies sodat ons in vrede
- en rustigheid, toewyding en eerbaarheid
- kan lewe. So is dit goed en aanneemlik vir
- God, ons Verlosser, want Hy wil dat almal
- verlos word en die waarheid verstaan'

1 TIMOTEUS 2:1–4 (NLV)

In sy eerste brief aan Timoteus gee Paulus vir sy protégé duidelike instruksies vir die aanbiddingslewe van die kerk in Efese. Paulus sê vir hom dat hulle gebed en voorbidding vir alle mense 'n prioriteit moet maak, want dit behaag die Here. Dit behaag die Here, want Hy wil hê alle mense moet die vrede van sy koninkryk ken. Gebed is die manier waardeur ons God aanroep om te doen wat net Hy kan doen – om vrede te bring in die chaos en lewe te bring vanuit die dood.

Gebed is die kern van evangelisasie en dit plaas die krag waar dit hoort – nie in menslike pogings nie, maar in die hande van God.

Edmund P. Clowney het geskryf:

- 'Die Bybel is God se Woord; dit is sy verhaal
- van sy werk om rebelse mans en vroue weer
- terug te bring na Hom toe. Dit vertel, nie
- van mense wat soek na 'n verlore God nie,
- maar van God wat soek na verlore mense.
- Die Bybel handel nie oor die kuns van gebed
- nie; dit handel oor die God van gebed,
- die God wat roep voor ons antwoord en
- antwoord voor ons roep (Jesaja 65:24)."

Benjamin Franklin, grondlegger van die Verenigde State het een keer gesê: "Deur daarin te faal om voor te berei, berei ons voor om te faal". Ons moet ons harte voorberei vir evangelisasie deur biddende gehoorsaamheid aan en smeking tot God. Ons kan die stelling herbewoord as:

- 'Deur daarin te faal om biddend voor te
- berei vir evangelisasie, berei ons voor om in
- evangelisasie te faal.'

Selfs met getroue gebed en 'n geestelik-bemagtigde evangelieboodskap, kan mense

steeds kies om die evangelie te verwerp. Maar die krag van verlossing behoort slegs aan die Here en ons kan op die Here vertrou om deur ons gebede te werk, selfs wanneer ons nie altyd die uitslag sien waarvoor ons op die oomblik hoop nie (Efesiërs 6:18–20). Die uitslag van ons evangelisasie lê in die hande van die een wat ons boodskap en vir God self hoor. Daarom word ons suksesse en mislukings in evangelisasie nie gemeet deur hoeveel mense gered word nie, maar deur ons gehoorsaamheid om te doen wat die Here van ons vra – om te bid en te verkondig.

Ons primêre motivering om te bid is dat die Here ons die opdrag gee om dit te doen. Maar hierdie motivering behoort te groei vanuit die Here se eenvoudige opdrag namate ons groei in ons verhouding met ons Hemelse Vader, dat ons liefdevol daarna sal verlang om Hom te verheerlik en te soek vir ons goedheid en seëninge vir ons eie lewens en vir diegene vir wie ons bid. Ons ontdek meer van die Here se wil namate ons Hom beter leer ken. Hoe meer ons bid, hoe beter leer ons die Here ken. Hoe beter ons Hom ken, hoe meer begeer ons om te bid sodat sy wil op aarde gedoen kan word soos in die hemel.

Wat is die toestand van ons gebedslewe? Vir sommige mense kom gebed natuurlik. Vir ander verg dit moeite. Predikers moet hulself hierdie vraag afvra om self-evaluering te doen: "Is dit vir my makliker om te preek of te bid?" Hoe dikwels sal jy gretig langer aanhou preek as jou toegewese preektyd, en hoe dikwels hou jy langer aanhou bid as jou gereelde stiltetyd?

As ons effektiewe, Bybelse evangeliste wil wees, moet ons biddende mense wees – of dit nou natuurlik kom of nie. Die lengte van ons gebede maak nie saak nie, maar die opregtheid daarvan maak wel saak. Wanneer ons voortgaan om opreg by die Here te pleit vir sy herskeppende werk in ons lewens en in ander se lewens, vind ons dat ons kapasiteit sal toeneem om meer tyd in sy teenwoordigheid deur te bring en hierdie tyd sal Hom eer bring, sal goed wees vir ons en sal 'n seëning wees vir ander.

Vraag: Die Westminster Korter Kategismus beskryf gebed as "'n opoffering van ons begeertes aan God, vir dinge wat welgevallig is vir sy wil, in die naam van Christus, met belydenis van

ons sondes en dankbare erkenning van sy genade." Hoe vorm hierdie beskrywing jou begrip van gebed, spesifiek in verhouding tot evangelisasie?

Buiten om aan te bied om as deel van ons evangelisasie vir ander te bid, kan ons gebed op drie maniere verstaan en toepas wanneer dit daarby kom ons onself voor te berei om die evangelie te deel:

- Eerstens, as die manier waarop ons, as evangeliste, kan groei in volwassenheid as 'n kind van God en as gehoorsame dissipels van Jesus Christus.
- Tweedens, as die manier waardeur God se krag geleenthede kan bring om deur ons te getuig en te werk en ons evangelisasie te verander van blote bemerking van die Christelike geloof na om harte te beweeg van dood na lewe (Kolossense 4:2–6).
- Derdens, as die manier waarop ons toegerus kan word met die geestelike wapenrusting om ons te beskerm teen die aanvalle van die vyand wanneer ons na die gevegsfront van die geestelike stryd gaan (Efesiërs 6:18)

Net soos Paulus met Timoteus gedoen het, laat ons mekaar aanspoor en aanmoedig om vir alle mense te bid en dat dit die Here sal behaag as ons ons aan sy krag onderwerp in die hoop dat die wêreld sy reddende genade sal leer ken en hulle daaraan onderwerp.

BESPREKING (10 MINUTE)

Ondersoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Watter gebedsgewoontes en -dissiplines het jy voor jy die evangelie verkondig of deelneem aan 'n spesifieke geleentheid waar jy kan getuig?
- Gebruik jy gebed binne jou evangelisasietaak? Indien wel, hoe?
- Hoe verstaan en hanteer jy die kwessie van "onbeantwoorde gebed" en sal jy iemand kan help om hierdie idee te verstaan as jy daaroor uitgevra word terwyl jy jou geloof met hulle deel?

- 'Die komende herlewing moet begin met
- 'n groot gebedsherlewing. Dit is in die
- binnekamer, met die deur toe, wat die geluid
- van oorvloed en van reën eerste gehoor sal
- word. 'n Toename in geheime gebed onder
- predikers sal vir seker die aankondiger van
- seën wees'

• **ANDREW MURRAY**

GEBED (20-30 MINUTE)

Bestee gedurende hierdie sessie ekstra tyd aan gebed en bid op drie verskillende maniere.

Bring saam tyd in gebed deur. Bid dat die Here julle sal help om nederige mense te wees wat daagliks groei in julle verhouding met Hom.

Bestee tyd daaraan om te bid vir julle gemeenskap, dorp of stad. Bid dat die verloreneres gered sal word en vra die Here om genesing te bring in ons land. (In die breë: Here, gee my geleenthede waar ek vandag kan deel; Here, roer vandag harte tot lewe).

Bestee tyd daaraan om vir jouself te bid. Bid dat jy toegerus sal word met die volle wapenrusting van God wanneer jy uitbeweeg na die gevegsfront..

TOEPASSING (5 MINUTE)

Maak 'n lys van ten minste vyf vriende, familieede, kollegas of selfs vreemdelinge waarvan jy bewus is wat nog nie Jesus as Here ken nie. Hou dit op jou foon, in jou beursie, in jou Bybel of iewers waar jy maklik toegang daartoe het en waar jy dit elke dag sal sien. Bid elke dag getrou vir hierdie mense en vra die Here om hulle te laat herleef en hulle vertrou in Hom te stel.

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorms, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

NOTES

SESSIE SES: DIE EVANGELIS SE TOEWYDING

As evangeliste moet ons verseker dat ons lewe “op die verhoog” ooreenstem met die lewe “van die verhoog af”. Hoe behou ons egtheid in ons lewens en ons evangelisasie? Deur voort te bou op ons ondersoek van gebed in die vorige sessie, ondersoek ons hier die noodsaaklikheid van ’n ten volle toegewyde lewe in ons Christelike wandel en ons evangelisasie.

DIE SESSIE IN EEN SIN

Toewyding neem ons na ’n plek van heiligheid terwyl ons tyd deurbring saam met ons heilige, Hemelse Vader, wat ons dan voorberei om effektiewe ambassadeurs van die koninkryk te wees wat ’n boodskap van hoop op ons lippe dra waarvan die egtheid gewys word deur die herskepping van ons harte.

SESSIE-AGTERGROND

Op pad terug van hulle jaarlikse pelgrimstog na Jerusalem vir die Pasgafees het Josef en Maria agtergekom dat Jesus weg is. Na drie dae is hulle uiteindelik met hulle seun herenig toe hulle hom aangetref het saam met die leermeesters in die tempeldistrik. Jesus het tussen die wyse leermeesters gesit, besig om van hulle te leer, maar het ook bygedra en hulle verbaas met sy merkwaardige begrip van die Skrif op slegs twaalfjarige ouderdom. Toe Maria vir Jesus gevra het waarom Hy sy ouers hulle laat bekommer het deur af te dwaal, het dit gelyk of haar vraag Hom verwar het.

Jesus was verward, want ’n mens kan net verlore of vermis wees as diegene wat jou probeer vind nie weet waar jy is nie. Maar hoe kon hulle dan nie geweet het dat Hy in sy Vader se huis sou wees nie? Dit is die natuurlike plek vir Hom om te wees. Dit is soos om oral buiten

by die Withuis te soek wanneer ’n mens na die Amerikaanse president soek, en dan verbaas te wees as jy hom aantref agter sy lessenaar in die Ovaalkantoor en hom dan vererg te vra: “Waar was jy?”

Lukas vertel dat die spesifieke taal in Jesus se antwoord aan Maria dui op sy unieke verhouding met God: “Julle moes geweet het Ek sou in my Vader se huis wees” (Lukas 2:49). Dit lyk asof daar geen stelling ekwivalent hieraan enig iewers in die Skrif is nie, behalwe wanneer Jesus praat. In Jesus se eerste opgetekende woorde verklaar Hy dat Hy die Seun van God is.

Die werk van die kruis beteken dat ons aangeneem kan wees in God se familie, en die reg gegee word dat ons kinders van God genoem kan word – daarom word die vraag nou: hoe natuurlik is dit vir ons om tyd in ons Vader se huis deur te bring?

Dit is deur toewyding dat ons meer ontdek wie ons werklik is. Ons groei. Ons word gelouter. Ons word versterk. Ons word oortuig van ons oortredings. Ons word onderrig in ons doel. Ons word vervul in ons bestaan. Deur toewyding word ons heilig gemaak soos Hy heilig is. Toewyding staan sentraal tot die Christelike lewe, want dit vorm heiligheid en dit is noodsaaklik vir die evangelisasietaak omdat die evangelie deur ’n heilige volk uitgeleef en verkondig moet word.

Die Here vra vir ons, nie vies nie, maar verheug: “Waar was jy?”

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (20–30 MINUTE)

Bestee tyd daaraan om almal se nuus te hoor, stories en bemoediging te deel, sowel as terugvoer oor geleenthede en enigiets anders wat die groep kan bemoedig. Praat oor julle

lysies van vyf mense (Sessie Vyf: Toepassing) en enigiets wat jy ervaar het terwyl jy elke dag getrou vir hulle gebed het.

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies – hetsy positief of uitdagend – wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (25–35 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

- ‘Nog voor dagbreek die volgende oggend het Jesus opgestaan en alleen op ’n stil plek gaan bid.’
- **MARKUS 1:35 (NLV)**

Ons “wy onself toe” aan allerhande soorte dinge in die lewe. Ons kan ons dalk toewy aan ons familie en vriende, aan die voorhou van positiewe waardes, aan die najaag van drome. Ons kan dalk toegewy wees aan ’n stokperdjie, ’n sportspan of om die hoogste puntetelling te kry in wat ook al die nuttigste selfoonspeletjie-gier is.

Jesus was ook toegewy aan sy familie en vriende. Hy was beslis daaraan toegewy om die familie-ambag by Josef te leer. Hy was toegewy aan sy vriende en het klaarblyklik meer tyd bestee aan gemeenskap met hulle as om vir die skares te preek. Hy was toegewy aan sy ma en het verseker dat die apostel Johannes verantwoordelikheid neem om vir haar te sorg na Jesus se dood, opstanding en hemelvaart.

Wat bedoel Jesus dan as Hy sê dat Hy verdeeldheid sal bring in families (Lukas 12:53). Ons kan sin hiervan maak in die lig van sy primêre toewyding aan sy Vader in die hemel, ’n toewyding wat gekom het ten koste van alle ander toewydings, ongeag hoe geregverdig dit was. Jesus het nie gesê dat dit verkeerd is om vir ouers lief te wees nie of dat Hy spesifiek families ter wille daarvan wil verdeel nie, maar Jesus het geweet dat enigiets wat jou primêre toewyding wegneem van die Here af, uiteindelik

tot onheiligheid sal lei. Dit is in ons toewyding aan die Here dat ons heilig gemaak word.

Vraag: Wat is van die dinge wat maklik jou toewyding kan wegneem van die Here? Praat veral oor dinge wat nie op sigself sleg is nie, maar maklik jou aandag kan aftrek van of struikelblokke in jou toewyding aan die Here kan word.

Dit is moontlik om meer toegewyd te raak aan evangelisasie as aan Jesus self! Maar ons bestaan om die koning te aanbid, nie ons bediening nie. Ons moet gegrond wees in ’n geestelike lewe wat effektief na God luister.

Ongeag die eise van sy bediening of aardse verhoudings, het Jesus sy persoonlike verhouding met sy Vader bowenal geprioritiseer en Hy het tyd daaraan afgestaan om Hom te onttrek, te bid en te luister. Vir Jesus was om by sy Vader te wees, die natuurlikste plek waar Hy kon wees. Markus se evangelie vertel ons van drie sulke geleenthede waar Hy Hom onttrek het – bestee ’n bietjie tyd daaraan om oor hierdie gedeeltes na te dink:

- Markus 1:35–39: Staen vroeg op om alleen na ’n stil plek te gaan om te gaan bid
- Wat leer dit ons oor om instruksies van die Here te ontvang?
- Markus 6:45–46: Gaan teen die berg op om te gaan bid
- Wat leer dit ons daarvoor om deur God verkwik te word?
- Markus 14:32–41: Bid by Getsemane voor Hy in hegtenis geneem word
- Wat leer dit ons daarvoor om die las van ons omstandighede na die Here toe te bring?

Informeel en spontane gebed deur die dag is wonderlik, maar om doelbewus tyd te maak om te bid en die Bybel te lees, is noodsaaklik. Party mense is baie goed daarin om te bid, maar nie so goed daarin om die Bybel oop te maak nie; ander het ’n wonderlike Bybelstudie-etiek, maar misluk wanneer dit tyd is om te bid. Dit kan baie effektief wees om die twee te kombineer deur ’n hoofstuk of meer uit die Skrif te lees en

dan te bid oor wat die Skrifgedeelte sê en hoe dit in ons lewens toegepas kan word. Dit is ook belangrik om tyd daaraan te bestee om die Here te aanbid en danksegging te bring, en om ons versoeke en behoeftes na Hom te bring.

Jesus het nie nodig gehad om enige sondes te bely nie, maar belydenis is 'n belangrike deel van die gebed wat Hy vir sy dissipels geleer het: "Vergeef ons skulde" (Matteus 6; Lukas 11). Psalm 51 is 'n wonderlike hulpbron vir berouvolle gebed en nadenke.

Ons eerste stap op pad na heiligheid is om te erken dat God heilig is en ons nie is nie. Ons het Hom nodig, en terwyl ons daagliks die tyd daaraan afstaan om sy teenwoordigheid te betree, sal die herskeppende krag van sy liefde verseker dat ons nooit weer dieselfde sal wees nie. Dit is hierdie herskepping wat die sterkste getuigenis is dat die evangelie waar is en die krag het om te red. Wanneer ons die goedheid van God verklaar en die Jesus-verhaal deel, sal diegene wat ons bereik, groei in vertroue van die egtheid van ons evangelieboodskap deur die werk van God deur ons ten volle toegewyde lewens te ondersoek.

Jesus het die weg verskaf vir ons om heilig te wees deur die reddende werk van die kruis, het ons geroep om ons ou lewe te laat afsterf en ons vertroue in Hom te stel. Namate ons in die nuwe lewe instap, wys Jesus ons hoe dit lyk om heiligheid na te jaag deur daaglikse toewyding aan die Vader.

BESPREKING (20 MINUTE)

Onderzoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Hoe sal jy jou gebed- en Bybelstudietyd beskryf?
- Sien jy 'n korrelasie tussen hoe gesond jou toewyding is en die gehalte van jou evangelisasie?
- Hoe kan jy jouself oopstel vir meer lering, verkwikking, perspektief en berou deur doelbewuste toewyding in die komende weke?

• "Die doel van [geestelike] dissiplines is vryheid. Ons doel is die vryheid, nie die

• dissipline nie. Die oomblik wanneer ons die dissipline ons sentrale fokus maak, verander ons dit in die wet en verloor so die ooreenkomstige vryheid ... Laat ons vir ewig gevestig wees op Christus en die geestelike dissiplines beskou as 'n manier om ons nader aan sy hart te trek.'

• **RICHARD FOSTER**

TOEPASSING (5 MINUTE)

Begin om deur die Psalms te bid en elke dag 'n paar minute daaraan te bestee om dit te lees en daarvoor te bid, bo en behalwe enige ander Bybelstudie- en gebedstyd. Indien moontlik, probeer om dit vir 'n hele maand of 'n hele jaar vol te hou. Jy kan dit doen deur eenvoudig jou Bybel oop te maak en een vir een deur die Psalms te bid of 'n dagstukkieplan soos Tim Keller se My Rock; My Refuge: A Year of Daily Devotions in the Psalms te gebruik.

GEBED

Dank jou Hemelse Vader dat Hy 'n verhouding met sy kinders begeer. Verbind jou biddend tot 'n lewe van toewyding wat jou verander van geestelike toeriste tot kinders wat in die Vader se huis en sy teenwoordigheid woon. Vra die Here om jou te help om heilig te word soos Hy heilig is, en dat die herskepping van julle lewens die basis sal wees waarop julle evangelisasie gebou is.

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorme, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

NOTES

SESSIE SEWE DIE EVANGELIS SE ONDERWERPING

In hierdie sessie sal ons uitbrei op die idee van heiligheid wat in die vorige sessie ondersoek is, spesifiek hoe dit verband hou met die identiteit van God, die hoop van die evangelie en die lewe van 'n evangelis. Ons sal ook kyk na verantwoordbaarheid omdat dit noodsaaklik is vir 'n dissipel se reis.

DIE SESSIE IN EEN SIN

Die Here begeer dat sy volk moet heilig wees soos Hy heilig is, en dit is deur onderwerping aan die Heilige Gees en verantwoordbaarheid in gemeenskap wat ons in heiligheid kan groei.

SESSIE-AGTERGROND

Die woorde **heiligheid** en **heilig** verskyn meer as 900 keer in die Bybel – meer keer as die woorde **liefde**, **geloof**, **vergewe** en **bid** gekombineer! Heiligheid is 'n sentrale tema van die Bybel en die Here begeer dat dit 'n sentrale werklikheid in ons lewens moet wees.

God is heilig, wat beteken dat Hy afgesonder is. Hy is volmaak, soewerein en uniek, en daar is niemand anders soos Hy nie. Ons is nie heilig nie: elke enkele een van ons skiet te kort aan die perfekte standaard van ons heilige God. Die skrywer van die boek Hebreërs sê vir ons dat net die wat heilig leef in die teenwoordigheid van die Here sal kan kom (Hebreërs 12:14) en Jesus sê vir ons dat net dié wie se harte volkome op die Here gerig is, God sal sien (Matteus 5:8). Ons gebrek aan heiligheid is 'n groot probleem vir die mensdom as ons enige hoop gaan hê van 'n verhouding met God. Hoe kan die onheiliges heilig word, aanvaarbaar word vir die Here en dit vir hulle moontlik raak om in sy koninkryk te woon?

Die goeie nuus is dat Jesus die weg verskaf het waardeur onheilige mense die teenwoordigheid van die perfekte heilige God kan betree en vir ewig by Hom kan woon (Efesiërs 5:25–26). Dié wat hulle vertrou in Jesus stel, deel in sy heiligheid en betree 'n splinternuwe lewe. Ware lewe is 'n heilige lewe.

Heiligheid is ook die tema van Jesus se boodskap oor sout in Matteus 5:13. Net soos sout nutteloos is as dit sy smaak verloor, is ons boodskap hopeloos as ons ons kenmerkende heiligheid verloor. Alhoewel ons lewens 'n onvoltooide werk aan hierdie kant van die ewigheid is, word ons geroep om anders te leef sodat die wêreld die egtheid kan herken van die boodskap wat ons verkondig.

Die evangelie is 'n heilige boodskap wat getuig van 'n heilige God wat op 'n heilige manier opgetree het om dit vir onheilige mense moontlik te maak om herstel te word tot hulle ware identiteit – as die heilige volk van 'n heilige koninkryk.

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (10–20 MINUTE)

Bestee tyd daaraan om almal se nuus te hoor, stories en bemoediging te deel, sowel as terugvoer oor geleenthede en enigiets anders wat die groep kan bemoedig. Vra die groep om te deel oor hulle ervaring daarvan om biddend deur die Psalms te lees (Sessie Ses: Toepassing).

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies – hetsy positief of uitdagend – wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (30–40 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

1. GOD ALLEEN IS HEILIG

'So sal die mense van Israel My leer ken as die Heilige. Ek sal nie dat hulle my verder onheilig nie. En die nasies sal ook besef dat Ek die Here is, die Heilige van Israel.'

ESEGIËL 39:7 (NLV)

Die Here openbaar wie God is sodat ons Hom in Gees en in waarheid kan ken en aanbid. Wanneer ons lees, ontdek ons dat Hy die een ware God is. Hy is ondeelbaar, uitgedruk in die drie-enigheid (Vader, Seun en Heilige Gees). Hy is volmaak. Hy is ewig. Hy is koning.

Maar wat die Bybel baie duidelik stel oor God is dat Hy heilig is. Dit beteken dat daar niemand soos Hy is nie en Hy is afgesonder van alle ander: niemand anders kan kers vashou by sy identiteit, by sy karakter of by die realiteit van wie Hy is nie. En dit is hierdie eienskap wat God van sy volk begeer – dat ons 'n heilige volk sal word, afgesonder in ons aanbidding en gehoorsaamheid aan Hom, 'n volk van regskenheid en reinheid (Levitikus 11:45). Ons gebrek aan heiligheid – ons verwerping van God se heiligheid – het 'n katastrofiese probleem vir die mensdom veroorsaak. God se koninkryk is 'n volmaakte koninkryk, maar ons het onvolmaaktheid en uitsluiting van sy koninkryk gekies.

2. DIE HEILIGHEID VAN JESUS MAAK DIE HEILIGHEID VAN SY VOLK MOONTLIK

'...Maar Jesus bly priester vir altyd; sy priesterskap word nooit op iemand anders oorgedra nie. Gevolglik kan Hy hulle wat deur Hom na God toe gaan, eens en vir altyd verlos. Ja, Hy leef vir altyd om hulle saak voor God te bepleit! Hy is die baie spesiale soort hoofpriester wat ons nodig het, want Hy is heilig, sonder kwaad en onbevlek deur die sonde. Hy is nou verwyder van sondige mense en bevind Hom in die hoogste hemel. Anders as die ander hoofpriesters, is dit nie vir Hom nodig om daaglik eers vir sy eie

sondes en daarna vir die volk offers te bring nie. Want Hy het Homself eens en vir altyd aan die kruis geoffer.'

HEBREËRS 7:24–27 (NLV)

Ons is na God se beeld gemaak en het die potensiaal om 'n heilige volk te wees, maar ons rebelsheid beland in die pad. As die Here selfs net die kleinste stukkie onvolmaaktheid in sy koninkryk sou toelaat, sou dit nie meer volmaak wees nie. Daarom sluit ons verwerping van heiligheid ons uit van sy heiligheid en die seëninge van sy koninkryk.

Die evangelie vertel vir ons dat Jesus ingetree het om ons plaasvervanger aan die kruis te wees, dat Hy die dood op Hom geneem het wat ons vir onself gekies het. Hy kon ons plek inneem, want Hy is heeltemal heilig (sonder sonde of vlek). Die onbetaalbare skuld van die wêreld se rebelsheid is gehef teen die rekening van die volmaak gehoorsame Jesus. Hy het die skuld betaal wat ons nooit kon betaal nie vanuit die onuitputlike skat van sy heiligheid. Nou, wanneer God na diegene kyk wat hulle vertrou in Jesus Christus stel, sien Hy nie die mens se onvolmaaktheid (onheiligheid) nie, maar Jesus se volmaaktheid (heiligheid).

Dink so daaraan: Kan jy dink aan 'n tyd toe jy 'n kledingstuk gedra het wat jou baie goed laat voel het oor jouself? Dalk het jy aangetrek vir 'n spesiale geleentheid, en toe jy by die huis uitgestap het, het dit gevoel asof jy 'n bietjie meer selfvertroue het. Wanneer ons ons vertrou in Jesus stel, staan daar in die Bybel dat God Jesus se geregtigheid aan ons toeskryf en dat ons geklee is in sy volmaaktheid (Romeine 5:18; Filippense 3:9; 1 Korintiërs 1:30).

Paulus sê vir ons dat in plaas daarvan om ons oor te gee aan ons vleeslike begeertes, ons vir ons die Here Jesus Christus moet "aantrek" (Romeine 13:14, NLV). Vergelyk dit met Jakobus wat 'n beroep op lesers doen om ontslae te raak van alle morele vuilheid en boosheid (Jakobus 1:21). Ons moet ontslae raak van die ou dinge wat teen God was en dit vir Christus gee, en in ruil daarvoor vervang Hy dit met sy eie regskenheid.

Is jy al ooit iewers weggewys omdat jy nie aan die kleredragvereistes voldoen het nie? Die toegangsvereiste vir God se volmaakte koninkryk is volmaakte heiligheid – wat ons nie

het nie. Maar as onvolmaakte mense kan ons ook sy koninkryk betree, want deur Christus voldoen ons nou aan die kleredragvereistes. Niks minder as volmaaktheid sal deug nie, maar daar word niks minder as die volmaaktheid van Christus vir ons aangebied om te dra nie. Op die dag wat ons uiteindelik die volle werklikheid van die koninkryk betree, sal ons nie ons onvolmaaktheid met ons saambring nie, maar die klere van regskenheid.

3. ONDERWERPING AAN DIE GEES TESAME MET SELFDISCIPLINE LEI TOT 'N HEILIGE LEWE

- 'en dat julle vernuwe moet word in die gees
- van julle gemoed en julle met die nuwe
- mens moet beklee wat na God geskape is in
- ware geregtigheid en heiligheid.'

• **EFESIËRS 4:23-24 (1933-VERTALING)**

Die Here wil hê ons moet groei in volwassenheid en nie dieselfde foute oor en oor herhaal terwyl ons vandag vir Hom leef nie (gewoontesonde). Ons word bedek deur sy genade, maar die bewyse van opregte en egte geloof is transformasie en groei (dissipelskap). Ons moenie tevrede wees om God se regskenheid as 'n "kom gratis uit die tronk"-kaartjie te gebruik nie, maar moet kies om die regskenheid wat ons dra te eer deur in gehoorsaamheid te leef teenoor die Een wat ons vir betaal het. Dit is ons dissipelskapreis: om te beweeg vanaf ons aanvanklike oomblik van wedergeboorte (regverdiging) tot 'n voortgaande ontwikkeling van nuwe lewe (heiligmaking).

Nie net gee dit ons 'n versekering van die toekomstige ewige volmaaktheid wat op ons wag nie, maar dit gee ons die middele waardeur ons vandag anders kan leef.

Die herskepping wat in 'n dissipel se lewe plaasvind, word kragtig uitgedruk deur Paulus se ondersoek van die vrugte van die Gees wat vloei vanuit die lewe van 'n ware volgeling van Jesus (Galasiërs 5:22-23). Die finale faset van die vrugte wat genoem word, is selfbeheersing of selfdisipline. God, deur sy Gees, bemagtig ons met selfdisipline – maar ons moet met Hom saamwerk (Filippense 2:12-13).

Met dit in gedagte, hier is vier praktiese goed wat ons kan doen om te groei in heiligheid en gehoorsaamheid aan God:

TOEWYDING

Hoe meer tyd ons in God se Woord deurbring, hoe meer sal ons weet wat die Here wil hê ons moet word. Net so kan ons ook deur tyd in gebed deur te bring die Here vra om ons te help om ons swakhede en versoekings te oorwin. Om tyd saam met Jesus deur te bring, beteken om te leer wat dit beteken om heilig te wees terwyl ons bemagtig word om so te word.

SELFBEWUSTHEID

Wanneer ons die Woord lees, lees die Woord ons ook en help ons om ons eie lewens te ondersoek en toenemend selfbewus te word. Hierdie selfbewustheid help ons om ons swakheid te erken en beteken dat ons kan begin om onself die dinge te ontsê wat ons leed aandoen.

GEMEENSAP

Om waaksaam te wees oor die lewe wat ons lei, word nie net deur selfbewustheid bereik nie. Deur ons tot Christelike vriendskappe en gemeenskap te verbind, stel ons onself oop vir liefdevolle ondersoek deur diegene rondom om. Om in gemeenskap te belê, skep geleentheid vir ander om in jou lewe in te spreek en vir jou om ook dieselfde te doen. Om oop te wees teenoor ander kan dalk uitdagings bring, maar die risiko van weerbaarheid moet ons nie weerhou van die Bybelse ideaal van om op innemende wyse saam te groei as individue en as God se familie nie.

BELYDENIS

JJakobus gee ons opdrag om ons sondes aan mekaar te bely, nie vir vrypraak nie, maar vir verantwoordbaarheid (Jakobus 5:16). Dit is noodsaaklik om 'n groep vertroude vriende te vind met wie jy heeltemal eerlik en deursigtig kan wees oor jou struwelinge, versoekings en mislukkings. Die vyand wil jou worsteling in die duisternis hou waar hy dit tot skaamte kan verdraai, maar die Here roep ons om saam te reis, om te help om mekaar verantwoordbaar te hou deur ons mislukkings openbaar te maak waar Hy verlossing en herstel kan bring. Mislukking hoef nooit finaal te wees by die Here nie: Verantwoordbaarheid is 'n manier waardeur ons ons worstelinge kan hanteer in nederigheid en onderwerping aan sy genade.

As evangeliste gaan die boodskap wat ons verkondig nie net daarvoor om reaksies te sien nie, maar om dissipels te skep wat groei en ontwikkel – 'n heilige volk (Kolossense 1:28-29). Dit is egte dissipels wat hierdie boodskap effektief sal oordra na die wêreld, met integriteit en krag. Dit is 'n heilige taak vir 'n heilige volk.

BESPREKING (15 MINUTE)

Ondersoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Hoe sal jy God se heiligheid beskryf aan iemand wat Hom nie ken nie?
- Hoe "klee" ons onself in Christus?
- Wat help jou of verhinder jou daarvan om waarlik verantwoordbaar te wees teenoor ander?

- 'As jy dink jy kan in heiligheid wandel sonder 'n ewigdurende gemeenskap met die Here vol te hou, het jy 'n groot fout gemaak. As jy heilig wil wees, moet jy na aan Jesus leef.'

• **CHARLES SPURGEON**

TOEPASSING (5 MINUTE)

As jy nie reeds 'n kleingroep of vertroude vriende het (buiten die verantwoordbaarheid wat ons in hierdie Advance-groepe doen) wat jy gereeld saam mee bymekaarkom en met wie jy heeltemal eerlik, oop en verantwoordbaar kan wees nie, dink aan iemand wat jy dit mee kan doen en reël so gou moontlik iets. As jy dit reeds doen, deel met iemand wat nog nie so iets het nie waarom dit vir jou belangrik is en gee vir hulle enige moontlike raad, bemoediging en wenke.

GEBED

Erken en vier God se heiligheid in gebed. Vra sy vergifnis vir julle rebelsheid en dank Hom dat julle te danke aan Jesus se verlossingswerk kan deel in sy regskenheid. Vra die Here om voort te gaan met sy werk in julle lewe om julle heilig te maak. Verbind julle daartoe om met dissipline te leef in onderwerping aan die krag van die Gees terwyl julle daarna streef om as dissipels

te groei en al meer bruikbaar te raak as 'n heilige volk met 'n heilige boodskap.

VERANTWOORDBAARHEID (25 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorms, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

Bestee tydens hierdie sessie ekstra tyd daaraan om diep na te dink oor die vrae op die vorm, om eerlike terugvoer te verskaf en om tyd daaraan te wy om oor hierdie dinge te bid.

NOTES

SESSIE AGT: DIE EVANGELIS SE KARAKTER

Die heiligste Christene is die nederigste, maar hoe lyk dit om nederigheid in ons evangelisasie te hê?

wys. Die eerste stap om deur die Here vir groot dinge gebruik te word, is om ons totale vertroue op Hom te besef.

DIE SESSIE IN EEN SIN

Nederigheid is 'n evangelis se belangrikste deug: gemodelleer deur Jesus, in ons gelouter en bemagtig deur die Heilige Gees tot die heerlijkheid van die Vader.

Jesus se geboorte kon nie in nederiger omstandighede plaasgevind het nie. Die Koning van die konings is in 'n beskeie stal gebore en in 'n krip – 'n trog vir diere se voer – neergelê! Die rykdom van die geboorte van 'n koning is vervang deur die armoede van die geboorte van 'n niemand. Ons versoening met die skepper van alle dinge het afgeskop met verbasende nederigheid.

SESSIE-AGTERGROND

Vanaf die oomblik wat die engel Gabriël vir Maria vertel dat sy 'n kind verwag, kom nederigheid – 'n sentrale tema in Jesus se verhaal – na vore. Maria aanbid die Here en dank Hom dat Hy aan haar, sy dienaar, gedink het in haar nederige omstandighede. Met ander woorde, sy sê: “Ek is net 'n doodgewone meisie ... waarom sal God my wil gebruik?”

Waar ook al ons in die Skrif kyk – hetsy in Jesaja 53, waar ons hoor van die lyding van die dienaar van die Here wat vir ons sondes deurboor gaan word, of Jesus se verklaring oor dat Hy gekom het om te dien eerder as om gedien te word, of die was van sy dissipels se voete, of sy onderwerping aan sy Vader se wil in die Tuin van Getsemane, of dat Hy toegelaat het dat Hy geslaan, gespot en gekruisig word terwyl Hy met 'n enkele woord almal kon uitgewis het wat Hom leed aangedoen het – die Bybel bied 'n beeld van 'n dienaarkoning wat die vloek van menslike trots verlaan deur die krag van heilige nederigheid.

Het jy al ooit gewonder waarom God jou sal wil gebruik?

Die Here red sy volk op dieselfde manier as wat Hy bedoel het dat hulle moet leef. Trots lei ons na vernietiging en nederigheid sal ons weer terugbring.

Soms kan ons selfverseker word in ons gawes en talente en glo dat die Here kies om ons as gevolg van hierdie dinge te gebruik. God se beroep is gerig op ons karakter, nie ons talent nie, en die karakter wat Hom die meeste behaag, het nederigheid as die kern. Maria sit haar lofsang voort deur te sing oor hoe haar heilige God die trotse mense verstrooi en nederiges verhef. As 'n jong Joodse meisie sou haar kennis van die Ou Testament aan haar alles gebied het wat sy nodig gehad het om hierdie aanspraak oor God met vertroue te kon maak. En nou kon sy self die werklikheid daarvan beleef. Die Here kies altyd die nederiges vir sy doelwitte op die mees onverwagte maniere om die wêreld se wysheid uit te daag en sy krag en genade deur die mees onwaarskynlike mense

- 'Julle ken die ongelooflike goedheid van ons Here Jesus Christus. Alhoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword sodat julle deur sy armoede ryk kon word.'

• **2 KORINTIËRS 8:9**

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (10–20 MINUTE)

Bestee tyd daaraan om almal se nuus te hoor, stories en bemoediging te deel, sowel as terugvoer oor geleenthede en enigiets anders wat die groep kan bemoedig. In kleiner groepe, vra elke persoon om een oorwinning en een worsteling te deel wat hulle sedert die laaste byeenkoms beleef het. Vir groter groepe, kies vier of vyf mense om spesifieke getuienis te deel wat sedert die laaste byeenkoms gebeur het.

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies – hetsy positief of uitdagend – wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (25–35 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

- 'Moet niks uit selfsug doen of om daarmee te spog nie. Wees eerder nederig deur van medegelowiges meer te dink as van jouself. Julle moenie net elkeen na sy eie belange omsien nie, maar ook na mekaar se belange. Julle gesindheid moet soos Jesus Christus s'n wees: Alhoewel Hy self God was, het Hy nie vasgeklou aan die Goddelikheid wat Hom toekom nie, maar Hy het dit prysgegee: Hy het 'n slaaf geword en aan mense gelyk geword. En toe Hy as mens geleef het, het Hy Homself nog verder verneder deur tot die dood toe gehoorsaam te wees, ja, tot die kruisdood toe!

FILIPPENSE 2:3–8 (NLV)

C.S. Lewis het die volgende oor nederigheid geskryf: "Ware nederigheid gaan nie daarvoor om minder van jouself te dink nie, dit gaan daarvoor om minder aan jouself te dink."

Die Bybel vra nie van ons om selfveragting te wees om 'n swak selfbeeld te hê nie. God koester jou en is lief vir jou – en het jou geroep

om sy kosbare kind te wees. Maar daar is 'n fyn lyn: om te veel van onself te dink, stel ons in gevaar om die tipe trots te ontwikkel wat die mensdom in die eerste plek in die moeilikheid laat beland het met sonde. As ons te min van onself dink, verwerp ons die identiteit wat God vir ons gekoop het, en deur te veel van onself te dink, erken ons nie God se soewereiniteit en koningskap nie.

Trots is die kern van alle sonde. Daar staan in Spreuke: "Verwaandheid bring vernedering. Nederigheid bring wysheid" (Spreuke 11:2, NLV). Die Bybel se wysheidsliteratuur bevestig keer op keer die deug genaamd nederigheid as die teenoorgestelde van trots en vier die seëninge wat dit voortbring.

Ons leef in 'n tyd van selfbevordering. Kan jy jou indink as Dawid vandag vir Goliat oorwin het? Die versoeking om 'n bloed-is-nog-vars-kop-is-afgekap-oorwinning-selfie te neem, sou groot gewees het! Baie van ons sal dit verwelkom as daar liedere geskryf word oor ons prestasies, flieks gemaak word en titels toegeken word en tog – soos D.L. Moody uitwys in 'n klassieke preek oor nederigheid – nie een van Dawid se Psalms maak ooit melding van sy oorwinnings nie. Vandag, met die eerste teken van grootheid word ons aangemoedig om onself te steun, om ons status en ons platform te bou. Maar die Here vra ons nie om 'n bediening te bou of jouself tot 'n posisie te verhoog nie. Hy stel baie meer belang in jou karakter en hoe jy deur nederigheid vereer word vir sy doel (Lukas 14:11).

Jesus het die beskeie roete gevolg, die posisie van 'n dienaar. Hy is die Koning wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien (Markus 10:45). Let op wat Johannes oor Jesus sê, direk voor Hy sy dissipels se voete gewas het:

- **'Jesus het geweet dat die Vader alles tot sy beskikking gestel het,** en dat Hy van God gekom het en weer na God teruggaan. Hy het toe van die tafel af opgestaan, sy bo-klere uitgetrek, 'n doek gevat en dit om Hom vasgebind.'

(JOHANNES 13:3–4 (NLV, EIE KLEM))

Alhoewel Hy geweet het dat die Vader alles tot sy beskikking gestel het en die volheid van sy identiteit geken het, het Jesus gekies

om 'n dienaar te wees om sy Vader se wil te demonstreer. Julle het dalk al 'n Bybelstudie hieroor gedoen waar julle mekaar se voete gewas het. Maar om vandag iemand se voete te was, laat nie heeltemal die volle betekenis van wat Jesus vir sy dissipels gewys tot reg kom nie. Dit is vir ons moeilik om te verstaan presies hoe ongemaklik dit hulle gemaak het dat hulle rabbi – hulle messias – hierdie taak aangepak het as 'n teken van sy nederigheid en dienaarshart.

Dink so daaraan: Jy hoor 'n klop aan die deur en die heersende monarg van die land staan op jou drumpel. Hulle kom in jou huis in, tel jou baba op en begin sy vuil doek skoonmaak. Die stank is verskriklik en jy kyk geskok hoe jou baba se ontlastings kontak maak met die koninklike hande. En tog lyk die monarg heeltemal gemaklik in die situasie, en geniet selfs hulle tyd saam met die kind, te midde van hierdie onaangename, maar nodige aktiwiteit.

Moenie vergeet dat terwyl Jesus sy dissipels se voete gewas het, Hy geweet het dat Judas Hom sou verraa nie. Hy het geweet dat Petrus Hom sou verloën. Hy het geweet sy volgelingen was steeds dikwels trotse en swak mense en tog, ten spyte van sy krag en heerlikheid het Hy Homself voor hulle verootmoedig deur 'n voorbeeld te stel vir hulle om te volg. Nie net moes hulle mekaar se voete was nie, maar hulle moes in alle dinge nederige dienaars word.

Daar is 'n bekende staaltjie oor Charles Spurgeon wat klaarblyklik, nadat hy gesien het hoe een van sy predikende studente met 'n bietjie te veel arrogante windmakerigheid by die kansel opstap, net om na die tyd koponderstebo terug te kom nadat dit sleg gegaan het met die preek, opgemerk: "As jy gegaan het soos jy teruggekom het, sou jy dalk teruggekom het soos jy gegaan het."

Dit maak nie saak hoe vernaam ons roeping, hoe indrukwekkend ons gawes, hoe groot ons geleentheid of wat ons bediening se reputasie is nie, ons is kragteloos om iemand te red. Die loon van sonde is die dood (Romeine 6:23, 1933-vertaling), maar die prys vir nederigheid is lewe (Spreuke 22:4, NLV). Deur die nederige, lydende dienaar wat ons sonde gedra het aan die kruis, kan ons nou ons vertrouwe in Hom stel en ons eie kruis optel deur nederig te sterf aan ons ou, trotse bestaan. Ons kan van dood na lewe beweeg. Nederigheid is nie net 'n deug nie. Dit is die enigste passende reaksie wat ons

teenoor Jesus kan hê wanneer ons erken dat Hy die Here is.

- 'Die Here is goed vir sy volk, Hy kroon die hulpeloses met oorwinning.'

(PSALM 149:4, 1983-VERTALING)

Nederigheid in evangelisasie beteken nie dat ons mense probeer behaag, die evangelie afwater of terugwyk en nie die waarheid deel omdat dit aanstoot kan veroorsaak nie (die evangelie is dikwels 'n onaangename boodskap). So ook beteken durf in evangelisasie nie dat ons die evangelie in mense se kele afdruk met min inagneming van hoe ons hulle kan help om waarlik die hoop te verstaan wat ons het nie. Nederigheid in evangelisasie beteken ten minste hierdie vier dinge...

Vraag: Bestee 'n bietjie tyd daaraan om oor hierdie vier areas van nederigheid in evangelisasie te praat. Hoe kan jy hierdie beginsels in jou eie bediening toepas?

DIEN DIE HERE MET NEDERIGHEID

Ons primêre verantwoordelikheid en geerte moet wees om die Here te dien, ongeag hoe uitdagend, ongemaklik of duur dit is. Is ons bereid om 'n dienaar se aard aan te trek en gehoorsaam te wees aan ons Meester?

LEDIG JOUSELF IN NEDERIGHEID

Nederigheid behels om onself te ledig sodat ons gevul kan word met die Heilige Gees. Dit is 'n nederige daad op sigself, maar wanneer ons die Gees nooi om in ons te kom woon, beweeg ons weg daarvan om verbind te wees tot nederigheid na om daardeur bemagtig te word.

AANVAAR SY WOORD MET NEDERIGHEID

Verootmoedig jou voor die Here se Woord. Leer om dit goed te lees en dit te aanvaar soos dit is, nie dit te dwing om te sê wat jy wil hê dit moet sê om by jou behoeftes te pas nie. Soek nederig om God se waarheid te hoor, ongeag hoe uitdagend dit kan wees vir jou vooropgestelde of kultuur-gevoerde idees. Om God se waarheid te ontdek en sy wysheid toe te pas, vereis nederigheid.

DIEN DIE MENSE WAT ONS EVANGELISEER MET NEDERIGHEID

Verkondiging is noodsaaklik, maar ons moet ook die wêreld liefhê. Ons moet diegene in nood bedien. Omdat dit ons doel is om mense deeglik lief te hê, moet ons ook deeglik na hulle luister. As ons altyd net met hulle praat, gaan ons moontlik belangrike aansluitingspunte tussen die evangelie en hulle lewens mis en die moontlikheid verklein om 'n betekenisvolle verhouding met hulle te hê.

Deur die Here in ere te hou, ruimte te maak vir sy Gees om in ons te woon en te bou op die waarheid van sy Woord, kan ons effektiewe dienaars in die wêreld wees – wat aan praktiese behoeftes voldoen, goed na mense luister en die Jesus-verhaal getrou verkondig. As ons wil vrug dra in ons evangelisasie, moet ons beginpunt nederigheid voor die Here wees. D.L. Moody stel dit soos volg:

- 'Ek het 'n peerboom op my plaas wat baie mooi is; dit lyk asof dit een van die mooiste bome by my plek is. Dit lyk asof elke tak boontoe strek na die lug en dit staan amper soos 'n waskers, maar ek kry nooit enige vrugte daarvan nie. Ek het nog 'n boom, wat verlede jaar so vol vrugte was dat die takke amper aan die grond geraak het. As ons net laag genoeg kan afsak, vriende, sal die Here ieder en elk van ons gebruik tot sy heerlijkheid.'

D.L. MOODY

BESPREKING (15 MINUTE)

Onderzoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Is daar areas in jou lewe waar jy sukkel met nederigheid?
- Is daar 'n inherente konflik tussen om die evangelie met durf te deel en dit met nederigheid te deel?
- Hoe kan ons op liefdevolle wyse 'n gebrek aan nederigheid of die teenwoordigheid van vals nederigheid in ander aanspreek?

- 'Ek is oortuig dat liefde en nederigheid die hoogste prestasies in die skool van Christus

- is en die beste getuienis is dat Hy beslis ons Meester is.'

JOHN NEWTON

TOEPASSING (5 MINUTE)

Dink versigtig oor hoe jy die mense rondom jou kan bedien en seën op 'n onverwagte en kosbare wyse. Het jou kerk of bediener 'n skoonmaker? Gee vir hulle die dag af om saam met hulle gesinne deur te bring of op 'n geestelike wegbreek te gaan en doen hulle take vir hulle. Wees die eerste een wat elke dag tee of koffie maak in die kantoor. Gee vir jou kelner 'n ruimhartige footjie na 'n ete en skryf vir hulle 'n briefie waarin jy God se liefde vir hulle uitdruk ... Wees kreatief en wees doelbewus.

Aan die een kant kan nie een van hierdie dinge die volle effek vasvang van Jesus wat sy dissipels se voete gewas het nie, maar aan die ander kant, moet dit ook nie bloot net "lukrake vriendelike dade" wees nie. Dit is die doelbewuste optrede van bedagsame, liefdevolle en nederige mense wat oral geleenthede raaksien om mekaar te bedien op maniere wat terugwys na die lydende dienaar. Ons doen nie hierdie dinge om God se guns te wen of goed te lyk voor ander nie (om die waarheid te sê, moenie hierdie dinge op sosiale media gaan uitbasuin nie!) – ons doen dit alles as 'n manier om in nederigheid te groei en as 'n natuurlike produk van die nederigheid wat die Here in ons laat groei.

GEBED

Dank die Here vir sy nederigheid en sy voorbeeld van 'n dienaarshart. Vra die Here om jou te help om jouself te sien soos Hy jou sien, en dat jy daagliks kan groei in nederigheid en wysheid. Bid vir mekaar, dat julle moedig en nederig sal wees in julle verkondiging van die evangelie.

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorme, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

NOTES

SESSIE NEGE: DIE EVANGELIS SE GELEENTHEID

Een kenmerk van 'n evangelistiese gawe is die vermoë om elke en enige geleentheid om die evangelie met die mense rondom ons te deel raak te sien – en 'n begeerte om dit aan te gryp. In hierdie sessie sal ons ondersoek hoe ons elke geleentheid ten beste kan gebruik.

DIE SESSIE IN EEN SIN

'n Evangelis moet altyd gereed wees om enige geleentheid aan te gryp wat hulle teëkom en die evangelie met duidelikheid in elke situasie en onder alle omstandighede verduidelik.

SESSIE-AGTERGROND

Petrus sê vir ons dat ons altyd gereed moet wees om die evangelie te deel met enige iemand wat uitvra oor die hoop wat in ons leef (1 Petrus 3:15). Paulus sê vir Timoteus hy moet die evangelie in enige seisoen en in alle omstandighede van die lewe verkondig (2 Timoteus 4:2) en skryf elders dat ons elke kans moet benut (Kolossense 4:5). Jesus demonstreef 'n leefstyl van gereedheid om te alle tye te dien en te deel. Soms beteken dit om op onverwagte plekke 'n geleentheid raak te sien (soos met Saggeus in Lukas 19:1-10), om gereed te wees in sosiaal uitdagende uitdagings (soos met die Samaritaanse vrou in Johannes 4:1-26), om moedig te wees in plekke van voorreg (onthou die sondige vrou by die Fariseër se huis in Lukas 7:36-50), om met sosiaal uitgeworpenes te deel (soos die genesing van die melaatses in Lukas 17:11-19) of die waarheid te verkondig tydens jou eie lyding (soos met die misdadiger aan die kruis in Lukas 23:39-43) ... en die lys gaan voort.

Billy Graham se veldtogte – waardeur hy vir meer mense gepreek het as enigiemand wat

al geleef het – was die beroemdste aspek van sy evangelisasie. Maar dit was nie die enigste manier waarop Billy gedurende sy lewe die evangelie gedeel het nie. Of hy nou presidente of koninklikes ontmoet het, op hoofstroom-televisieprogramme verskyn het, hulp gebring het na plekke wat deur natuurrampe getref is, oorsee aan troepe bedien het of gedeel het met individue wat hy langs die pad ontmoet het, Billy was altyd gereed, bereid en gewillig om die evangelie te deel met diegene wat hy ontmoet het.

Billy Graham was nie net gehoorsaam aan die Woord of om 'n baie intense interpretasie van die groot opdrag uit te voer deur verder te gaan as die mees voor die hand liggende bedieningsgeleenthede nie. Sy motivering om enige en elke geleentheid aan te gryp, spruit voort uit die feit dat hy waarlik die evangelie verstaan het, ontvang het en homself daaraan onderwerp het.

'n Evangelis sal (bo)natuurlike medelye vir die verlorene hê wat verder strek as die tevredenheid daarmee om 'n evangelisasie- of preekgeleentheid na te kom. 'n Evangelis is desperaat vir almal om die evangelie te hoor en te ontvang, selfs onder bedreiging van bestraffing of negatiewe gevolge en sal hulself nie daarvan kan weerhou om op elke geleentheid van Jesus te praat nie (Handelinge 4:18-20).

Die ongelooflike verhaal van Desmond Doss, wat onlangs uitgebeeld is in die Hollywood-flik Hacksaw Ridge, vertel van 'n man wat gedwing is om as 'n oorlogsmedikus aan te sluit gedurende die Tweede Wêreldoorlog, maar wat geweier het om onder enige omstandighede 'n geweer op te tel, as gevolg van sy toegewyde geloof in God. Hy is op die Japannese eiland, Okinawa, ontplooi het. Doss het homself daar agter die vyandige linies bevind op Hacksaw-rif. Onder hewige vuur van die vyand, maar steeds in staat om die gewondes se geroep – Amerikaners sowel as Japannese – te hoor, het Doss begin om almal te red wat hy kon,

wat ook behels het dat hy hulle teen die rif laat afsak het met 'n tydelike tou-en-katrolstelsel. Doss is deur 'n skerpskutter in die arm geskiet en daar is later ontdek dat hy sewentien stukke skrapnel in sy liggaam gehad het, en tog het hy aangehou vir solank hy daartoe in staat was om soveel moontlik mense te red. Toe daar jare later met hom 'n onderhoud gevoer is oor hierdie ongelooflike prestasie, het Doss verduidelik dat wanneer ook al hy uitgeput begin raak het en begin voel het dat hy niemand anders kan help nie, hy gebid het: "Here, help my net om nog een te kry". Dod's het 75 mense op daardie rif gered.

Dod's se gebed is die bede van die evangelis: "Here, deur elke geleentheid, hoe swaar of duur ook al, help my om nog een te kry".

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (10–20 MINUTE)

Bestee tyd daaraan om almal se nuus te hoor, stories en bemoediging te deel, sowel as terugvoer oor geleenthede en enigiets anders wat die groep kan bemoedig. In kleiner groepe, vra elke persoon om een oorwinning en een worsteling te deel wat hulle sedert die laaste byeenkoms beleef het. Vir groter groepe, kies vier of vyf mense om spesifieke getuienis te deel wat sedert die laaste byeenkoms gebeur het.

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies – hetsy positief of uitdagend – wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (20–30 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

- 'Petrus en Johannes was een middag
- op pad tempel toe. Dit was drie-uur, die
- gebedstyd. Net tóe word daar 'n man
- aangedra wat van sy geboorte af lam was.

- Mense het hom daagliks laat sit by die
- tempelpoort wat as Mooipoort bekend
- staan, om by die tempelgangers te bedel.
- Petrus en Johannes wou net in die tempel
- ingaan, toe hy hulle sien en 'n bydrae by
- hulle vra. Petrus kyk hom toe saam met
- Johannes stip aan, en sê: "Kyk na ons!"
- Die verlamde man kyk toe na hulle in die
- verwagting dat hy 'n bydrae gaan kry. Maar
- Petrus sê: "Geld het ek nie. Maar wat ek
- het, dit gee ek vir jou: Op gesag van Jesus
- Christus van Nasaret, staan op en loop!"

HANDELINGE 3:1-6 (NLV)

Dit is maklik om geleenthede te mis. Baie van die dinge waaroor mense later in die lewe spyt is, gaan ons gemiste geleenthede – die dinge wat hulle wens hulle gedoen het as hulle net die selfvertroue gehad het om dit te probeer of as hulle hul minder bekommer het oor wat ander mense van hulle sou dink.

Die wêreld van sosiale media het aanleiding gegee tot 'n nuwe fenomeen – die vrees om dinge mis te loop (FOMO). In 'n wêreld wat konstant in kontak is, kan ons heeltyd sien waarmee ander mense besig is – en wanneer dit lyk asof ander 'n beter lewenservaring as ons het, begin FOMO vlamvat. Oor die algemeen word FOMO dikwels beskou as 'n onbehelpsame en dikwels ongesonde nuwe-effek van die feit dat ons heeltyd met mekaar in verbinding is. Maar wat van dit wat ons in die Bybel lees? Het jy al ooit FOMO gehad terwyl jy gelees het oor Jesus se dissipels en die vroeë kerk se doen en late in die boek Handelinge?

Wanneer 'n mens in die Nuwe Testament oor die apostels lees, kan dit voel asof ons dieselfde vlak van avontuur misloop as wat hulle beleef het in die verkondiging van die evangelie. Alhoewel die meeste van ons nie 'n begeerte het om die vreesaanjaende goed te beleef nie – soos om gestenig te word nie – sou ons graag die tekens en wonders wou beleef wat die apostels se bediening vergesel het.

In Handelinge 3 bevind Petrus en Johannes hulle in 'n alledaagse situasie: 'n verlamde bedelaar wat hulle vir geld vra. Dit sou vir die apostels maklik gewees het om bloot by hierdie ongelukkige man verby te stap of net 'n klein donasie te gee en dan verder te gaan.

Maar kyk hoe spesifiek is die taal hier: In plaas daarvan om aan te stap, kyk Petrus en Johannes reguit na hom toe. Volgens die 1933-vertaling het Petrus en Johannes die man stip aangekyk en die man het sy oë op hulle gehou in die verwagting dat hy iets van hulle sou ontvang.

Vraag: Hoe stip kyk jy na die wêreld rondom jou? Hoe goed is jy daarin om die geleenthede wat opduik om die evangelie te verkondig wat buite jou normale bediening is (byvoorbeeld om die evangelie van 'n kansel af te verkondig), raak te sien en aan te gryp?

Die verlamde man het 'n geleentheid gesien om die ding te kry wat hy gedink het hy die nodigste gehad het – geld. Gelukkig vir hom het die apostels raakgesien wat opgeduik het en kon hulle vir hom gee wat hy regtig die nodigste gehad het – Jesus. Dit was 'n liefde vir die verlorene wat veroorsaak het dat Petrus en Johannes by hom gestop het, nie net medelye vir sy gestremdheid of sosiale status nie.

Die Bybel sê dat diegene wat die Here eer ook deur God geëer sal word (1 Samuel 2:30). Dit is veral waar wanneer ons die Here eer deur die lewe se “klein goedjies”. As ons bewys dat ons betroubaar is in die geheimenis – in die kleiner, minder opmerklike areas van die lewe – sal God groter dinge aan ons toevertrou. Dit kan 'n groter platform wees, maar waarom net tevrede wees met 'n groter gehoor? Beter nog as 'n groter platform is 'n groter demonstrasie van die Heilige Gees se krag in ons lewens. Die volle omvang van die Gees van die lewende God is vandag aan jou beskikbaar wanneer jy jou aan die Here onderwerp, maar dit lyk asof Hy dit die volste en die gereeldste toevertrou aan diegene wat Hy weet dit die beste sal gebruik tot sy diens. Enigiemand in die Israeliete se weermag kon met God se hulp vir Goliat verslaan het, maar dit was Dawid wat aangetree het en betroubaar was in die spesifieke taak en daarom is die pad na die troon vir hom geskep.

As jy die volle avontuur wil beleef, moet jy getrou wees in die klein goedjies, in die alledaagse geleenthede en dan moet ons kyk wat God doen. As jy sukkel om gemotiveer te word om daardie geleentheid aan te gryp, vra die Here om jou uit jou gemaksonne te haal en gaan voort om te kies om doelbewus te wees, selfs wanneer jy nie daarvoor lus is nie. As jy

daaroor skuldig voel dat jy geleenthede misloop en voel asof jy die Here in die steek laat, onthou dat die Here nie wil hê dat jy moet skuldig voel oor geleenthede wat misgeloop is nie; Hy wil hê jy moet die verlorene liefhê vanuit jou liefde vir Hom.

Nie een van ons is volmaak nie. Selfs die apostels het foute gemaak in hulle evangelisasie en het sekerlik op hulle reis ook geleenthede gemis. Die punt is nie om 'n onmoontlike standaard aan onself te stel wat druk op ons plaas nie, maar om onself binne die onvergelyklike liefde te hou wat die Here by die genade voeg. Dit is vanuit hierdie werklikheid wat ons groei en ontwikkel om toenemend getrou te word aan die geleentheid wat Hy dag vir dag voor ons plaas.

D.L. Moody het een keer gesê: “Die Here het vir my 'n reddingsboot gegee en gesê ... ‘Moody, red almal wat jy kan.’” Jou kapasiteit om te roei, om diegene te sien wat besig is om te verdrink en om hulle uit die water te red, word aangetref in jou liefde vir God en sy liefde vir die wêreld.

Hier is drie praktiese voorstelle vir hoe om meer bewus te wees van alledaagse geleenthede en daarin getrou te wees:

1. HOU 'N DAGBOEK

Daar is baie nuttige aspekte daaraan om 'n dagboek te hou. Skryf besonderhede oor jou dag neer terwyl jy geleenthede in gedagte hou. Saam met wie bring jy tyd by die werk deur? Stap jy gereeld in die stad by dieselfde hawelose persoon verby? Met wie praat jy by die skoolhekke? Deur in jou dagboek te skryf, kan hierdie mense voorop in jou gedagtes bly sodat jy vir hulle kan bid en dit kan ook gebruik word as 'n persoonlike verantwoordbaarheidskontrolelys: Voer jy doelbewus met verloop van tyd geloofgebaseerde gesprekke met hulle? Is die gesprekke al weke lank net oppervlakkig of het jy al pogings aangewend om oor dieper onderwerpe te gesels? As jy so voel, kan jy ook jou verantwoordbaarheidsmaats vra om jou dagboek te lees en vir jou vrae oor hierdie aspekte te vra.

2. STEL 'N UITDAGING

Waarom nie vir jouself uitdagings stel as jy sukkel om daaglikse geleenthede aan te gryp nie? Byvoorbeeld: “Hierdie week wil ek met

ten minste een vreemdeling oor Christus gesels.” Die uitdaging kan prakties sowel as verkondigend wees en moet verder strek as jou normale evangelisasiepraktyke.

3. MAAK DIT 'N AVONTUUR

Verander jou ingesteldheid van plig na avontuur. Ons het 'n evangelistiese verantwoordelikheid en ons wil gehoorzaam wees aan wat die Here ons vra om te doen, maar sonder liefde mis ons die punt. Dink aan die geleentheid in die week wat vir jou voorlê nie net was 'n lastige plig nie, maar as die toppunt van avontuur. Baie mense wat daaglik swoeg van nege tot vyf – selfs diegene wat van hulle werk hou – kan nie wag vir die naweek om aan te breek nie. Kan ons mense wees wat met daardie dieselfde afwagting nie kan wag vir die volgende geleentheid om oor Jesus te getuig nie? As ons kan, sal ons begin om die avontuur met 'n gesonde ingesteldheid aan te gryp, sodat ons selfs wanneer dinge uitdagend is, ons kan afstof en aangaan.

In die woorde van Martin Luther,

- ‘As hy geloof het, kan die gelowige nie bedwing word nie. Hy verraai homself. Hy breek los. Hy bely en verkondig hierdie evangelie aan die mense terwyl hy sy eie lewe waag.’

BESPREKING (20 MINUTE)

Onderzoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Het jy al ooit 'n voor die hand liggende geleentheid gemis? Wat het jy uit die ervaring geleer?
- Wat is die grootste uitdagings wat jy in die gesig staar wanneer jy elke geleentheid aangryp om die evangelie te verkondig?
- Hoe skep jy doelbewus geleenthede om die evangelie te verkondig wat andersins nie sou bestaan het nie?
- Bespreek die drie voorstelle uit die bespreking (hou 'n dagboek, stel 'n uitdaging, maak dit 'n avontuur). Kan jy die waarde van hierdie dinge insien en kan jy dit implementeer?

- ‘Hier is die beginsels – pas jou maatstawwe aan by die behoefte van die mense wat jy bedien. Jy neem die evangelie na hulle toe op so 'n wyse en binne sulke omstandighede as wat sal maak dat hulle daarna sal luister.’

• CATHERINE BOOTH

TOEPASSING (5 MINUTE)

Wees hierdie maand doelbewus daarop ingestel om geleenthede aan te gryp wat jy gewoonlik by verbystap of nie by sou betrokke raak nie. Is daar 'n ou vriend na wie jy kan uitreik? Kan jy ekstra tyd daaraan afstaan om by 'n hawelose persoon te gaan sit en met hulle te gesels? Koop jy gereeld koffie by dieselfde barista, en indien wel, kan jy die gesprek laat draai om oor Jesus te gaan?

Dit is amper gewaarborg dat almal in die groep aan 'n geleentheid in hulle normale werksweek sal kan dink waar hulle meer doelbewus daarvoor kan wees om oor Jesus te gesels. Verbind julle daartoe om hierdie geleentheid aan te gryp en doen volgende maand verantwoording teenoor mekaar oor hoe julle gevaar het. Onthou, dit gaan nie net daarvoor om na willekeur doelwitte en teikens te stel nie, maar om gewoontes en gedragspatrone te verander. Wat as doelbewuste optrede begin, kan met verloop van tyd verander in natuurlike gedrag.

Oorweeg dit om te begin om dagboek te hou.

GEBED

TDank die Here daarvoor dat Hy aan jou geleenthede verskaf om sy evangelie te verkondig en ons geloof met ander te deel. Vra Hom om aan jou spesifieke geleenthede binne situasies te verskaf waar jy vir deurbraak hoop en vir algemene geleenthede van dag tot dag. Bid vir mekaar dat julle die geleenthede rondom julle sal kan raaksien en om getrou te wees tydens elke een wat opduik

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorms, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

NOTES

SESSIE TIEN

DIE EVANGELIS SE VERBINTENIS

Die Bybel is die openbaring van God se uitnodiging aan ons om weg te draai van ons rebellie en te draai na 'n verhouding met Hom, deur geloof in Jesus Christus. Hoe verseker ons dat ons nie net verduidelik en aanbied wat die evangelie is nie, maar moedig 'n beroep op mense doen om te reageer op en uitvoering te gee aan wat hulle gehoor het?

Die bruidegom probeer aan al die moontlike redes dink waarom sy nie opgedaag het nie, en dan, skielik, tref die besef hom. Hy het nooit vir sy bruid gevra om met hom te trou nie.

'n Uitnodiging is noodsaaklik indien die geleentheid wat jy vir iemand het 'n antwoord vereis. Die kortste weergawe van Jesus se evangelieboodskap is soos volg deur Markus aangeteken: "Hy het gesê: 'Die tyd het aangebreek. God se koningsheerskappy gaan nou enige oomblik begin! Kom tot inkeer en glo die Goeie Nuus!'" (Markus 1:15, NLV).

DIE SESSIE IN EEN SIN

'n Evangelis is daartoe verbind om die volle boodskap van die evangelie te verkondig - wat 'n uitnodiging aan die luisteraar insluit om van koers te verander en ware lewe te ervaar deur geloof in Jesus Christus.

Die woord "inkeer" kan 'n paar probleme veroorsaak - hoofsaaklik omdat nie baie mense weet wat dit regtig beteken nie. Dit word dikwels geassosieer met 'n "draai of braai"-benadering tot die verkondiging van die evangelie, wat beteken dat baie mense dit in 'n uitspraak of 'n oordeel hoor. Die woord "inkeer" klink vir baie mense vandag nie na 'n "goeie nuus"-woord nie.

SESSIE-AGTERGROND

Verbeel jou daar is 'n bruidegom wat op sy troudag voor in die kerk staan. Hy kyk om hom rond in die pragtige versierde gebou, gevul met sy opgewonde vriende en familie in afwagting op die bruid se verskyning. Die vrou van sy drome sal nou enige oomblik arriveer. Tien minute gaan verby en die bruid het steeds nie opgedaag nie. 'Dit is tradisie dat die bruid 'n bietjie laat is', sê hy vir homself. Twintig minute gaan verby en daar is steeds geen teken van sy bruid nie. Hy lag senuweeagtig. Dertig minute gaan verby en daar is steeds geen bruid nie en geen boodskap om te verduidelik waarom sy laat is nie. Hy begin nou paniekerig raak terwyl die gaste al harder begin mor. Vyf en veertig minute gaan verby en steeds is daar geen bruid nie. Die gemor onder die gaste bereik kookpunt. Wat op aarde is aan die gang? Is sy net verskriklik laat of het sy die ondenkbare gedoen en besluit om glad nie op te daag nie?

Maar wanneer ons dit ten volle verstaan, bevat die woord "inkeer" 'n wonderlike openbaring van die waarheid van die evangelie. Dit beteken letterlik om van plan te verander, om die koers van jou lewe te verander. "Jy is in die verkeerde rigting op pad," sê Jesus. "Maar te danke aan My kan jy in die regte rigting gaan - die weg van waarheid wat na die Vader lei." Inkeer is werklik lieflike, goeie nuus, want dit gee aan almal die geleentheid om die lewe te ken in plaas van die dood. Ons het oordeel oor onself gebring deur ons rebellie teen God en inkeer is sowel die brandalarm om ons hiervan bewus te maak en die uitnodiging om die hoop van Jesus te ontdek.

Volgens Walter A. Elwell en Barry J. Beitzel het inkeer (bekering) drie elemente:

- 'Eerstens is dit 'n wegdraai van iets, wat
- spesifieke sondes, vals gode en bloot
- 'n lewe wat vir jouself geleef is insluit (1 Tessalonisense 1:9; Openbaring 9:20, 21 en 16:11). Tweedens is inkeer 'n produk van

die wil van God en sy genadige werk in die wêreld (Handelinge 11:18; Romeine 2:4; 2 Korintiërs 7:10; 2 Timoteus 2:25; 2 Petrus 3:9). Derdens beteken inkeer om na iemand te draai, 'n verbintenis van jou hele lewe aan God in Jesus Christus (Handelinge 14:15; 1 Tessalonisense 1:9; 1 Petrus 2:25). Dit is daarom 'n totale heroriëntasie, hetsy op skouspelagtige of ondramaties wyse, skielik of geleidelik, emosioneel of kalm, waardeur 'n persoon sy of hare volle trou na God oordra."

Die eerste predikers van die evangelie het sorgvuldig vir hulle luisteraars 'n geleentheid ingesluit om op hulle boodskap te reageer, nes Jesus gedoen het. 'n Beroep op inkeer was die hoogtepunt van die verkondiging van die Jesus-verhaal (Handelinge 2:37-39, 3:25-25, 4:12, 5:31, 10:43).

Die evangelie reik 'n uitnodiging aan die mensdom uit om op te hou om van God af weg te hardloop. Deur geloof in Jesus Christus kan ons omdraai en na God kyk – en wanneer ons dit doen, kan ons ons gedagtes toelaat om verander te word deur die waarheid van wie Hy is, en om te sien hoe ons lewens verander word deur die krag van sy Gees.

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (10–20 MINUTE)

Bestee tyd daaraan om almal se nuus te hoor, stories en bemoediging te deel, sowel as terugvoer oor geleenthede en enigiets anders wat die groep kan bemoedig. Deel oor ekstra geleenthede wat jy teëgekome het na aanleiding van die vorige sessie (Sessie Nege: Toepassing).

GEBED

Wy hierdie tyd aan die Here toe en dank Hom vir die geleentheid wat jy in die afgelope paar weke gehad het om die evangelie met ander te deel. Bid vir diegene wat deur daardie geleenthede hulle vertroue in Jesus gestel het.

LERING (30–40 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

'Petrus se woorde het hulle diep geraak. Hulle het toe vir Petrus en die ander apostels gevra: "Geagte volksgenote, wat moet ons doen?" Petrus antwoord hulle: "Kom tot inkeer en maak reg met God. Laat julle in die Naam van Jesus Christus doop sodat julle sondes vergewe kan word, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. Hierdie belofte is bedoel vir julle en julle kinders, en selfs vir die nie-Jode – almal wat die Here ons God sal naderroep."

HANDELINGE 2:37-39, NLV

'n Uitnodiging is net soveel deel van die evangelie-boodskap as die kruis self. Nadat hy die koms van die Heilige Gees tydens Pinkster beleef het, het Petrus begin om te preek vir die skare wat daar bymekaar was. Deur die werking van die krag van die Heilige Gees in sy prediking is die skare "diep geraak" toe hulle die evangelie-boodskap aangehoor het.

Kan jy jou indink hoe die verhaal hier 'n ander wending neem? Nes die skare gereed is om hulle vertroue in Jesus te stel, sê Petrus: "Baie dankie en goeie nag!" en stap dan na sy preek daar weg na 'n welverdiende ete saam met sy vriende. Die skare is deur sy boodskap aangeraak, maar is nou verward oor hoe om dit in hulle lewens toe te pas en hulle keer weer terug na hulle lewens met meer vrae as antwoorde omdat hulle nie die geleentheid gegun is om hulle vertroue in die Jesus te stel wat Petrus hulle van vertel het nie.

Gelukkig is dit nie wat gebeur het nie! Petrus het 'n uitnodiging aan hulle gerig en die skare genooi om hulle te bekeer – en het sodoende vir hulle 'n konkrete manier gegee om uitvoering te gee aan die boodskap wat hulle gehoor het en te reageer op die uitnodiging van die Gees wat hulle in hulle harte ervaar het. Die volle evangelie sluit 'n uitnodiging tot inkeer in, sowel as 'n verduideliking van hoe om te reageer om dit wat hulle gehoor het. Die dissipels was ten volle daartoe verbind om die volle evangelie te verkondig, en ons moet ook wees.

Die van julle wat gereeld preke of praatjies voorberei, sal weet hoe belangrik dit is om

maniere in te sluit waarop jou boodskap in die alledaagse lewe toegepas kan word. Jesus se prediking, en dié van die apostel, was vol toepassing. Jesus se eerste verkondiging van die evangelie in Markus – 'n beroep om hulle te bekeer en die evangelie te glo (Markus 1:15, 1933-vertaling) – gaan omtrent net oor toepassing. Hy sê vir hulle: "Julle is in die verkeerde rigting op pad, julle moet omdraai en 'n herskepping beleef!"

Regdeur die evangelies rig Jesus herhaaldelik 'n uitnodiging: "Kom na My toe, julle almal wat moeg is" (Matteus 11:28, NLV), "Kom kyk self en julle sal sien" (Johannes 1:39, NLV), "Kom agter My aan" (Matteus 4:19, 1933-vertaling), "As jy dors is, kom dan na My toe en drink" (Johannes 7:37, NLV) en "Kom eet!" (Johannes 21:12, 1933-vertaling).

Hierdie uitnodigings is nie na willekeur of onbeduidend nie, dit openbaar Jesus se identiteit aan die wêreld en het werklike gevolge wanneer dit aanvaar of verwerp word. Die bepalende aspek van 'n uitnodiging is dat dit 'n reaksie vereis. Om selfs net op die draad te sit, is so goed soos om die uitnodiging te verwerp, want net 'n "Ja" lei tot aanvaarding van die uitnodiging en die seëninge wat daarop volg.

Vraag: Kyk na die volgende drie Bybelse voorbeelde van uitnodigings en bespreek dit as 'n groep.

DIE DISSIPELS WORD GEROEP (MARKUS 1:17)

Jesus se uitnodiging is persoonlik

DIE UITNODIGING AAN DIE RYK JONG MAN (MATTEUS 19:16-22)

Jesus se uitnodiging kom teen 'n prys

DIE UITNODIGING AAN LASARUS WAT DOOD WAS (JOHANNES 11:43)

Jesus se uitnodiging is kragtig

Die geleentheid om op die evangelie te reageer, is die belangrikste aspek van ons prediking. Om die evangelie opreg te verkondig, moet ons altyd ruimte laat vir 'n uitnodiging om Jesus as Heer en Verlosser te aanvaar.

Dit kan moeilik wees – en sommige evangelisasiegeleenthede verleen hulself beter as ander daartoe om 'n uitnodiging te rig. So, hoe kan ons getrou 'n geleentheid vir reaksie deur ons evangelisasie skep, in watter konteks en situasie ons onself ook al bevind? Hetsy vanaf 'n verhoog of in 'n een-tot-een-opset, ons moet daartoe verbind wees om nie net mense te vra of hulle 'n Sondagdiens wil kom bywoon nie (alhoewel ons dit gerus ook kan doen), maar om mense na die koninkryk van God te nooi. Ons sal nie 'n stap-vir-stap-gids hiervoor in die Skrif aantref nie, maar hierdie beginsels bied 'n goeie beginpunt:

VRA REGUIT VRAE

Hou jou vrae reguit en saaklik. Nadat jy byvoorbeeld verduidelik het wie Jesus is en wat dit beteken om Hom te volg, kan jy bloot vra: "Wil jy vandag jou vertroue in Jesus Christus stel en jou lewe in 'n verhouding met Hom begin?"

As jy 'n illustrasie of gelykenis gebruik het om 'n aansluitingspunt met jou gehoor te vind, kan jy dit as fokuspunt gebruik. As jy byvoorbeeld deel uit die verhaal van die verlore seun: "Die Here roep jou vandag huis toe. Wil jy huis toe kom na die Vader se omhelsing, nes die verlore seun gedoen het?" Hierdie vraag help jou om te sien of die luisteraar daarvoor ontvanklik is om vir Jesus ja te sê. Daarna kan jy groter duidelikheid oor hulle antwoord verkry, maar jou aanvanklike vraag moet direk en eenvoudig wees en gekoppel wees aan die boodskap wat jy reeds gedeel het.

NEEM SOVEEL TYD NODIG IS

Wanneer jy met 'n gehoor praat, moet jy vir so lank wag as wat jy gelei voel om die Gees toe te laat om mense se harte aan te raak. Hoe lank dit neem (of hoe ongemaklik dit voel), is grootliks irrelevant. Wat saak maak, is dat mense tyd het om na te dink oor wat gedeel is en dat jy ruimte vir God toelaat om te doen wat Hy wil doen. In een-tot-een-situasies kan dit wees dat die persoon tyd en ruimte nodig het om te dink en daarom kan julle afsprek om weer op 'n ander tyd bymekaar te kom om verder daaroor te praat.

STEL DIE VERWAGTING DUIDELIK

Verduidelik wat sal gebeur indien die persoon ja sê en wat dit is wat hulle na uitgenooi word. Verduidelik byvoorbeeld dat julle saam sal bid en dat jy dalk vir hulle 'n Bybel en 'n leesplan sal gee of hulle in kontak sal bring met jou/'n kerk of 'n dissipelskapgroep wat kan opvolgwerk doen. Stel dit duidelik dat hulle lewens nie onmiddellik ten goede sal verander nie, maar dat deur daaglikse toewyding aan Jesus, die volheid van die lewe wat Hy bied, al meer in fokus sal kom. Verduidelik aan hulle meer oor die praktiese volgende stappe, en die geestelike werklikheid van die lewe van dissipelskap wat op ons eerste reaksie op Jesus volg.

VIER AANVAARDING, WEES INNEMEND TEENOR WEIERING

Indien 'n persoon aandui dat hulle die uitnodiging wil aanvaar, wees versekerend en vreugdevol. Moenie dat dit aangesit wees nie – as jy nie werklik opgewonde is oor hierdie reaksie nie, moet jy dalk in die eerste plek nie die evangelie verkondig nie. So ook, indien 'n persoon voorwaardelik of reguit nee sê, wees innemend en nederig. Probeer om die persoon wat die uitnodiging weier met 'n oop uitnodiging te laat wat hulle op hulle eie kan aanvaar indien die Here Homself op 'n ander tyd aan hulle openbaar, en indien moontlik, gee hulle jou of 'n plaaslike gemeente se kontaknommer met wie hulle kan kontak maak indien dit gebeur.

Een van die algemeenste redes waarom mense nie op die evangelieboodskap reageer nie, is omdat niemand vir hulle vra om daarop te reageer nie. Een van die algemeenste redes waarom evangeliste nie 'n uitnodiging rig nie, is uit vrees dat niemand sal reageer nie en dat hulle (of die evangelie) dan simpel sal lyk. Maar die krag van verlossing is nie joune nie en selfs Jesus het mense gehad wat weggeloop het van Hom en sy uitnodiging geweier het. Ons is bloot geroep om getrou te wees aan die evangelieboodskap, uitnodiging en al, en wat ook al daarop volg. Om die waarheid te sê, Christus se uitnodiging is vir ons om ons kruis op te neem en Hom te volg (Matteus 16:24, 1983-vertaling). Dit beteken dat ons ook in ons evangelisasie onself moet verloën, wat dit ook al kos en ongeag hoe simpel ons dalk lyk.

Jesus en die apostels het uitnodigings gerig wanneer hulle die evangelie verkondig het, en

ons moet ook. Wat ook al die reaksie is, ons kan verseker wees dat ons getrou was aan die evangelieboodskap en die sentrale beroep om inkeer en vertroue in Jesus Christus. Die Here sal sorg vir die res.

BESPREKING (15 MINUTE)

Ondersoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Is dit moontlik om opreg die evangelie te verkondig sonder om 'n aanbod van geloof in Jesus aan te bied?
- Wat is vir jou maklik/moeilik aan die aanbod-aspek van evangelisasie?
- Wat het jy geleer oor hoe mense op die evangelisasie reageer wanneer jy geëvangelizeer het?

- 'Die evangelie is God se oproep, deur prediking, aan die luisteraar om 'n besluit te neem wat hom na 'n nuwe dimensie van bestaan sal neem.'

• MICHAEL GREEN

TOEPASSING (5 MINUTE)

Wees daarop ingestel om elke keer wanneer jy die evangelie deel, doelbewus 'n uitnodiging te rig om op die evangelie te reageer. Dalk is jy 'n verhoogprediker wat sukkel op hierdie gebied. Eksperimenteer met verskillende maniere om 'n uitnodiging te rig en moenie bang wees om simpel te lyk indien niemand reageer nie. Net so kan jy dalk iemand wees wat baie goed daarmee is om gesprekke met mense oor Jesus te inisieer en te voer, maar jy sukkel om dit by die volgende stappe uit te bring. Wees hierdie maand moedig en vra ten minste een persoon, na aanleiding van 'n gesprek oor die evangelie, of hulle hul vertroue in Jesus wil stel.

GEBED

Dank die Here vir die uitnodiging wat Hy aan ons rig om met Hom versoen te word. Vra Hom vir moed wanneer jy die evangelie deel en dat ons duidelik en vol vertroue sal wees wanneer ons 'n beroep op mense doen om hulle te

bekeer – help hulle om nie veroordeling te sien nie, maar hoop. Bid dat harte ontvanklik sal wees tot hierdie uitnodiging.

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorms, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

NOTES

SESSIE ELF: DIE EVANGELIS SE INSPIRASIE

As evangeliste is dit nie net ons taak om die evangelie aan die verlorenes te verkondig nie, maar om die kerk tot evangelisasie te beweeg. In hierdie sessie sal ons ondersoek oor hoe ons die vuur in ons kerk aan die brand kan kry om te help om diegene rondom ons toe te rus om aan God getrou te wees in evangelisasie.

Paulus sê vir ons in Romeine dat ons nie aan hierdie sondige wêreld gelyk moet word nie, maar dat God ons moet verander deur ons denke te vernuwe (Romeine 12:2, 1983-vertaling). As God se heilige volk is ons die oorspronklike beïnvloeders met 'n boodskap wat lewe, vryheid en hoop bring.

In Sessie Sewe het ons onself daaraan herinner dat sout sonder geur nutteloos is. 'n Sosialemedia-beïnvloeder se mag berus op hoeveel volgelinge hulle het en hoeveel daardie volgelinge aanklank vind by wat ook al dit is wat hulle bevorder. Vir die kerk is ons kenmerkendheid baie belangriker en die prys daarvan om dit te verloor, is baie hoër. 'n Sosialemedia-beïnvloeder kan hulle roem en hulle loopbaan verloor wanneer hulle invloed vervaag, maar indien die kerk se invloed vervaag en die kerk sy kenmerkendheid verloor, gaan die wêreld die geleentheid misloop om te sien hoe die evangelie uitgeleef word en te hoor hoe dit verkondig word op 'n manier wat hulle kan verstaan.

DIE SESSIE IN EEN SIN

Saam met die verkondiging van die evangelie aan die wêreld, sal 'n evangelis ook daartoe verbind wees om die kerk aan te vuur tot evangelisasie deur heiliges aan te moedig en toe te rus vir diens.

SESSIE-AGTERGROND

Terug in Sessie Twee, toe ons nog in die vroeë stadiums van die Advance-groep se reis was, het ons die evangelis se identiteit omskryf as om die boodskapperkinders van ons Hemelse Vader te wees. Met dit in gedagte, watter verantwoordelikheid het ons as evangeliste, nie net in die wêreld nie, maar ook in ons eie gesin en die kerk?

Sedert die ontwikkeling van sosiale media het 'n nuwe tipe ster ontwikkel, die sogenaamde "beïnvloeder". Dit is mense wat soveel volgelinge op 'n sosialemediaplatform het (veral op YouTube) dat hulle 'n massa-invloed op mense kan hê. Dit is nie 'n totaal nuwe konsep nie – sterre vanuit die vermaak- en sportwêreld vertel al jare vir ons deur bemarking wat om te dra, te eet, te drink en hoe om te ruik. Maar hierdie generasie sterre is beslis die eerste wat volgelinge gekry het met die uitsluitlike doel om te beïnvloed.

Evangeliste is passievol daarvoor om te sien hoe die wêreld die evangelie ontvang, maar ons moet ook passievol voortgaan om die kerk aan te spoor om die evangelie-invloed na die wêreld uit te dra. Daar is immers geen "Plan B" as dit by die evangelie kom nie en die kerk van Jesus Christus is die evangelie se enigste ambassadeurs. Wanneer ook al die kerk dit vergeet of verward raak, moet evangeliste dit liefdevol aanvuur en die vure van evangelisasie weer stook sodat die invloed van die evangelie helder kan skyn sodat almal dit kan sien.

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (10–20 MINUTE)

Beste tyd daaraan om almal se nuus te hoor, stories en bemoediging te deel, sowel as terugvoer oor geleenthede en enigiets anders wat die groep kan bemoedig. Deel oor julle ervarings om mense te nooi om op die evangelie te reageer na aanleiding van die vorige sessie (Sessie Tien: Toepassing).

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies – hetsy positief of uitdagend – wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (20–30 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

- 'Hy het sommige as apostels gegee, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars, om God se mense toe te rus vir hulle dienswerk. Hulle werk is om Christus se liggaam op te bou. So sal ons uiteindelik almal deur geloof en deurdadigheid ons die Seun van God ken, 'n eenheid vorm, 'n volmaakte mens, wat aan die standaard van Christus se volmaaktheid voldoen.'

EFESIËRS 4:11-13, NLV

Selfs diegene wat 'n groot platform het, benodig inspirasie in die lewe, soos Hollywood-aksieheld Dwayne "The Rock" Johnson getuig:

- 'Toe ek agt jaar oud was, het ek Raiders of the Lost Ark in Charlotte, North Carolina gaan kyk. Ek het daar uitgestap en ek was so geïnspireer. Ek was dol oor die flik en ek het geweet dat ek daardie ou wou wees.'

Vraag: Het jy al ooit iemand teëgekom wat so inspirerend was dat jy onmiddellik wou doen wat hulle doen of wees soos hulle is? Wat is dit aan hulle of wat hulle gedoen het wat hierdie impak op jou gehad het?

Hetsy dit 'n familielid, historiese figuur, popkultuur-ikoon of selfs 'n fiktiewe karakter is, ons kan op allerhande plekke inspirasie vind. Van hierdie inspirasie affekteer die stokperdjies en loopbane wat ons najaag en kan selfs ons karakter en wêreldsiening vorm. Soms werk dit andersom – 'n mens sien iemand wat so talentvol is dat dit jou daarvan ontmoedig om iets na te jaag: "Wat is die punt, ek sal nooit so goed wees soos hulle nie!"

Daar is talle inspirerende Bybelfigure, en dit is goed om op te kyk na geloofshelde, sowel in en buite die Bybel – veral wanneer ons beseft dat, so indrukwekkend soos hulle ook al mag wees, hulle net gewone mense was wat aan God getrou was. Om te weet dat die rede waarom Moses in krag met Farao kon praat niks te doen gehad het met sy welsprekendheid nie en alles te danke was aan sy getrouheid aan God se roeping en sy onderwerping aan sy krag, is bemoedigend en inspirerend. Die Here bly dieselfde, dus kan ons ook dieselfde dinge vermag.

Uiteindelik is daar net een persoon wat ons sowel kan inspireer en bemagtig. In Jesus het ons sowel die volmaakte rolmodel vir hoe ons lewens moet wees en die volmaakte krag waardeur ons kan hoop om so te leef. Wanneer ons deur Jesus se voorbeeld en lering genoopt word en deur Hom bemagtig word vir ons lewe van geloof, moet ons die moontlike invloed in ag neem wat ons op die mense rondom ons het.

Paulus skryf in Efesiërs dat Jesus die kerk met verskillende gewesenes geseën het wat vir sy koninkryksdoeleindes nuttig is. Evangeliste word gelys tesame met apostels, herders, leraars en profete en Paulus skryf dat mense wat die gewesenes gebruik om hierdie roepings uit te leef, die kerk sal toerus vir dienswerk en die liggaam van Christus sal ophou.

- "... iewers het 'n idee na vore gekom en baie gewild geraak in die Christelike gemeenskap ... Dit is dat die kerk se bediening gedoen moet word deur die betaalde, professionele, teologies-opgeleide predikante. Volgens

- hierdie sienings is dit die lekedom se doel om die voordele van bediening te ontvang ten opsigte van prediking, berading en troos en daardie ander dinge wat ons in die kerk probeer verskaf. Maar die rede waarom sekere gewesenes aan leierskap gegee word, is om gelowiges toe te rus vir bediening. Die kerk moet 'n gemobiliseerde weermag wees.'

R.C. SPROUL

Dit sal verkeerd wees om na die bedieningsrolle in Efesiërs 4 te kyk en tot die slotsom te kom dat dit na sekere spesiale mense in ons kerke verwys. Paulus se brief openbaar iets veel beter. Hierdie bedienings bestaan omdat die kerk spesiaal is en die Here werk deur gewone mense om te verseker dat dit in volwaardigheid as een liggaam groei. Ons sorg vir diegene in ons kerkgemeenskap terwyl ons uitreik na diegene buitekant. Almal kan saamspeel.

Ons het 'n verantwoordelikheid om ons gewesenes goed te gebruik, en dit beteken om doelbewus inspirerend te wees. Dit beteken ook dat, deur die nederigheid en heiligheid wat ons in vorige sessies ondersoek het, ons die voorbeeld moet stel om enige misbruik van hierdie gewesenes te verhoed omdat dit kan lei tot verdeeldheid in die kerk. Trots, ego, afguns en die misbruik van mag is almal kortpaaie na verdeeldheid.

Vraag: Wie in jou kerk sal die waarskynlikste as inspirerend beskou word en, met dit in gedagte, watter rolle en funksies sien jy in die kerk wat mense vandag na streef? Dalk is dit om 'n pastoor of 'n jeugwerker te word, 'n aanbiddingsleier of 'n Sondagskoolonderwyser. Streef mense daarna om te getuig en te evangeliseer, en indien nie, waarom nie?

Hier is vier maniere waarop ons kan poog om ander te inspireer om die evangelie getrou te deel:

1. VERKONDIG DIE EVANGELIE

Een van die beste maniere om mense te inspireer om die evangelie te deel, is om dit gereeld by ons byeenkomste te doen. Nog 'n manier is om ons Christenbroers en -susters na

geleenthede te nooi waar ons preek – nie net vir hulle biddende ondersteuning nie, maar ook om hulle geloof te bou wanneer hulle die krag van geloof sien werk wanneer mense Jesus vir die eerste keer leer ken. Wanneer ons die evangelie verkondig, moet ons voortdurend bekragtig dat evangelisasie 'n voorreg vir alle gelowiges is.

2. BEREI GETUIENIS VOOR

Help mense om te dink oor hulle getuienis en die impak wat God op hulle lewe gehad het vandat hulle Hom die eerste keer ontmoet het tot op hede. Hoe het hulle die eerste keer hulle vertrou in Hom gestel en wat het Hy onlangs in hulle lewens gedoen? Om doelbewus 'n getuienis voor te berei, is 'n goeie manier om mekaar te inspireer en toe te rus vir evangelisasie en is 'n daad van aanbidding wanneer ons die Here dank vir wat Hy in ons lewens gedoen het.

3. MAAK DIE VERTEL VAN STORIES 'N PRIORITEIT

Tydens ons byeenkomste en gesprekke moet ons gereeld stories deel oor ons evangelistiese aktiwiteite. Vier dit en word bemoedig wanneer jy sien hoe die Here deur jou werk en kies om positief en konstruktief te dink oor wat jy kan leer uit situasies waar dit klaarblyklik nie so goed gaan nie. As jou gemeenskap stories hoor van hoe die Here deur gewone mense net soos hulle werk, sal hulle vertrou toeneem dat God hulle ook kan gebruik.

4. SKEP GELEENTHEDE

Skep deur jou kerk en jou wyer vriendekring geleenthede vir mense om by evangelisasie betrokke te raak. Reël plaaslike en internasionale uitreikgeleenthede, nooi mense om deel te wees van 'n bedieningspan by geleenthede wat jy aanbied of neem vriende vir 'n paar uur uit vir straatevangelisasie. Die maniere waarop jy dit kan doen, is talloos: verskaf 'n bietjie opleiding voor julle gaan en gesels oor wat gebeur het wanneer julle terugkom. Mettertyd sal mense gemakliker raak en sal hulle die ervarings van hierdie "formele" geleenthede in hulle alledaagse lewens begin toepas. Dan sal hulle evangelisasie vordering maak van 'n georganiseerde sendingweek na 'n alledaagse geleentheid.

Hoe ons ook al te werk gaan, as evangeliste moet ons daartoe verbind wees om ons broers en susters in Christus aan te vuur en te help om die volheid van hulle identiteit as die boodskapperkinders van God te betree.

BESPREKING (15 MINUTE)

Ondersoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Wat beteken dit om die kerk op te bou op die manier wat Paulus in Efesiërs beskryf?
- Hoe behou ons kenmerkendheid in die wêreld as volgelinge van Jesus en in die kerk as passievolle evangeliste?
- Buiten die vier maniere wat ons in hierdie sessie ondersoek het, hoe kan ons ander inspireer tot evangelisasie?

• 'Julle is die lig wat die wêreld moet verlig. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan mos nie weggesteek word nie! 'n Mens steek ook nie 'n lamp op en maak dit onder 'n emmer toe nie. Inteendeel! Jy sit dit bo-op 'n lampstaander. Dan maak dit lig vir almal in die huis. Julle moet so voorbeeldig lewe dat julle 'n helder lig sal laat uitstraal. Dan sal die mense dit sien en julle hemelse Vader daarvoor prys.'

• MATTEUS 5:14-16, NLV

TOEPASSING (10 MINUTE)

Hopelik sal julle steeds die begeerte hê om na die einde van die eerste jaar steeds in hierdie groep te bly en voort te gaan om saam as evangeliste te groei. Maar tesame met om die kerk te inspireer tot evangelisasie, is dit nou 'n goeie tyd om te begin dink oor hoe dit sal wees om jou eie Advance-groep te lei.

Vermenigvuldiging is 'n kernbeginsel van die Advance-beweging, want dit behoort ons begeerte as evangeliste te wees om ander aan te moedig in hulle evangelisasie. Bestee tyd daaraan om 'n lys saam te stel van mense wat dalk daarin sou belangstel om dieselfde reis te onderneem waarop jy was en begin om in die komende weke na hulle uit te reik. Gebruik jou ervaring uit hierdie groep en die

Advance-hulpbronne om jou te help om jou eie groep te beplan en te organiseer.

GEBED

Spend time praying for the local church, that all within it would be faithful to the gospel call on their lives. Pray for opportunities to encourage others, and pray to commission each member of the group to not only proclaim the gospel to a world in need, but to inspire and equip other followers of Jesus to do the same.

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorme, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

NOTES

SESSIE TWAALF: WEGBREEK

Die hoogtepunt van die eerste jaar van 'n Advance-groep is die tyd wat saam by die wegbreek deurgebring word. Hoe jy besluit om dit te doen, hang van jou af, maar hier sal jy voorstelle vind van hoe om die tyd saam te bestee ooreenkomstig die algemene beginsels van Advance-groepbyeenkomste en om die eerste jaar op gefokusde wyse af te sluit.

HOE OM 'N ADVANCE-GROEPSWEGBREEK TE LEI

Die algemene idee is om weg te kom van die normale ligging en 'n langer tyd opsy te sit as vir die gereelde groepsessies. As julle net 'n oggend, middag of aand kan afstaan, moet julle hierdie tyd ten beste benut, maar waar moontlik, is 'n voldagwegbreek meer voordelig.

Hier is 'n paar idees van wat julle gedurende daardie tyd kan doen.

KERNSKRIFGEDEELTE

Die volgende gedeelte uit Kolossense sal goed werk as Skrifgedeelte vir julle tyd saam as julle op soek is na 'n spesifieke fokus gedurende die wegbreek:

• 'Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging; en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is; dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek. Wandel in wysheid teenoor die wat buite is en koop die tyd uit. Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.'

• KOLOSSENSE 4:2-6, 1933-VERTALING

In hierdie kort Skrifgedeelte is daar twaalf goed wat Paulus noem wat ondersoek en bekragtig kan word vir ons evangelisasie:

1. Volhard (volhard in die gebed)
2. Moedig geestelike gemeenskap aan (bid tegelykertyd ook vir ons)
3. Maak staat op God (dat God vir ons die deur mag open)
4. Verbind julle daartoe om van Christus te praat (om te spreek van die verborgenheid van Christus)
5. Begeer duidelikheid (dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek)
6. Aanvaar opofferings vir die evangelie (waarvoor ek ook in boeie is)
7. Maak staat op die wysheid vanuit die hemel (wandel in wysheid)
8. Gryp geleenthede aan (koop die tyd uit)
9. Praat en luister (julle woord)
10. Wees genadig en nederig (aangenaam)
11. Wees kenmerkend (met sout besprinkel)
12. Wees voorbereid (sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord)

Hoe julle die sessie saam of alleen bestudeer (sien hieronder), hoe julle hierdie punte uitlig en hoe julle dit saam bespreek, hang van julle af, afhangend van hoe julle jul wegbreektyd bestuur. Maar hou hierdie gedeelte en hierdie punte in gedagte wanneer julle na die voorgestelde aktiwiteite hieronder kyk.

WOORD

Die hoofdoel van die Advance-groep is om mekaar te help om te groei as evangeliste

wat verbind is tot die Woord van God. Hierdie wegbreektyd is 'n wonderlike geleentheid om dieper in sy Woord te delf.

LANGER TYD VIR BYBELLEES

Langer tyd wat deurbring word met die Woord van God is nooit vermors nie. Om tyd daarvan te bestee om die hele Markus-evangelie of een van die Nuwe Testamentiese briewe op een slag deur te lees, is 'n wonderlike manier om 'n volledige perspektief te kry oor die inhoud van daardie boek. As dit 'n korter boek is, kan dit verskeie kere deurgelees word en kan daar tussen elke deurlees daarvoor gebid en nagedink word, aantekeninge gemaak word en dan weer gelees word. Julle kan kies om almal dieselfde boek te lees of verskillende opsies hê en dat mense dan deel oor hulle tyd van lees en nadenke.

BYBELSTUDIE (GROEPLEES)

Daar is 'n aantal maniere waarop jy 'n gesamentlike Bybelstudie tydens die wegbreek kan fasiliteer. Dalk wil jy weer gaan kyk na van die belangrike Skrifgedeeltes wat julle in die Advance-groepsessies bestudeer het. Jy mag dalk ook gelei voel om gebruik te maak van 'n spesifieke gedeelte of tema wat die gees van die wegbreek sal aangee. Soos altyd moet jy seker maak dat dit aansluit by die tema van om mekaar as evangeliste te ontwikkel.

BONUSSESSIES OF ANDER ADVANCE-HULPBRONNE

Een of albei die bonusessies in hierdie gids kan gebruik word om 'n tipiese Advance-groepsessie as deel van die wegbreek te hê. Jy mag dalk ook idees hê vir hoe jy 'n Advance-groepsessie kan lei in dieselfde formaat as wat ons gebruik het, maar met jou eie inhoud. Hier is net 'n paar idees vir onderwerpe vir sessies wat jy saam met jou groep kan ontdek:

- Die Drie-eenheid
- Die koninkryk van God
- Die kruis
- Die opstanding
- Die vrugte van die Gees

- Aanbidding en evangelisasie

DEEL MET ANDER GELOWE

Jy kan dalk ook gaan kyk na die One Thing-blog op die Advance-webwerf (advancegroups.org) waar 'n aantal verskillende evangeliste deel oor die een ding wat hulle wens hulle geweet het voor hulle die evangelie begin verkondig het. Hierdie kort gedeeltes is uitstekende hulpbronne om besprekings mee af te skop.

NUWE HULPBRON

Hopelik sal julle as groep na die eerste jaar steeds wil voortgaan. Nog 'n manier waarop jy aan die groep inhoud kan verskaf, is deur tussen die sessies saam 'n boek te lees en dan die sessies daarvoor aan te bied en dit te bespreek. Die "Aanbevole leeswerk"-gedeelte aan die einde van hierdie gids (bladsy 68) sal vir jou talle opsies gee, maar dié wat in vetdruk gedruk is, is veral nuttig, want dit is kort, die onderwerp is relevant en dit sluit besprekingsvrae in.

GEBED

Maak gedurende die wegbreek tyd vir gebed. Beplan gebedstye met 'n spesifieke fokus, sowel as tyd om deur die Skrif te bid en vir spontane gebed. Wat julle ook al nog gedurende die wegbreek in gebed doen, die volgende drie fokusse word aanbeveel.

BID VIR MEKAAR

Maak seker dat om vir mekaar te bid 'n primêre element is gedurende julle tyd saam. Vra groeplede om een area te deel waarvoor hulle dankbaar is teenoor God en vir een area waar hulle voorsiening of 'n deurbraak benodig. Moedig groeplede aan om spesifiek en eerlik te wees met hulle versoeke, en moenie dit afjaag nie, maar gee mekaar genoeg tyd. Maak seker dat jy enige woorde en bemoediging aanteken wat gedurende hierdie tyd geopper word.

BID VIR DIE PLAASLIKE EN WÊRELDWYE KONTEKS

Bestee tyd daaraan om vir julle plaaslike konteks te bid sowel as vir die wêreldwye verspreiding van die evangelie. Indien daar spesifieke situasies is wat in besonder op julle hart druk in hetsy die plaaslike of wêreldwye konteks,

bid daarvoor. Hef individue, kerke, situasies, bedienings, sendelinge, situasies uit die nuus en so meer op.

BID VIR DIE ADVANCE-REIS

Dank die Here vir die reis waarop julle as groep was, dink terug aan persoonlike groei en stories van waar julle vrug gedra het of daar verlossing gekom het. Vra die Here om sy werk voort te sit wat Hy in julle begin het sodat julle al hoe meer verander sal word om soos die Here te lyk, met 'n heerlijkheid wat steeds toeneem (julle kan deur 2 Korintiërs 3:17-18 bid).

AANBIDDING

Tyd wat bestee word aan God se Woord, gebed en in gemeenskap met mekaar is alles deel van aanbidding. Maar bestee tyd aan spesifieke dade van aanbidding – hetsy deur sang of 'n ander vorm van kreatiewe uitdrukking.

AANBIDDING WAT GESING WORD

As julle iemand ken wat musikaal is, kan hulle genooi word om 'n aantal aanbiddingsliedere te kom lei. Andersins is daar 'n groot aantal korporatiewe aanbiddingstoepassings en -video's wat aanlyn beskikbaar is en waarvan baie gratis is. 'n Vinnige YouTube-soektog sal jou uitbring by 'n weergawe van die lied met lirieke by wat vir die groep gespeel kan word om mee saam te sing. Daar is krag daarin as God se volk saamsing om sy heerlijkheid te verklaar.

UITSTUUR

Nog 'n manier waarop julle saam kan aanbid, is deur mekaar voor God uit te stuur in die evangelistiese taak waarvoor Hy julle geroep en toegerus het. Aan die einde van die eerste jaar van julle Advance-groep sal dit bemoedigend en bekragtigend wees om aan hierdie mylpaal erkenning te gee en die Here daarvoor te dank en vir mekaar te bid met die vooruitsig om weer met die evangelie van verlossing en tot die heerlijkheid van God in die wêreld uit te gaan.

GEMEENSAP

Wanneer ons saam bymekaarkom, groei ons vriendskap met en vertrou in mekaar. Die gemeenskap van julle Advance-groep was

hopelik vir elkeen tot seën en tydens die wegbreek kan julle jul verbintenis daartoe voortsit om aan mekaar verantwoordbaar te wees en mekaar se geselskap te geniet.

VERANTWOORDBAARHEID

Tot dusver was verantwoordbaarheid 'n noodsaaklike deel van elke sessie, en gedurende hierdie laaste sessie van die jaar moet julle jul weer tot dieselfde proses verbind om te verseker dat julle heilige en nederige lewens lei.

VAS/FEESVIER

Julle wil dalk vir 'n gedeelte van die wegbreek vas, of julle tyd saam rondom etes deurbring waar julle saam bymekaar is en besprekings kan voer. Daar is geen regte of verkeerde manier om dit te doen nie – al wat saak maak, is dat dit julle help om die doelwitte van die wegbreek te bereik.

AKTIWITEITE

Julle wil dalk saam 'n aktiwiteit beplan – julle kan dalk saam wegbreek in die natuur, saam gaan stap of toewydingsaktiwiteite gedurende hierdie tyd hê. As julle in 'n meer voorstedelike omgewing gebaseer is, kan julle saam 'n kunsgalery besoek en ook toewydingsaktiwiteite hê en die kuns gebruik as stimulus vir nadenke en toewyding.

Julle kan dit dalk ook geniet om net iets prettig saam te doen – 'n spanaktiwiteit, sport, vermaak, ens. Hetsy dit gemeenskap is om toewyding aan te moedig of gemeenskap is om mekaar se geselskap te geniet en in julle verhouding met mekaar te groei, belê in gehaltetyd saam met mekaar.

VOLGENDE STAPPE

Die eerste jaar van Advance is afgehandel. Voor julle die jaar (en die wegbreek) afsluit, moet julle kyk na wat volgende kom vir hierdie groep en die nuwe groepe wat vanuit hierdie groep sal ontstaan.

HIERDIE GROEP

Skep 'n geleentheid waar die groeplede kan deel hoe hulle die Advance-groep ervaar het. Deel terugvoer oor hoe julle gegroei en ontwikkel het

en dink oor wat die belangrikste ding is wat julle vanjaar geleer het. Moedig mekaar aan in hierdie dinge.

As julle jul nie reeds daartoe verbind het om met die groep voort te gaan nie, vra almal of hulle wil voortgaan en gee aan hulle die geleentheid om aan die groep te onttrek as hulle wil/ moet. As julle genoeg mense het om die reis saam voort te sit, skep 'n verwagting oor wat julle in die komende maande saam gaan doen (watter nuwe hulpbron julle gaan gebruik, of die byeenkomstye dieselfde gaan bly, ens.). Bid en dank die Here vir die eerste jaar van Advance en dra dit wat voorlê ook aan die Here op.

NUWE GROEPE

Dit sal ook die moeite werd wees om te gesels oor die nuwe groepe wat sedert die laaste sessie ontstaan het. Vra hoe almal daarmee vorder om groeplede vir hulle nuwe groep te kry indien hulle met een gaan begin en bid vir die nuwe groepe.

Hoe jy ook al jou wegbreek aanbied, bly gefokus op Advance se kernwaardes, dink na oor die reis waarop julle as groep was, dank vir Here vir die groei en vrugte wat julle beleef en dra die toekoms aan God op.

BONUSSESSIES EN HULPBRONNE

BONUSSESSIES EN HULPBRONNE: GESPREKSEVANGELISASIE

Hierdie sessie ondersoek die belangrikheid daarvan om elke geleentheid raak te sien en te benut om die goeie nuus te deel, nie net dié wat aan jou gebied word vanaf 'n verhoog of kansel nie.

DIE SESSIE IN EEN SIN

Die meerderheid evangelistiese dialoog in die wêreld vind tussen mense plaas deur gesprekke, en daarom moet ons voorbereid wees om die evangelie duidelik te deel tydens elke geleentheid wat die Here verskaf, nie net wanneer ons die geleentheid het om dit van 'n verhoog af te preek nie.

SESSIE-AGTERGROND

Ons voer elke dag gesprekke. Baie van hierdie gesprekke is van aangesig tot aangesig, maar te danke aan die tegnologie kan ons nou intyds en op verskillende maniere met mense regoor die wêreld kommunikeer. Alhoewel hierdie digitaal-gebaseerde gesprekke nie noodwendig soveel persoonlike verbintenis het soos 'n ontmoeting van aangesig tot aangesig in dieselfde vertrek nie, het dit 'n normale en uiters waardevolle manier geword om met vriende en vreemdelinge kontak te maak.

Om van 'n verhoog af te preek, laat gewoonlik nie baie ruimte vir dialoog nie. Dit lyk dikwels asof ons ons boodskap verkondig en dan hoop dat die wortel skiet in ons luisteraars se harte. Maar tydens 'n gesprek is daar tyd om vrae te vra, om 'n verhouding te bou en om te luister. Soms kan die eenrigtingboodskap wat van 'n verhoog af gehoor word uit die staanspoor verwerp word, terwyl persoonlike dialoog 'n groter geleentheid bied om die luisteraar se bekommernisse meer spesifiek en direk aan te spreek.

Nie alle verkondiging van die evangelie geskied vanaf 'n verhoog nie. Om die waarheid te sê, daar is in die evangelies meer voorbeelde van Jesus wat op interpersoonlike wyse met mense praat as wat Hy vir die skares gepreek het. “Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?” het Jesus vir Bartimeus gevra (Markus 10:51). “Dat ek kan sien”, is die eenvoudige antwoord wat sy behoefte onthul sowel as sy oortuiging dat Jesus die krag het om genesing te bring. Hierdie een-tot-een-ontmoeting bevat geen eksplisiete verduideliking van die evangelie nie, maar tog gee dit aan Jesus die geleentheid om die soeker se behoefte te ontdek en daaraan te voldoen, om te beweeg van blindheid na volgelingskap.

Selfs Filippus, die een Bybelfiguur wat spesifiek die titel “evangelis” gehad het, word deur die engel van die Here opdrag gegee om een tot een vir die ontmande Etiopiër te bedien tussen sy groot preekmissies deur (Handelinge 8:26-40). Vir die meerderheid van Jesus se volgelingen sal die verkondiging van die evangelie plaasvind deur persoonlike gesprekke met familieleden, vriende, kollegas of selfs vreemdelinge. Die bedieningshoogtepunte wat ons in die Nuwe Testament aantref, wys hoe Jesus en die eerste evangeliste ten volle daarop voorbereid was om die goeie nuus met sowel die skares en met individue te deel. Die vraag is nou, is ons ook?

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (10–20 MINUTE)

Bestee tyd daaraan om almal se nuus te hoor, stories en bemoediging te deel, sowel as terugvoer oor geleenthede en enigiets anders wat die groep kan bemoedig. In kleiner groepe, vra elke persoon om een oorwinning en een worsteling te deel wat hulle sedert die laaste byeenkoms beleef het. Vir groter groepe, kies

vier of vyf mense om spesifieke getuienis te deel wat sedert die laaste byeenkoms gebeur het.

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies – hetsy positief of uitdagend – wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (30–40 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

- ‘Op daardie oomblik het sy dissipels
- teruggekom. Hulle was verstom dat Jesus
- besig was om met 'n vrou te praat. Nietemin
- het niemand haar gevra: “Wat wil jy nou
- eintlik hê?” of vir Hom: “Waarom knoop U
- 'n gesprek met haar aan?” nie. Die vrou het
- haar waterkruik net daar gelos, na die dorp
- toe gegaan en vir die mense gesê: “Kom kyk
- self – 'n man het my alles vertel wat ek al
- gedoen het. Is hy nie dalk die Messias nie?”
- Die inwoners het toe van die dorp af na
- Jesus toe begin stroom’

JOHANNES 4:27-30

Wanneer laas het jy met 'n vriend wat nog nie 'n Christen is nie oor jou geloof gepraat? Wat van 'n totale vreemdeling? Vir baie predikende evangeliste is interpersoonlike getuienis nogal uitdagend. Gee hulle 'n mikrofoon en 'n verhoog en hulle kan heeldag lank preek, maar wanneer hulle deur die Heilige Gees gepor word om met 'n vreemdeling in 'n koffiewinkel te praat, kan dit 'n heel ander storie wees.

Vraag: Waarom sukkel party mense wat moedig van 'n verhoog af kan preek met een-tot-een-ontmoetings? Floeer jy of sukkel jy in 'n een-tot-een-situasie?

Jesus stel in individuele lewens belang. Alhoewel Hy baie tyd daaraan bestee het om vir die skares te preek, vertel die Nuwe Testament dat Hy net soveel tyd daaraan bestee het om een-tot-een-gesprekke te hê met mense wat Hy op sy bedieningsreise ontmoet het en party

wat Hom doelbewus kom opsoek het. Hetsy Hy vir skares gepreek het wat gretig was om sy boodskap te hoor, vir ontstelde godsdienstiges wat Hom probeer uitvang het of vir 'n wye verskeidenheid individue – die rykes en die armes, manlik en vroulik, siek en gesond – godsdienstig of nie godsdienstig nie – dit lyk asof Jesus se boodskap ewe gemaklik aan almal gekommunikeer het.

In die verhaal van hoe Jesus die Samaritaanse vrou in Johannes 4 ontmoet, is daar 'n aantal belangrike dinge waarop ons moet let:

1. WEES GEREED VIR DIE ONTMOETING

Vir die Samaritaanse vrou was hierdie ontmoeting heeltemal onverwags – en moontlik onvanpas – maar Jesus is gereed om met haar te praat en inisieer die gesprek vanuit sy fisiese behoefte aan water. Hoeveel gesprekke kan geïnisieer word vanuit 'n eenvoudige behoefte of omstandigheid in ons lewens? Die loodgieter wat na jou huis toe kom om die stort reg te maak? Die barista wat vir jou koffie maak? Die dokter wat vir jou 'n uitdagende diagnose gee? Dit is alles geleenthede rondom ons vir ons om te praat, en alhoewel die ontmoeting dalk onverwags kan wees vir die “soeker”, moet ons altyd gereed wees om die hoop aan te bied wat ons in Jesus het (selfs wanneer ons moeg is, soos Jesus seer sekerlik in hierdie geval was).

2. WEES PERSOONLIK EN POSITIEF

Een van die mooiste dinge omtrent hierdie ontmoeting is hoe Jesus die Samaritaanse vrou behandel: met vriendelikheid, sensitiwiteit en medelye. Die natuurlike manier waarop Hy haar by die gesprek betrek, die persoonlike aanknopingspunte wat Hy met haar lewe maak, en die medelye waarmee Hy die waarheid aan haar openbaar, is alles inspirerende maniere van hoe om 'n positiewe gesprek te voer..

3. LUISTER GOED

Dit is onvermydelik dat mense vrae sal hê oor dit wat ons glo. Maar in plaas daarvan om deur hierdie vrae onkant gevang te word, moet ons goed luister en dan, waar moontlik, opregte antwoorde gee. Dit sal dikwels behels dat ons ook vrae sal vra – nes Jesus ook met die Samaritaanse vrou gedoen het. Vrae nooi mense om na te dink oor die idees wat ons aanbied (en ook oor hulle eie idees na te dink), eerder as om

net dit wat ons vir hulle aanbied eensklaps te aanvaar. Jesus het tydens sy evangelisasie vroe meesterlik gebruik en mense gekonfronteer met die swakhede van hulle eie wêreldsienings en dan die waarheid in die plek daarvan aan te bied.

4. BEWEEG VAN MISVERSTAND NA OPENBARING

Aanvanklik verstaan die vrou vir Jesus verkeerd (vers 11), maar Jesus volhard in die gesprek en gee vir haar 'n volledige raamwerk waarop sy haar verstaan kan bou, tot sy 'n oomblik van openbaring beleef. Misverstande en waninterpretasie is deel van menslike dialoog. Moenie panikerig raak nie, volhard. Hou aan om brûe te bou totdat dit duidelik is wat jy probeer sê – dit is al waarvoor jy verantwoordelik is. Dit is die Gees van God wat 'n eenvoudige verstaan sal verander in ware openbaring.

5. HOU DIE FOKUS BY DIE HOOFSAAK

Jesus se aandag sou maklik afgetrek kon geraak het deur politieke en kulturele gesprekke toe die vrou besorgdheid getoon het oor die geskiktheid van sy versoek aan haar vir water. In plaas daarvan het Hy seker gemaak om die fokus te hou by die hoofsaak sodat die gesprek oor die evangelie voortgesit kon word. Dikwels is daar in gespreksevangelasie geleenthede vir jou aandag om afgetrek te word, maar ons doel (selfs al moet ons 'n paar ompaaie volg om daar uit te kom) is om die kruis van Christus sentraal te hou tot die dialoog.

6. HERKEN POTENSIAAL

Die persoon voor jou het die potensiaal om sowel die evangelie te ontvang en 'n getuie van die evangelie te word. Diegene wat die onlangsste 'n ontmoeting met God gehad het, is dikwels die oortuigendste evangeliste. Albei hierdie dinge behoort ons uit te daag – dat ons nooit die aansteeklike vreugde van ons verlossing moet verloor nie – en ons inspireer – sodat diegene teenoor wie ons getuig onmiddellike effektiewe en aantreklike getuies vir Christus sal wees.

Alhoewel nie almal dalk 'n verhoog het van waar hulle kan preek (of selfs die roeping en gawes het om 'n “predikende” evangelis te wees nie), word ons almal geroep om betrokke te raak by evangelisasie. Die meerderheid evangelistiese

gesprekke in die wêreld vind op interpersoonlike wyse plaas deur gesprekke – individuele gelowiges wat met individuele soekers praat. Jesus en sy volgelinge was verbind tot hierdie vorm van uitreik en ons moet ook wees.

BESPREKING (20 MINUTE)

Ondersoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Waarom is dit so belangrik om te luister wanneer ons met mense oor ons geloof praat?
- Hoe kan gespreksevangelasie verander afhangend van of die persoon 'n vriend of 'n vreemdeling is?
- Hoe kan jy meer doelbewus geleenthede soek vir persoonlike getuies?
- Hoe kan jy diegene bemoedig en ondersteun wat sukkel met persoonlike getuies?

• 'Ons worstelinge in evangelisasie gaan nie in die eerste plek oor metodologie nie, maar oor wasdom. Het ons 'n hart vir God en gee ons om oor die dinge wat God voor omgee (verlore mense)? As ons God se hart het, sal ons alles moontlik doen om sy koninkryksdoelwitte te bevorder in elke gesprek wat ons met nie-gelowige vriende het.'

• **NORMAN EN DAVID GEISLER**

TOEPASSING (5 MINUTE)

Praat hierdie week met iemand oor jou geloof as deel van jou normale lewe – nie deur 'n bedieningsgeleentheid of 'n optrede as spreker nie. Vra hulle in 'n alledaagse gesprek of hulle enige vroe het oor jou geloof en maak seker hulle weet dat jy met graagte daarvoor sal gesels, of vra hulle 'n vraag oor wie hulle dink Jesus is en kyk waarheen dit lei.

GEBED

Bid dat die Here jou sal help om elke dag die potensiaal rondom jou beter raak te sien om sy hoop met ander te deel. Dank Hom daarvoor

dat Hy hierdie geleentheid voor jou plaas en dat Hy Hom daarin verheug om jou deel te maak van wat Hy in die wêreld doen. Bid vir diegene wat sukkel met een-tot-een-ontmoetings – dat die Here hulle sal help om enige vrees en benoudheid te oorkom en dat ons mekaar sal aanmoedig op ons pad.

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorme, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

BONUSSESSIE TWEE

APOLOGETIEK

Hierdie sessie kyk na die apologetiek-hulpmiddel en help ons identifiseer wat moet ons opskep ten opsigte van sommige van die dinge waaroor die wêreld wil praat, terwyl jy altyd steeds in staat is om die mense na die persoon van Jesus Christus te rig.

DIE SESSIE IN EEN SIN

Apologetiek is 'n evangelistiese hulpmiddel wat ons help om te reageer op vrae oor ons geloof en die evangelie te kan verdedig teenoor diegene wat daarteen beswaar aanteken.

SESSIE-AGTERGROND

Wanneer ons vrae gevra word oor ons geloof en die boodskap wat ons verkondig, is dit ons verantwoordelikheid om opregte antwoorde aan te bied wat op die waarheid van Jesus dui.

Christelike apologetiek word eenvoudig gedefinieer as “'n Verdediging van die Christelike geloof”. Apologetiek is nie 'n nuwe ontwikkeling in evangelisasie nie, maar kan teruggetrek word na die Bybel, vanuit die gebruik van die regsterm apologia in 1 Petrus 3:15 tot die konstruksie en lewering van Paulus se toespraak aan die Atheners in Handeling 17. Daar is meer as een verslag in die Bybel van 'n goed beredeneerde of kreatiewe aanbieding van die Christelike geloof in reaksie op vrae, bekommernisse en besware.

Die taak van apologetiek is nie om God geloofwaardig te maak nie, maar om mense in verbinding te bring met die waarheid en egtheid van die hoop wat ons het. Ons verdedig ons geloof sodat diegene wat dit bevraagteken die Here kan leer ken. Maar niemand word tot in die

koninkryk van God gestry nie – dit gebeur slegs deur sy reddende krag.

‘Apologetiek red nie, net Jesus Christus kan dit doen. Maar apologetiek kan – en moet – dien as 'n Johannes die Doper wat die paaie gelyk maak en roetes maak na die kruis van Christus.’

J.W. MONTGOMERY

Apologetiek kan reageer op pogings om Jesus op intellektuele of geestelike wyse van sy troon af te verwyder. Dit kan ook lei tot uitdagende dialoë, maar ons moet onthou dat, soos Chris Sinkonson skryf: “Dit is nie ons bedoeling om die beperkings van enige van Christus se mededingers te ontbloot nie”. Dit is nuttig om te onthou dat die gebruik van apologetiek nie net beperk is tot evangelisasie nie – dit kan ook in die kerk help as deel van dissipelskap en help om gelowiges in verbinding te bring met dieper waarheid omdat dit kan help om nie-gelowiges vir die eerste keer by die kruis uit te bring.

SESSIE-HANDLEIDING

STORIES (10–20 MINUTE)

In kleiner groepe, vra elke persoon om een oorwinning en een worsteling te deel wat hulle sedert die laaste byeenkoms beleef het. Vir groter groepe, kies vier of vyf mense om spesifieke getuienis te deel wat sedert die laaste byeenkoms gebeur het.

GEBED

Bid om hierdie tyd aan die Here te wy en vir enige situasies – hetsy positief of uitdagend – wat gedurende die Storie-tyd na vore kom.

LERING (30–40 MINUTE)

Werk op jou eie manier deur die volgende onderrigmateriaal, hetsy deur dit woord vir woord te lees of dit te herbewerk tot jou eie aanbieding.

• ‘Inteendeel, erken in julle harte Christus as die een wat seggenskap het. As julle dit doen, en iemand vra julle uit oor die hoop wat in julle leef, wees altyd reg om te reageer’

1 PETRUS 3:15, NLV5

Petrus doen 'n beroep op alle gelowiges om voorbereid te wees om 'n antwoord te gee vir enigiemand wat vra waarom ons die hoop het wat ons het. Ons moet dit 'n prioriteit maak om die evangelie duidelik te deel, maar wanneer vrae opduik, moet ons gereed wees om ons antwoorde sorgsaam en betekenisvol aan te bied.

Sommige van die mees grondslagvormende filosofiese vrae oor die lewe is ook vir die meeste mense die moeilikste om te beantwoord: “Waarom is ek hier?”, “Waar het ons vandaan gekom?” of “Wat is die betekenis van die lewe?” Jy kan dalk ook gevra word om jou sienings te deel oor wat die Christelike geloof te sê het oor aktuele kwessies soos seksualiteit, geslagsidentiteit, egskeiding of aborsie. Jy kan jouself dalk bevind dat jy probeer om tradisionele geloofsienings te verdedig teen 'n moderne, wetenskaplike verstaan – byvoorbeeld om die verhaal van God se skepping in Genesis te verdedig teen evolusionêre biologie. Ander vrae kan bewerings oor God se karakter ondersoek – soos hoe 'n goeie God lyding kan toelaat.

Vraag: Watter tipe geloofsvrae is jy in die verlede al gevra en hoe voorbereid het jy gevoel om sulke vrae te beantwoord?

Gelukkig kan apologetiek op sigself niemand red nie – anders sou die druk en verantwoordelikheid van verlossing berus op het die krag van ons argumente. Apologetiek kan dikwels 'n nuttige manier wees waarop ons iemand kan help om te beweeg van ongelooft na geloof, maar dit is God self wat vir die persoon

sal lewe gee wanneer hulle sy beroep hoor en daarop reageer deur ons getuienis.

Dink so daaraan: Ons staan saam met 'n ongelowige op 'n pad en aan die teenoorgestelde kant is Christus se leë kruis. Op pad is daar slaggate, hindernisse, mure, puin en skerp voorwerpe. Die kruis self is skaars sigbaar deur die waas van mis. Apologetiek is 'n manier waarop ons veilig met die pad langs kan reis, die puin kan wegvee, die slaggate kan opvul, die mure kan afbreek en die mis kan laat verdwyn. Ons uiteindelijke doel is om die persoon te help om nader aan die kruis te kom, want dit is waar hulle 'n ontmoeting met die opgestane Jesus sal hê. Apologetiek dien vir die nog-nie-gelowige net as 'n manier om ruimte te skep vir 'n ontmoeting met Jesus.

Hier is vier goed wat ons in gedagte moet hou vir suksesvolle gesprekke oor die apologetiek:

1. WEES GEMOEID MET DIE KRAG VAN VOORBEREIDING

Vir sommige mense, soos bekende apologete Rav Zacharias, William Lane Craig en John Lennox sal apologetiek die sentrale fokus raak van hulle evangelistiese uitreike – en daarom sal die bestudering van teologie, filosofie, die wetenskappe, geskiedenis, aktuele sake, wêreldgodsdienste en ander onderwerpe 'n noodsaaklike dieet word. Vir ander sal 'n bereidheid om gemoeid te raak met onderwerpe soos ons dit in die wêreld en in gesprekke teëkom, slim wees, veral wanneer ons weet dat een van ons vriende 'n spesifieke bekommernis of kwessie het. Dan praat ons nie eens van ons normale verbintenis daartoe om daagliks die Woord van God te bestudeer en te groei in ons verstaan van Hom en die waarheid wat dit openbaar nie.

2. VERBIND TOT DIE KRAG VAN GEBED

Soos met alle vorms van evangelisasie is gebed noodsaaklik. Wanneer dit by apologetiek kom, moet ons die Here vra om ons te help om vrae met vriendelikheid en respek te beantwoord.

3. HERKEN DIE KRAG VAN NEDERIGHEID

Arrogansie en aggressiwiteit is onbehelpsamer en onaantreklike eienskappe. Om met oortuiging op 'n vraag te reageer, beteken nie dat ons van nederigheid moet vergeet nie, en

nederigheid beteken dat ons bereid is om te aanvaar dat ons nie alles weet nie. Soms is om bloot te sê, "Goeie vraag. Ek weet nie hoe om dit te antwoord nie", die beste antwoord wat ons kan gee.

4. MAAK GEBRUIK VAN DIE KRAG VAN 'N VRAAG

Om mense te laat weet dat hulle toestemming het om vir jou vrae te vra en dat jy dit met graagte sal probeer beantwoord sonder om aanstoot te neem, kan wonderlike geleenthede skep vir dialoog – veral met diegene wat graag vrae wil vra, maar dalk bang is dat jy sal aanstoot neem. Jy moet ook nie bang wees om self vrae te vra nie: dialoog is nie 'n eenrigtingstraat nie. Ons moet nie op onverskillige wyse probeer om iemand op die agtervoet te plaas nie, maar moet versigtig die tekortkominge in hulle vooropgesette menings uitwys. Jesus het daarvan gehou om vrae te vra terwyl Hy bedien het en Hy het beduidend meer vrae gevra as wat Hy geantwoord het!

Niemand is al ooit tot in die koninkryk van God geargumenteer nie of het 'n volgeling van Jesus geword bloot omdat hulle 'n debat verloor het nie. Maar vriendelike en beleefde apologetiek-dialoog kan help om mense 'n bietjie verder met die pad na die kruis langs te laat beweeg.

BESPREKING (20 MINUTE)

Ondersoek die volgende vrae en/of die aanhaling vir bespreking:

- Waarom is dit belangrik om mense se vrae ernstig op te neem?
- Wat is die beperkings van apologetiek?
- Voel jy toegerus om vrae te beantwoord wat opduik terwyl jy die evangelie deel?
- Hoe kan apologetiek-studie 'n vorm van aanbidding wees?

- 'Apologetiek is 'n hulpbron: dit hang van die apologete af om dit in verband te bring met die lewens van regte mense in die moderne wêreld. Sonder hierdie verbande bly teorieë net teorieë, abstrakte idees bly in die lug

- hang en is nie gebaseer op die realiteite van die lewe nie.'
- **ALISTAIR MCGRATH**

TOEPASSING (5 MINUTE)

Dink deur 'n paar van hierdie algemene vrae oor die Christelike geloof en ondersoek hoe jy iemand se reis kan aanhelp vanaf hulle aanvanklike vraag tot by die kruis van Christus.

- Wie het vir God gemaak?
- Het wetenskap nie Christenskap weerlê nie?
- Wat van die oerknalteorie en evolusie?
- As God goed is, waarom laat Hy lyding in die wêreld toe?
- Is die Bybel nie vol foute en teenstrydighede nie?
- As God werklik bestaan, waarom wys Hy Homself nie net aan die wêreld nie?
- Daar is nie so iets soos absolute waarheid nie, so waarom kan ons nie almal net glo wat ons wil nie?
- Ek is 'n goeie mens ... waarom sal God my hel toe stuur net omdat ek nie glo dat Hy bestaan nie?
- Waarom Christenskap en nie 'n ander geloof nie?
- Glo jy regtig in wonderwerke?

GEBED

Bid saam vir die wysheid van die hemel terwyl julle probeer om die wêreld se vrae en kwessies in nederigheid en in liefde te beantwoord terwyl julle God met integriteit en moed verteenwoordig. Bid vir onbevooroordeeldheid en ontvanklike harte en dank die Here dat alhoewel daar grondige en beredeneerde antwoorde is om te deel, die Here se reddende werk nie uiteindelik afhanklik is van ons vermoë om uitdagende vrae suksesvol te kan beantwoord nie.

VERANTWOORDBAARHEID (15 MINUTE)

Voltooi verantwoordbaarheidsvorme, deel dit in pare of kleiner groepe en bid vir mekaar.

BYLAE: GELOOFSLEER

Jy is nie 'n ongeluk nie. Jy is geskep deur en na die beeld van die volmaakte en liefdevolle God (Vader, Gees, Seun) wat die bron en handhawer van lewe is (Genesis 1).

Almal het God verwerp (gesondig) deur ons eie weg in te slaan, in plaas daarvan om in gehoorsaamheid aan ons Skepper te leef. Dit is waarom die wêreld gebroke en vol lyding is. Hierdie onreg bedroef die Here wat nie sonde as onbelangrik afmaak deur dit te ignoreer of te verskoon nie, maar wat op regverdige wyse diegene straf wat sondig (Romeine 3:23).

Ons is magteloos om self dinge reg te stel nadat ons teen God gerebelleer het en 'n verraderlike daad gepleeg het teen die Koning van die heelal. Verwerping van God is verwerping van die lewe. Ons word gelaat met die ewige dood, die natuurlike produk van ons verwerping van die lewe en van God se straf (heilige geregtigheid) omdat ons nie aan sy norme voldoen het om reg te leef nie (Romeine 6:23).

Maar die Here verlang dat nie een van ons die dood sal ken nie, want Hy is liefde en wil 'n ewige verhouding met ons, sy geliefde kinders, hê. Die Here het goedgunstiglik 'n reddingsmissie van stapel gestuur om ons te red (1 Timoteus 2:4-6).

God het sy Seun, Jesus Christus, na die wêreld gestuur as 'n mens, om die volmaakte menslike lewe te lei wat nooit die Vader verwerp het nie. Jesus is doodgemaak aan die kruis, het opgetree as ons plaasvervanger en het die dood op Hom geneem wat ons verdien het vir ons verwerping van God (Johannes 3:16; Romeine 3:23-25).

Drie dae later het Jesus opgestaan uit die dood en gewys dat die vloek van die dood verbreek is. Nuwe lewe is moontlik, slegs deur vertrou in Jesus Christus en die soek van vergifnis van sonde (Spreek 28:13; Efesiërs 2:1-10; Johannes 1:7-9).

Deur Jesus se dood en opstanding is versoening, verlossing en gerusstelling bereik en is die bose verslaan. Ons sonde is aan Jesus toegeskryf en sy geregtigheid is aan ons toegeskryf (toegerekende regskeptheid). Die enigste vereiste van ons kant af vir hierdie transaksie om in werking te tree, is dat ons op Jesus vertrou as Here (geloof) en glo dat God Hom uit die dood opgewek het. Ons word slegs deur geloof gered (Matteus 20:28; Romeine 10:9; 2 Korintiërs 5:18-21; Johannes 12:31; Kolossense 2:15).

Ons het nou toegang tot 'n herstelde verhouding met ons Hemelse Vader. Ons het vrede en ons is aangeneem in sy familie. Ons het gesterf aan ons ou lewe en is wedergebore in 'n nuwe lewe (Lukas 9:23; Kolossense 1:20, 2:13-14; Romeine 5:1-2; Galasiërs 4:4-7).

Jesus het opgevaar na die Hemel, waar Hy aan die regterhand van sy Vader regeer, maar Hy het aan gelowiges die geskenk van die Heilige Gees gegee om ons te bemagtig om in gehoorsaamheid in die volheid van die lewe te leef, en om ons te help om sy goeie nuus met die wêreld te deel. Ons het nuwe skeppings – dissipels – geword wat herskep is deur die werk van die Gees in ons lewens wat lei tot vrugbaarheid. Ons werk as God se ambassadeurs in die wêreld en verteenwoordig die koninkryk van vrede en dien as getuies van die waarheid van die Jesus-verhaal in woord en daad (Miga 6:8; Handeling 1:8; 2 Korintiërs 5:11-21; Galasiërs 5:22-23).

Eendag sal Jesus terugkeer om te oordeel oor die lewendes en die dooies. God se volmaakte koninkryk sal herstel word en ewige lewe saam met ons liefdevolle Vader wag op diegene wat op Jesus as Here vertrou. Ewige dood (hel) wag op diegene wat nie glo nie. Die goeie nuus is dat niemand vir ewig hoef te vergaan nie; almal kan ewige lewe en vreugde in verhouding met God ken deur geloof in Jesus Christus (1 Korintiërs 15; Openbaring 21:3-8, 22:1-5).

BYLAE: DIE EVANGELIE- VERHAAL

Voor alles ontstaan het, het God in volmaakte verhouding geleef met Homself, Vader, Gees, Seun. God het die wêreld geskep en dit was baie goed en Hy het 'n unieke verhouding met die mensdom gehad. Ons is geskep vir volmaakte lewe saam met Hom, die Koning van die heelal, en die lewe self! Maar die Here het nie die mensdom gedwing om vir Hom lief te wees nie, Hy het ons self laat kies. Met hierdie vrye wil het die mensdom gekies om hulle eie weg in te slaan, om God te verwerp.

Om die Koning van die heelal te verwerp, is verraad sonder weerga, rebellie teen die lewe self. Dood, lyding en pyn het die wêreld binnegekom. Die mensdom het hulself verdoem tot skeiding van hulle volmaakte hemelse Vader en daar was geen terugkomkans nie. God kon nie die rebellie verskoon nie, want daar sou geen geregtigheid in so 'n daad wees nie. 'n Billike en regverdige God moet vereis dat 'n boete betaal word vir die oortredings wat gepleeg is. Die straf vir rebellie teen die lewe is dood.

Maar God het die wêreld so liefgehad dat Hy 'n plan geïnisieer het om die mensdom te red van die dood – om dit vir ons moontlik te maak om vir altyd die volheid van sy lewe en liefde te ken. God het sy Seun Jesus na die wêreld gestuur om die volmaakte menslike lewe te lei, 'n lewe wat nooit gerebelleer het en skuldig was aan enige oortreding teen God nie.

Jesus het gewillig aan 'n kruis gesterf om die straf van die dood wat die mensdom verdien het vir hul rebellie op Hom te neem en het so ons plaasvervanger geword. Drie dae later het Hy weer opgestaan uit die dood, want Hy is God en die dood kan Hom nie vashou nie. Op daardie oomblik het dit vir die mensdom moontlik geword om nie net vergifnis te ontvang vir ons rebellie teen God nie, maar om te deel in die nuwe en ewige lewe wat Jesus moontlik gemaak het. Die vloek van die dood is verbreek.

Al wat ons moet doen, is om te glo dat Jesus is wie Hy sê Hy is – die gekruisigde en opgestane Verlosser van die wêreld, die Koning van die

heelal – en kies om Hom Heer oor ons lewens te maak. Daar is verlossing en lewe vir almal wat op Hom vertrou en die bemagtiging van sy Heilige Gees stel ons in staat om die tipe lewens te lei waarvoor ons geskep is: lewens wat die beeld van God openbaar sodat almal ware lewe kan ken. Deur ons vertrou in Jesus te stel, sterf ons aan ons ou lewe en word ons wedergebore in nuwe lewe. Eendag sal Jesus terugkeer en sy volmaakte koninkryk sal herstel word. Almal wat op Hom vertrou, sal vir ewig leef in sy koninkryk en daarom is ons geroep en genoop om God se liefde met die wêreld te deel sodat almal hierdie ewige hoop kan ken.

BYLAE:

VOORBEELD VAN TIENMINUUT LANGE EVANGELISASIE-PRAATJIE VIR DIE JEUG

EEN: JY IS NIE 'N ONGELUK NIE!

Soveel mense gaan deur die lewe en dink dat hulle kosmiese ongelukke is, dat hulle hier is omdat die heelal net vanuit niks uit tot stand gekom het en dat ons op die een of ander manier 'n paar biljoen jaar later hier opgedaag het. Maar dit maak nie sin nie, en dit gee ook nie enige hoop van wat die lewe kan beteken nie!

Die Bybel sê dat die Here nog altyd bestaan het en die wêreld geskep het vanuit 'n begeerte om sy liefde te deel met sy skepping – die mensdom.

Dus, jy is nie 'n ongeluk nie – jy is God se skepping, jy is geliefd en jy het 'n doel.

TWEE: JY SNAP NIE WAAROM DIE LEWE GAAN NIE!

Die probleem is dat wanneer mense nie weet dat God hulle geskep het en hulle lief het nie, hulle nog nie gesnap het waarom die lewe gaan nie. Om die Here te ken, beteken om die lewe te lei soos dit bedoel is om geleef te word – in 'n vriendskap met ons skepper, in verhouding met 'n liefdevolle, vriendelike, genadige, welwillende, geduldige en wyse God. Die Bybel verwys na God as 'n volmaakte vader wat goeie dinge vir sy kinders wil hê – dit is ek en jy!

Om nie vir God te ken nie, is soos om op die veld te hardloop tydens 'n Wêreldbeker-eindstryd, maar nie enige doelpale op te rig nie ... niemand sal 'n doel kan skop nie en niemand sal die trofee kan wen nie – dit sal sinloos wees.

DRIE: JY KAN 'N VOL LEWE KEN!

Die grootste probleem as 'n mens nie snap waarom die lewe met God gaan nie, is nie net dat ons die beste dinge van die lewe misloop nie, maar dat ons inderwaarheid die koning en skepper van die heelal verwerp en ons rug op Hom draai. Die Bybel sê dat wanneer ons die lewe wegwys wat die Here vir ons het, slegte dinge in die wêreld sal inkom omdat ons dink dat ons beter weet hoe om hierdie lewe te lei as die Een wat ons geskep het. Die Bybel noem dit sonde, maar dit is dalk makliker om daaraan te dink as selfsug. Ons kies ons eie weg in plaas van God se weg. Ons sê: “Haai God, ek is beter as U. Ek weet meer as U. Ek het U nie nodig nie.” Ons hoef net die nuus aan te skakel om te sien in hoe 'n groot gemors die wêreld is waarin ons woon en dit is die gevolg van mense wat nie snap waarom die lewe gaan nie, wat vir hulself lewe in plaas van vir hulle liefdevolle Vader, God.

Hierdie verwerping bring 'n skeiding tussen ons en God, wanneer ons teen die Here draai wat vir ons lewe gee, bly daar net dood vir ons oor.

Maar die Here wil nie hê ons moet sterf nie. Die Bybel sê vir ons dat God Jesus na die wêreld gestuur het – God in menslike vorm – om 'n volmaakte lewe te lei wat wys hoe ons voluit kan lewe. Wanneer ons God verwerp, is daar 'n straf wat ons toekom, soos wanneer jy detensie kry omdat jy die reëls breek by die skool.

Jesus het op simboliese wyse aan 'n kruis gesterf om die dood op Hom te neem wat ons almal kies wanneer ons God verwerp, om ons straf op Hom te neem – ons detensie.

Drie dae later het Hy opgestaan uit die dood – Hy is immers God, die dood kan Hom nie stuit nie! – om simbolies te wys dat wanneer ons vir

God jammer sê dat ons Hom verwerp het, en dan ons vertrou in Hom stel, ons weer nuwe lewe kan kry en die lewe voluit kan leef!

VIER: WIE SIT IN DIE BESTUURSITPLEK VAN IN JOU LEWE?

Wie kyk The Big Bang Theory? In die program het Sheldon 'n sitplek op sy rusbank waar niemand anders mag sit nie – dit is sy plek! Ons raak so oor ons lewens: ons sê: “Haai God, jy kan nie in die bestuursitplek van my lewe sit nie. Ek wil in beheer wees!” Maar die Here het ons so lief dat Hy wil hê dat ons die ware lewe moet ken wat Hy vir ons geskep het, dat Hy ons wil help, dat Hy ons wil lei, dat Hy wil sit waar Hy hoort, in die bestuursitplek van ons lewens.

Soveel van ons is verward oor waarom die lewe gaan. Ons sukkel met depressie, ons doen onself kwaad aan, ons het eetversteurings, ons is nie tevrede met wat ons in die spieël sien nie, ons dink nie ons gaan enigiets bereik nie, ons is ongelukkig en gestres ...

Die Here sê: “Jy snap nie waarom die lewe gaan nie. Draai terug na My toe, sê jammer dat jy My verwerp het en Ek sal jou vergewe. Stel jou vertrou in My en Ek sal jou vir jou 'n vol lewe – ware lewe – wys en jy sal nooit dood ervaar nie.”

Jy is nie 'n ongeluk nie. Jy is geliefd. God al jou nie dwing om jou vertrou in Hom te stel nie, kies dit self – draai terug na God toe en leer ken ware lewe.

BYLAE: EVANGELISASIE-METODES

DIE VIER GEESTELIKE WETTE

4laws.com

Bill Bright se klassieke verduideliking van die basiese beginsels van die evangelie..

THE4POINTS

the4points.com

'n Jeug-gebaseerde weergawe van die vier geestelike wette..

DIE DRIE SIRKELS

Verskeie YouTube-voorbeelde

'n Kort en eenvoudige verduideliking van die evangelie wat ontwerp is om herhaal te kan word deur enigiemand wat dit leer.

AANBEVOLE LEESWERK

DIE EVANGELIE EN EVANGELISASIE

Mark Dever, The Gospel and Personal Evangelism (Crossway: Wheaton, Illinois, 2007)

Will Metzger, Tell The Truth (IVP: Downers Grove, Illinois, 4de uitgawe, 2012)

Ben Jack, The Simple Gospel (The Message Trust: Manchester, 2018)

Rico Tice, Honest Evangelism (The Good Book Company: Londen, 2015)

J.I. Packer, Evangelism and the Sovereignty of God (IVP: Londen, Herdrukke uitgawe, 2012)

Andy Hawthorne, Here I Am: Joining God's Adventurous Call To Love The World (David C. Cook: Colorado Springs, 2019)

Tom Wright, Simply Good News (SPCK: Londen, 2015)

R.T. Kendall, Whatever Happened To The Gospel? (Charisma House: Lake Mary, Florida, 2018)

Robert E. Coleman, The Masterplan of Evangelism (Baker: Grand Rapids, MI, 1963)

David Watson, I Believe In Evangelism (Hodder and Stoughton: Londen, 1976) (tans uit druk, maar billike tweedehandse kopieë is beskikbaar deur Amazon Marketplace)

BASIESE CHRISTELIKE GELOOF EN INLEIDENDE TEOLOGIE

John Stott, Basic Christianity (IVP: Londen, 2013)

J.I. Packer, Concise Theology: A Guide To Historic Christian Beliefs (IVP: Londen, Heruitgereikte uitgawe, 2011)

Alistair McGrath, Christian Theology: an Introduction (Blackwell: Chichester, W. Sussex, 5de uitgawe, 2011)

Wayne Grudem, Systematic Theology: An Introduction To Biblical Theology (IVP: Londen, 1994)

DIE KRUIS EN DIE OPSTANDING

John Stott, The Cross of Christ (IVP: Londen, 1986)

D.A. Carson, Scandalous: The Cross and Resurrection of Jesus (IVP: Londen, 2010)

Derek Tidball, The Message of the Cross (The Bible Speaks Today) (IVP: Londen, 2001)

Paul Beasley-Murray, The Message of the Resurrection (The Bible Speaks Today) (IVP: Londen, 2000)

PREDIKING EN KOMMUNIKASIE

Tim Keller, Preaching: Communicating Faith in an Age of Skepticism (Hodder and Stoughton: Londen, 2015)

Carmine Gallo, Talk Like TED: The 9 Public Speaking Secrets of the World's Top Minds (Macmillan: Oxford, 2014)

APOLOGETIEK

C.S. Lewis, Mere Christianity (Harper Collins: Londen, 1952)

Alistair McGrath, Mere Apologetics: How to Help Seekers and Skeptics Find Faith (Baker: Grand Rapids, 2012)

J. Warner Wallace, Cold Case Christianity (David C. Cook: Colorado Springs, 2013)

Tim Keller, The Reason For God (Hodder & Stoughton: Londen, 2008)

Tim Keller, Making Sense of God (Hodder & Stoughton: Londen, 2016)

AANLYN HULPBRONNE

reasonablefaith.org

coldcasechristianity.com

apologetics315.com

DVD-/USB-HULPBRONNE

talkingjesus.org

Alpha.org

Dare2Share

VERANTWOORDBAARHEIDSVRAE

“Deursoek my, o God, en ken my hart ...” (Psalm 139:23, NLV)

Aanvaar mekaar (Romeine 15:7, NLV). **Bely** julle sondes eerlik teenoor mekaar ... (Jakobus 5:16, 1983-vertaling). **Praat mekaar moed** in en versterk mekaar ... (1 Tessalonisense 5:11).

KEY

- ✓ Goeie
- Aanvaarbaar
- ✗ Sleg

“Julle moet soos julle hemelse Vader wees. Hy het almal hier op die aarde lief. As julle ook vol liefde en respek optree teenoor almal met wie julle te doen kry, doen julle presies wat die wet van julle vra. Dan stap julle in julle hemelse Vader se voetspore. Dan is julle net soos Hy!” (Matteus 5:48, DB)

Hoe duidelik is my visie vir my lewe?	Hoe lyk my vriendskappe?
Hoe duidelik is my visie vir die werk waarby ek betrokke is?	Het ek gesonde verhoudings met diegene wat ek dien? (Portuurgroep, leiers, die teenoorgestelde geslag)
Geniet ek wat ek doen?	Hoe gesond is my reaksie daarop om honger, kwaad, alleen of moeg te wees?
Voel ek God se vreugde in wat ek doen?	Begeef ek my aan onvanpaste, begerige gedagtes?
Hoe passievol is ek?	Rus ek goed genoeg?
Jaag ek intimiteit met Jesus na?	Bestuur ek my tyd goed?
Maak ek genoeg tyd vir gebed?	Bring ek my vrye tyd op gesonde wyse deur?
Bestee ek genoeg tyd aan persoonlike Bybelstudie?	Behou ek 'n gesonde balans tussen kerk-, werk- en huislewe?
Het die Bybel vir my vandag lewe gekry?	Vorm en handhaaf ek verhoudings met nie-Christene?
Soek ek bewyse van God se krag in my lewe en my bediening?	Stel ek myself bloot aan seksueel-verlokkende materiaal?
Is Jesus vir my 'n werklikheid?	Is ek verslaan in enige deel van my lewe: jaloers, onrein, krities, geïrriteerd, liggeraak, wantrouig?
Is ek leerbaar en verantwoordbaar?	Bestuur ek my geld goed?
Ek is beskikbaar en toeganklik?	Kies ek om nie afgunstig te wees op ander mense nie?
Luister ek goed?	Kies ek om nie te mor en te kla nie?
Maak ek myself weerbaar vir ander?	Wandel ek met integriteit?
Lei ek met 'n dienaarshart?	Is ek beslis en vol vertroue?
Is ek betroubaar?	Is ek bereid om risiko's te neem?
Kom ek my beloftes na?	Stel ek doelwitte en bereik ek dit?
Behou ek 'n gesonde perspektief?	Is ek bereid om opofferings te maak?
Hanteer ek druk goed? (van mense, werk, omstandighede)	Behou ek my indringendheid?
Hoe is my gesondheid?	Beweeg ek in die krag van die Gees?
Slaap ek goed?	Hou ek vergifnis vir enigiemand terug?
Laat ek toe dat my gedagtes na onvanpaste onderwerpe dwaal?	Jaag ek vryheid van vernietigende patrone en dinge wat 'n houvas op my het na?
Onthou ek die siekes, die wat seer het en die behoeftiges?	
Is my gesin gelukkig?	

“Vertrou op die Here met alles wat jy het. Moenie staatmaak op jou eie insigte nie. Vra na die wil van God in alles wat jy doen. Hy sal die regte pad vir jou wys. Moenie jou eie wysheid oorskat nie. Hou eerder die Here voor oë en vermy wat sleg is.” (Spreuke 3:5-7, NLV)

**'SOOS ONSE IN DIE VIER EVANGELIES
EN HANDELINGE 1 LEES, WAS
JESUS SE LAASTE WOORDE
DAT ONSE IN DIE WÊRELD MOET
UITGAAN OM AAN ALMAL DIE
EVANGELIE TE VERKONDIG EN OM
SY GETUIES TE WEES. SEKERLIK
MOET EVANGELISASIE DAN ONSE
EERSTE PRIORITEIT WEES.'**

.....

**MICHAEL CASSIDY, AFRICAN ENTERPRISE
FOUNDER**

**DIE EVANGELIE.
DAAR IS GEEN PLAN B NIE.**



ADVANCEGROUPS.ORG

Stigtersvennote:



Plus nog baie ander bedienings, bewegings en denominasies wat saamwerk vir die evangelie deur Advance. Vind meer uit by advancegroups.org.